



This work is licensed under a [Creative Commons Attribution-NonCommercial-ShareAlike 4.0 International License](https://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/4.0/).

How to cite this thesis / dissertation (APA referencing method):

Surname, Initial(s). (Date). *Title of doctoral thesis* (Doctoral thesis). Retrieved from [http://scholar.ufs.ac.za/rest of thesis URL on KovsieScholar](http://scholar.ufs.ac.za/rest_of_thesis_URL_on_KovsieScholar)

Surname, Initial(s). (Date). *Title of master's dissertation* (Master's dissertation). Retrieved from [http://scholar.ufs.ac.za/rest of thesis URL on KovsieScholar](http://scholar.ufs.ac.za/rest_of_thesis_URL_on_KovsieScholar)

VERTAALBESLUIT EN TOESTANDE VAN ONSEKERHEID

deur

Hester Sophia Human

Verhandeling

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

DEPARTEMENT LINGUISTIEK EN TAALPRAKTYK

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

JANUARIE 2018

STUDIELEIER: PROF. KOBUS MARAIS

VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat die verhandeling wat ek hierby vir die graad Magister Artium by die Departement Linguistiek en Taalpraktyk aan die Universiteit van die Vrystaat indien, my selfstandige werk is, dat ek al my bronne erken het, en dat ek nie die werk voorheen vir 'n graad aan 'n ander universiteit of fakulteit ingedien het nie. Ek dra die kopiereg aan die Universiteit van die Vrystaat oor.



Handtekening

3 April 2018

Datum

Ek gee erkenning aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir finansiële ondersteuning vir die voltooiing van hierdie studie.

DANKBETUIGINGS

Aan my studieleier, Prof. Kobus Marais, wat presies geweet het hoeveel leiding om te gee, baie dankie vir die inspirasie en voorbeeld.

Aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, vir finansiële ondersteuning.

ABSTRACT

In view of globalisation, the development of technology and media, and contemporary demands made of cross-cultural knowledge transfer and communication, translation is, today more than ever before, an important activity. On a basic level translation involves the transfer of a message from one language to another; however, the process is neither simple nor straightforward. Translation is a specific example of human interaction, an activity characterised by series of decisions influenced by a variety of factors. The purpose of this study was to investigate how translators make decisions when they are confronted by uncertainty in a complex environment. The origins of complexity that causes uncertainty were investigated by means of a literature study. Data, in the form of autoethnographic narratives relating to examples of translation, text editing and interpreting briefs, were analysed with reference to the literature and two theoretical paradigms, namely, functionalism (*skopos*) and complexity thinking. Five characteristics of complex adaptive systems as proposed by the philosophy of complexity thinking were applied to the data, namely, the idea that complex adaptive systems, a) comprise heterogenous elements; b) are dynamic; c) do not behave in a linear fashion; d) are open systems; and e) are adaptive and characterised by emergence. The first conclusion arising from this analysis is that the contribution that functionalism can make to eliminating uncertainty is limited. Information about the purpose of a translation can reduce some of the translator's uncertainty, but could also cause other uncertainty. All the characteristics of complex adaptive systems, jointly and separately, can cause the translator to experience uncertainty. Because the source of the uncertainty is multidimensional, and due to the dynamic, emerging nature of the systems, translators have to adapt their strategies continuously as the environment changes. Another conclusion is that the role of translators is much more comprehensive, and the environment within which translators work, is much more complicated than people realise. If translators want to manage uncertainty in complex situations, they must be able to live with dynamic interaction, relative uncertainty, flexibility, paradox and alternating chaos and stability – the characteristics of complex adaptive systems.

Keywords: translation, interpreting, text editing, functionalism, complexity thinking, uncertainty, autoethnography

OPSOMMING

Gesien in die lig van globalisering, die ontwikkeling van tegnologie en die media, en hedendaagse eise wat aan kruiskulturele kennisoordrag en kommunikasie gestel word, is vertaling vandag, meer as ooit, 'n belangrike aktiwiteit. Op 'n basiese vlak behels vertaling die oordrag van 'n boodskap in een taal na 'n ander, maar die proses waardeur dit gebeur is allermens eenvoudig of voor die hand liggend. Vertaling, as 'n spesifieke voorbeeld van menslike interaksie, is 'n handeling wat deur 'n reeks besluite gekenmerk word, en wat deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed word. Die doel van hierdie studie was om te ondersoek hoe vertalers besluite neem wanneer hulle in 'n komplekse omgewing deur onsekerheid gekonfronteer word. Die bronne van kompleksiteit wat onsekerheid veroorsaak, is deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek. Data, in die vorm van voorbeelde van vertaal-, teksredigerings- en tolkopdragte, is deur middel van outo-etnografiese narratiewe aan die hand van die literatuur en elemente van twee teoretiese paradigmas, naamlik, funksionalisme (*skopos*) en kompleksiteitsdenke, ontleed. Vyf eienskappe van komplekse adaptiewe sisteme, soos deur die filosofie van kompleksiteitsdenke voorgestel, is op die data toegepas, naamlik, dat komplekse adaptiewe sisteme: a) bestaan uit heterogene elemente; b) dinamies is; c) se gedrag nie liniêr is nie; d) oop sisteme is; en e) adaptief is en deur ontspringing gekenmerk word. Die gevolgtrekkings van dié analise is, eerstens, dat die bydrae wat die funksionalistiese benadering kan maak om onsekerheid uit te skakel, beperk is. Inligting oor die vertalingsdoel kan wel sekere onsekerheid wat die vertaler ervaar, verminder, maar kan ook ander onsekerheid veroorsaak. Op hul beurt, veroorsaak elkeen van die eienskappe van komplekse adaptiewe sisteme gesamentlik en afsonderlik onsekerheid by die vertaler. Omdat die oorsprong van die onsekerheid veeldimensioneel is, en weens die dinamiese, ontspringende aard van die sisteme, moet vertalers voortdurend hulle strategieë aanpas namate die omgewing verander. Ek kom ook tot die gevolgtrekking dat die rol van vertalers baie meer omvattend is, en dat die omgewing waarbinne vertalers werk baie meer ingewikkeld is, as wat 'n mens besef. Indien vertalers die onsekerheid in komplekse situasies wil bestuur, moet hulle met dinamiese interaksie, relatiewe

onsekerheid, vloeibaarheid, paradoks en variasie tussen chaos en stabiliteit – die kenmerke van komplekse adaptiewe sisteme – kan saamleef.

Trefwoorde: vertaling, tolking, teksredigering, funksionalisme, kompleksiteitsdenke, onsekerheid, outo-etnografie

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	i
DANKBETUIGINGS.....	ii
ABSTRACT	iii
OPSOMMING	v
HOOFSTUK 1: INLEIDING EN AGTERGROND	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 TEORETIESE BEGRONDING	5
1.3 VERTALING AS 'n KOMPLEKSE AKTIWITEIT, GEKENMERK DEUR ONSEKERHEID	7
1.4 NAVORSINGSPROBLEEM EN -DOELWITTE	8
1.4.1 Navorsingsvraag	9
1.5 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE	10
1.6 ETIESE OORWEGINGS	11
1.7 GELDIGHEID EN VERALGEMENING.....	11
1.8 UITEENSETTING VAN DIE STUDIE	12
1.9 SLOT	13
HOOFSTUK 2: TEORETIESE BEGRONDING.....	14
2.1 INLEIDING	14
2.2 SLEUTELKONSEPTE VAN VERTALING IN HIERDIE STUDIE	16
2.3 DIE BENADERING VAN FUNKSIONALISME.....	19
2.3.1 Inleiding.....	19
2.3.2 Vertaling as doelbewuste handeling.....	20

2.3.3	Intratekstuele en intertekstuele koherensie	23
2.3.4	Kultuur en kultuurspesifisiteit.....	23
2.3.5	Ekwivalensie en geskiktheid.....	23
2.3.6	Teksklassifikasie en -funksies	24
2.3.7	Tipologie van vertaling: Dokumentêr of instrumenteel	26
2.3.8	Gevolgtrekking	26
2.4	KOMPLEKSITEITSDENKE.....	27
2.4.1	Inleiding.....	27
2.4.2	Tradisionele Westerse wetenskaplike denke en kompleksiteit.....	27
2.4.3	Aard van kompleksiteit	28
2.4.4	Komplekse adaptiewe sisteme en die eienskappe daarvan	29
2.4.5	Taal en vertaling as 'n komplekse adaptiewe sisteem	34
2.4.6	Gevolgtrekking	36
2.5	SLOT	37
HOOFSTUK 3: KONSEPTUALISERING VAN VERTALING AS 'n KOMPLEKSE		
VERSKYNSEL		
38		
3.1	INLEIDING	38
3.2	VERTALING AS KOMPLEKSE AKTIWITEIT	39
3.3	ONSEKERHEID TYDENS VERTALING	43
3.4	BESLUITNEMING	45
3.5	OORSAKE VAN ONSEKERHEID.....	47
3.5.1	Inleiding.....	47
3.5.2	Sosiolinguistiese verskille tussen bron- en doeltaal	48
3.5.3	Verhouding tussen taal en kultuur	49
3.5.4	Die aard van die teks.....	53
3.5.5	Doel of funksie van die vertaling	59
3.5.6	Pragmatiek	61

3.5.7	Vertaalnorme.....	62
3.5.8	Persoonlike veranderlikes in die vertaler.....	65
3.5.9	Praktiese oorwegings.....	78
3.6	VERTAALSTRATEGIE	79
3.6.1	Wat is strategie	79
3.6.2	Waarom strategie nodig is.....	83
3.6.3	Keuse van 'n strategie	87
3.7	SLOT.....	89
HOOFSTUK 4: METODOLOGIE		91
4.1	INLEIDING	91
4.2	NAVORSINGSUITDAGINGS VAN KOMPLEKSITEITSDENKE.....	92
4.3	OUTO-ETNOGRAFIE AS METODOLOGIE EN METODE.....	96
4.3.1	Geldigheid, betroubaarheid en veralgemeenbaarheid	97
4.3.2	Toepassing van die outo-etnografiese metode	100
4.3.3	Motivering vir die gebruik van 'n outo-etnografiese benadering.....	103
4.3.4	Kritiek teen die outo-etnografiese metode.....	107
4.4	AANBIEDING VAN DIE DATA	108
4.5	SLOT	108
HOOFSTUK 5: AANBIEDING EN BESPREKING VAN DATA		109
5.1	INLEIDING	109
5.2	ONTLEDING VAN BRONNE VAN ONSEKERHEID IN VERTALING AAN DIE HAND VAN KOMPLEKSITEITSDENKE EN FUNKSIONALISME.....	111
5.3	GEVOLGTREKKING	136
HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS.....		138

6.1	INLEIDING	138
6.2	GEVOLGTREKKINGS	140
6.3	BEPERKINGS VAN DIE STUDIE EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING.....	143
6.4	SLOT.....	145
VERWYSINGS		

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN AGTERGROND

1.1 INLEIDING

Mense skryf reeds sedert kort na Christus oor die praktyk van vertaling, hoewel die veld eers in die tweede helfte van die twintigste eeu ernstig as wetenskaplike dissipline aandag begin geniet het (Ilyas, 1994: 1; Munday, 2012a: 7, sien ook Marais, 2014: 77). Vertaling is oor die jare meestal as 'n onderafdeling van 'n verskeidenheid dissiplines, eers die een en dan 'n ander, beskou en elk van dié sienings het 'n ander idee gehad van hoe vertaling as aktiwiteit benader behoort te word (Marais, 2014: 77–79). Munday (2012b: 13), Snell-Hornby (2006: 3) en Marais (2013: 725) lys die benaderings wat sedert die 1970s voorgestel is, en wat dan elk, later, deur 'n volgende benadering vervang is. Marais verwys na die linguistiese paradigma, wat oorgegaan het na 'n pragmatiese paradigma en daarna 'n kulturele paradigma, en die sogenaamde sosiologiese paradigma van die afgelope drie dekades (Wolf, 2014: 1). Sedert 2000 ontgin navorsers opnuut die paradigmas wat reeds in die 1970s voorgestel is (byvoorbeeld, *skopos*), tesame met innoverende benaderings geskik vir 'n geglobaliseerde, postkoloniale wêreld, en wat moontlik as 'n ideologiese paradigma getipeer kan word, in 'n poging om vertaling te bevry van idees wat tot dusver nog nie bevredigende antwoorde opgelewer het nie.

Tymoczko (2014: 3–4, 6) is van mening dat baie van die fundamentele aannames van die dissipline van vertaling opnuut gekonseptualiseer moet word. Haar argument is dat historiese benaderings tot vertaalstudie hoofsaaklik vanuit 'n Eurosentriese tradisie (en later deur middel van Amerikaanse konseptualiserings van taal en kultuur), en aan die hand van Europese tale en Westerse denke, ontwikkel is. Die Westerse benadering tot vertaling is, volgens Tymoczko, net een van 'n aantal maniere waarop vertaling gekonseptualiseer kan word. Op dieselfde manier, soos Marais (2014) verduidelik, is die tradisioneel Westerse manier van wetenskaplike ondersoek nie noodwendig die geskikste benadering vir 'n studie van die verskynsel van vertaling nie.

Vandag, meer as ooit, is vertaling 'n kernbelangrike aktiwiteit, gesien in die lig van globalisering, die ontwikkeling van tegnologie en media, en die toenemende eise wat aan kruiskulturele kennisoordrag en kommunikasie gestel word. Vertaling vorm vandag die

kern van 'n verskeidenheid internasionale kulturele, ekonomiese en militêre ondernemings (Tymoczko, 2014: 4). Die Europese Unie is die wêreld se grootste werkgewer vir vertalers en tolke, en het in 2005 vertaal- en tolkdienste in 462 taalkombinasies aangebied (Gerzymisch-Arbogast, 2005: 2; sien ook Steinberger et al., 2014; Tymoczko, 2014: 5). Globalisering het veroorsaak dat vertaling en tolking meer, en nie minder nie, belangrik geword het (Wolf, 2014: 16). Dit impliseer dat, as vertaalstudie suiwer vanuit 'n Westerse paradigma beskou word, vertalers gekoöpteer word om Westerse ideologie, hetsy militêr, polities, ekonomies of kultureel, te bevorder (House, 2000: 84; Tymoczko, 2014: 6; Wolf, 2014: 17).

Op 'n basiese vlak behels intertaalige vertaling en tolking die oordrag van 'n boodskap in een taal (die brontaal) na 'n ander taal (die doeltaal) deur middel van drie fundamentele kognitiewe prosesse: a) begrip van die brontaal; b) oordrag van betekenis van die bron na die doeltaal; en c) skepping van 'n teks in die doeltaal (Wilss, 1996; Gerzymisch-Arbogast, 2005: 5; Chesterman, 2011: 1). By nadere ondersoek word dit egter duidelik dat ander, onderliggende, en minder ooglopende kognitiewe vaardighede en prosesse ook betrokke is, soos deduktiewe redenering, besluitneming en selfondersoek (Angelone, 2010: 17–18). Die prosesse wat by vertaling betrokke is, is verstandelik kompleks – dit vind nie outomaties plaas nie, is nie noodwendig logies nie, en is selde eenvoudig.

Benewens die elemente wat die vertaalproses beïnvloed en wat in die vertaler of in die taal geleë is, het die omgewing ook 'n invloed op die aanslag en uitkoms van 'n vertaling. Nord (1997: 1) beskou vertaling as 'n doelgerigte aktiwiteit, omdat alle menslike gedrag, ook kommunikasie, die een of ander doel het – dus is die doel van die aktiwiteit van vertaling een van sy sleutelemente (Gerzymisch-Arbogast, 2005: 5).

Marais (2013: 726) beskou vertaling as 'n spesifieke voorbeeld van menslike interaksie. 'n Vertaler is 'n aktiewe deelnemer aan die kommunikasieproses, een wat die woorde van 'n ander wil weergee in 'n situasie wat beïnvloed word deur 'n verskeidenheid faktore: die oorspronklike skrywer, die vertaalopdraggewer, die vertaalopdrag self, die doel en funksie van die vertaling en die verwagtings van lesers daarvan (Nord, 1997). Voeg hierby die vertaler se eie sosiokulturele, opvoedkundige en ideologiese agtergrond, stylvoorkeure,

persoonlike eienskappe en vaardigheid (Munday, 2012a: 2), en 'n mens kry 'n idee van die kompleksiteit van die besluite wat 'n vertaler gedurende die vertaalproses moet maak. Denke, bewustheid, ervaring, uitdrukking, die brein, die self, menslike interaksie, die samelewing, kultuur en geskiedenis word alles onlosmaaklik en op ryk, komplekse en dinamiese maniere deur kommunikasie verbind (Five Graces Group, 2009: 18).¹ Pym (1993: 28) beskryf die besluitneming wat by dié proses betrokke is as, “the negotiation of doubt”. Dit impliseer dat 'n vertaler 'n intelligente, denkende wese is (Mansell, 2005: 3), wat die geskikste opsie uit 'n aantal gepaste moontlikhede moet kies (Darwish, 2008: 47). Prosesse waarby mense betrokke is, word gewoonlik gekenmerk deur onvoorspelbaarheid en veranderlikheid en, soos in ander gekompliseerde menslike stelsels, kan die besluite wat deur vertaling vereis word, nie op suiwer rasonale gronde gemaak word nie; gevolglik beskryf Mohatlane (2014: 149) 'n vertaler se rasionaliteit as beperk.

Teoretici met 'n essensialistiese benadering tot vertaling reduceer dié ingewikkelde proses tot 'n reeks besluite en handeling. Dié besluite word binne 'n raamwerk van riglyne gemaak, gewoonlik styl- of taalreëls, of kulturele voorskrifte, of die verwagtinge van mense wat by die vertaling betrokke is, of praktiese oorwegings van tyd of geld, totdat 'n enkele optimale doeltaalweergawe van 'n brontaalweergawe geskep en gekies word (Tirkkonen-Condit, 2000: 123; Levý, 2004: 143–144; Pym, 2015: 68). Volgens Tirkkonen-Condit (2000: 123) en Nord (1997: 122) is die idee van 'n enkele, beste weergawe 'n hersenskim; in die werklike situasie kan daar soveel aanvaarbare weergawes van die doeltteks wees as wat daar vertalers is. Hoewel Jakobson verklaar dat vertaling twee soortgelyke (“equivalent”) boodskappe in twee verskillende kodes behels, erken hy ook dat volle ekwivalensie van die twee boodskappe selde moontlik is (1959: 233).

Darwish (2008: 203–205) onderskei 'n aantal tipes vertaalbesluite. Party vertaalbesluite is persoonlik, omdat 'n besluit beïnvloed word deur vertalers se vermoë – onder meer hulle vaardigheid, benadering, kennis en ervaring – om die bronteks te verstaan, daarop

¹ Lede van dié groep is C. Beckner, R. Blythe, J. Bybee, M.H. Christiansen, W. Croft, N.C. Ellis, J. Holland, J. Ke, D. Larsen-Freeman en T. Schoenemann.

te reageer en in die doeltaal weer te gee; ander vertaalbesluite is onpersoonlik, omdat dit buite die vertaler se beheer is. Sommige besluite is interpersoonlik (word deur meer as een persoon gemaak), en sommige is intrapersoonlik (net 'n enkele vertaler is betrokke). Sommige besluite is kontekstueel, deurdat die kontekste van sowel die bron- as die doeltaal in ag geneem word, en sommige is situasioneel, deurdat dit beïnvloed kan word deur die situasie waarin die vertaler hom/haarself bevind (byvoorbeeld, onsekerheid of risiko). Sommige besluite behels transaksies, òf tussen persone òf tussen 'n persoon en 'n teks. Besluitneming vind in 'n omgewing van onsekerheid en onvoldoende inligting plaas (Darwish, 2008: 47), en die skepping van die optimale vertaaluitset word belemmer deur 'n verskeidenheid beperkings wat tog soms oortree kan word – wat 'n beperking in een situasie is, geld nie vir 'n ander situasie nie (Darwish, 1999: 11). Verder beïnvloed elke besluit wat 'n vertaler of tolk maak daaropvolgende besluite (Levý, 2004).

Dit is hierdie teenstrydigheid en ingewikkeldheid van die vertaalproses en die situasie waarin dit plaasvind, wat vir Marais (2013) oortuig het dat kompleksiteit as filosofiese benadering vir vertaling aangewend kan word. Liniêre logika alleen kan nie die ingewikkeldheid van die proses, en die reeks gevolge van elke handeling, of die kultureel bepaalde verskynsels by vertaling betrokke, verduidelik nie. Hetherington (2012: 35, 16) verklaar dat kompleksiteitsdenke vir ons 'n nuwe manier gee om verskynsels te ondersoek, omdat dit afwyk van die determinisme van die tradisionele wetenskaplike denke van Newton. Die kompleksiteitsdenke verteenwoordig 'n poging om die ingewikkeldheid van die realiteit te weer te gee (Marais, 2014: 17, 114), deur te verduidelik hoe die verhoudings tussen die agente aanleiding gee tot 'n realiteit wat hiërargies, nie-liniêr, oop en paradoksaal is, en gekenmerk word deur 'n gebrek aan ewilibrum – die elemente wat die geheel van die realiteit opmaak, is onderling verbandhoudend, en voortdurend aan die verander (Marais, 2014: 26). Die filosofie bied 'n teoretiese raamwerk waarbinne sowel makro- as mikrovlakprobleme ondersoek kan word, en verwerp die idee dat vertaling deur dekonstruksie of reduksie bestudeer kan word, maar beweer dat dit eerder as 'n sogenaamde transdissipline beskou moet word (Marais, 2014: 114–115).

Hierdie studie behels 'n ondersoek na die soort besluite wat vertalers in hierdie komplekse omgewing konfronteer. Ek sal probeer om, met verwysing na die talle elemente wat die vertaalsituasie beïnvloed, te verduidelik hoe onsekerheid hanteer word, en watter faktore besluitneming beïnvloed.

1.2 TEORETIESE BEGRONDING

Bouchon-Meunier, Magdalena, Ojeda-Aciego, Verdegay en Yager (2010: v) verklaar dat onsekerheid nie net 'n onvermydelike en alomteenwoordige verskynsel is nie, maar ook 'n fundamentele wetenskaplike beginsel. In sy boek, *Translation theory and development studies. A complexity theory approach*, verduidelik Marais dat Westerse wetenskap tradisioneel gekenmerk word deur reduksionisme, dit is, 'n poging om komplekse verskynsels te reduceer tot 'n aantal kleiner, samestellende elemente, en om eenvoudige verduidelikings of wette wat veronderstel is om vir alle gevalle van 'n verskynsel te geld, voor te stel (2014: 19–20, ook Marais, 2013: 726). Mense is geneig om te vereenvoudig in 'n poging om onsekerheid te hanteer en in 'n uiters komplekse realiteit te funksioneer. Ons is ook geneig om te glo dat die interne eenvoud van verskynsels gebruik kan word om komplekse gevolge te verduidelik.

Twee paradigmas vorm die grondslag waarop die ontledingsdata van hierdie studie rus: die benadering van funksionalisme, en kompleksiteitsdenke. Die benadering van funksionalisme beskryf vertaling as 'n menslike aktiwiteit wat 'n doelbewuste tipe interaksie tussen twee kulture, wat die oogmerk het om kommunikasie tussen die mense van die verskillende kulture wat betrokke is, bevorder. Die kulture betrokke is ingebed in komplekse sisteme bestaande uit subsisteme wat op ingewikkelde maniere in interaksie met mekaar is (Nord, 1997: 16–24). 'n Verdere kenmerk van funksionalisme is dat dit die *skopos*, of doel van die vertaling, voorop stel (Nord, 2010: 121–122). Dié doel is veronderstel om deur die opdraggewer van die vertaling aan die vertaler gegee te word (in die vorm van 'n vertaalopdrag), hoewel Nord erken (1997: 30) dat dit selde in die praktyk gebeur, maar dat van die vertaler verwag word om self besluite te maak oor die doel van 'n teks.

Twee redes het my besluit om funksionalisme as een van die paradigmas vir die ontleding van die data van dié studie te gebruik, gemotiveer. Eerstens word dié teoretiese benadering steeds aangewend om vertalers op te lei – ek het ook op nagraadse vlak ‘n diepgaande studie van Nord se werk onderneem. Hoewel Nord reeds bykans drie dekades gelede haar kernidees gepubliseer het, word dit steeds as sinvol vir vertaalopleiding beskou. In die tweede plek glo ek dat funksionalisme, in sy essensie, inskakel by die ingewikkelde praktiese eise wat aan die werk van ‘n vertaler gestel word, en dat funksionalisme ‘n sinvolle benadering is om dié eise teen mekaar op te weeg en te hanteer.

Die tweede paradigma wat ek gebruik het, die filosofie van kompleksiteit, bied ‘n beskrywing van die realiteit waarbinne vertaling plaasvind. Dié realiteit bestaan uit sisteme en subsisteme wat op ‘n sekere manier in dinamiese interaksie is en aanleiding gee tot die ontstaan van nuwe sisteme.

Kompleksiteitsdenke (sien Hetherington, 2012: 18 vir ‘n verduideliking van hoe kompleksiteitsdenke tussen die “harde” en “sagte” benaderings tot kompleksiteit inpas) het ontwikkel in reaksie op die neiging om komplekse verskynsels te vereenvoudig; die oorsprong van dié neiging lê in sowel modernisme as postmodernisme. Albei dié benaderings is reduksionisties; eersgenoemde reduceer verskynsels na universele, onveranderlike beginsels, en laasgenoemde verklaar die teenoorgestelde, naamlik dat alle verskynsels konteksgebonde en voorwaardelik is. Nie een van dié twee standpunte kan alternatiewe, paradoksale en komplekse sienings van die realiteit hanteer nie. Dit beteken nie dat Marais glo dat kompleksiteit die plek van enige ander benadering moet inneem nie. Juis weens die komplekse aard van die realiteit is dit eerder nodig om oënskynlik paradoksale perspektiewe saam aan te wend om verskynsels in ‘n komplekse realiteit te beskryf (Marais, 2014: 15–16).

Laasgenoemde stelling is tipies van die kompleksiteitsdenke. Kompleksiteit verwerp pogings om die realiteit te vereenvoudig, of om dit tot die gemiddelde of mediaan te reduceer, maar dring aan dat al die uiterstes in ag geneem moet word indien ons ‘n ware beeld van die gekompliseerdheid van die werklikheid wil ontwikkel. Ons moet kennis

neem van sowel die globale as die plaaslike, en al die maniere waarop hulle deur verhoudings en interverhoudings die geheel uitmaak; ons moet aandag gee aan die paradokse van wanorde en onvoorspelbaarheid, die universele en die besondere, verskille en ooreenkomste, en chaos en stabiliteit. In plaas daarvan om kompleksiteit te probeer verduidelik deur dit af te breek en die dele daarvan te bestudeer, moet ons kompleksiteit self konfronteer, en ons daarvan weerhou om 'n enkele verduideliking daarvoor te probeer vind (Marais, 2014: 9–20; Baghdadi, 2017: 10). Kompleksiteitsdenke bestudeer komplekse, dinamiese, nie-liniêre, selforganiserende, oop, ontspringende, soms chaotiese en adaptiewe sisteme (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 4).

1.3 VERTALING AS 'n KOMPLEKSE AKTIWITEIT, GEKENMERK DEUR ONSEKERHEID

As 'n mens in ag neem dat kommunikasie (verbaal of geskrewe) veel meer as blote transliterasie behels, en beseft dat dit die oordrag van betekenis, inligting, probleemstellings, gedagtes, idees, menings, houdings en emosies behels (Sperber & Wilson, 1995: 1), word dit duidelik dat vertaling 'n kompleksste aktiwiteit is, en dat die rol van die vertaler 'n belangrike een is in die kommunikasieproses.

Levý (2004: 143) beskou die rol van die vertaler as net so belangrik as dié van die skepper van die bronteks – die vertaler is tegelykertyd die skepper van 'n doelteks en die interpreteerder van die bronteks. Neem verder in ag dat vertaling meer agente betrek as net die twee mense wat onderskeidelik die bronteks en die doelteks aanbied. Onder die ander menslike rolspelers en ekstratekstuele faktore speel die persoon wat die vertaling aanvra, die vertaalopdrag, die sosiopolitieke konteks van die kommunikasie, die doel en funksie van die vertaling, en die verwagtinge van die ontvangers van die doelteks ook 'n rol in die vertaalproses. Persoonlike faktore wat direk by die vertaling betrokke is, kan ideologiese agtergrond, stylvoorkeure, persoonlike kenmerke en vaardigheid behels (Munday, 2012a: 2), en elke faktor speel 'n rol in die kommunikasie- (vertaal-) proses, en elke faktor moet deur die vertaler in ag geneem word in die skepping van 'n doelteks.

Vertaling is 'n menslike handeling (Nord, 1997: 15–26) wat in 'n situasie van onvoldoende inligting plaasvind (Darwish, 2008; Nord, 2010: 121) – Bouchon-Meunier et al. (2010: v)

verklaar dat selfs die inligting wat wel beskikbaar is, deur onsekerheid en vaagheid gekenmerk word. Verder tree vertalers nie alleen op nie, en neem nie alleen besluite nie, maar moet die rolle, behoeftes en verwagtinge van 'n groot verskeidenheid ander agente in ag neem, dus is dit 'n proses wat noodwendig onderworpe is aan onsekerheid. Dié onsekerheid is net so 'n komplekse verskynsel: dit kan op verskillende vlakke of stadiums van die vertaalproses voorkom, en het 'n verskeidenheid oorsake (Amirian & Baghiat, 2013). Onder die oorsake is faktore wat in die tale wat betrokke is, en in die verskille tussen hulle, geleë is, en in die aard van die teks betrokke, die doel van die teks en die vertaalopdrag, vertaalnorme van die onderskeie kulture betrokke, faktore wat met kultuur en sosiolinguistiek verband hou, persoonlike veranderlikes van die vertaler, en praktiese oorwegings.

Vertalers en navorsers van die proses verwys na 'n aantal strategieë wat aangewend kan word om die besluitneming gedurende die vertaalproses te vergemaklik – in effek, om onsekerheid te verminder. Strategie word as 'n doelbewuste taktiek beskryf (Thoma, 2004: 18; Chang, 2005: 6; Gile, 2009: 201), wat aangewend word om verwerkingsprobleme gedurende vertaling te hanteer. Hoewel die verwagting is dat verskillende vertaalsituasies verskillende strategieë sal vereis, beweer Bartlomiejczyk (2006: 151) dat die toepassing van strategie later outomaties plaasvind. Selfs die keuse van 'n sekere strategie verwys na die kompleksiteit van die vertaalproses, aangesien die keuse weer eens van 'n verskeidenheid faktore afhang (Darwish, 1999: 17). Weens die komplekse aard van die omgewing waarin vertaling plaasvind, kan strategieë nie juis konsekwent toegepas word nie. Twee situasies sal selde presies dieselfde rolspelers en ander beïnvloedende faktore bevat, wat beteken dat vertalers telkens aanpassings aan voorheen suksesvolle strategieë moet maak.

1.4 NAVORSINGSPROBLEEM EN -DOELWITTE

Modelle waarvolgens vertalers opgelei en geakkrediteer word, en navorsing wat oor vertaling aangepak word, en waarvolgens die produkte en prosesse van vertaling geskep word, is meestal op bestaande, tradisionele diskoers en praktyk van vertaling gebaseer

– en dié idees is, volgens Tymoczko (2014: 7) gebaseer op “narrow, dominant Western European practices of and discourses about translation”.

Gegewe die toenemend belangrike rol wat vertaling in vandag se geglobaliseerde wêreld speel, is dit duidelik dat ondersoek ingestel moet word na nuwe maniere om die vertaalproses te verstaan, en nie net te reken op klassieke benaderings om moderne konseptualiserings van betekenis, kultuur en taal te begryp nie. Dit is duidelik dat die bestaande protokolle wat vertalers, na aanleiding van hul opleiding, aanwend om vertalings te doen, nie noodwendig vir alle kontekste toepaslik of gewens is nie, en nie al die antwoorde verskaf oor hoe 'n vertaalopdrag aangepak behoort te word nie.

Die doel van hierdie navorsing is om, met inagneming van die komplekse aard van die vertaalproses en die omgewing waarin dit plaasvind, die onsekerhede waarmee vertalers gekonfronteer word wanneer 'n vertaler 'n doeltaalweergawe van die bronteks genereer, te beskryf, en om ondersoek in te stel na die maniere waarop 'n vertaler 'n verskeidenheid beperkinge bestuur wanneer daar, gedurende die produksie van 'n doeltteks, besluite geneem moet word. Ek aanvaar dat hierdie besluitneming met inagneming van die doel van die vertaalopdrag, binne 'n komplekse sisteem plaasvind.

1.4.1 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag van hierdie studie is die volgende:

Hoe neem vertalers besluite wanneer hulle deur onsekerheid gekonfronteer word in 'n komplekse omgewing?

Gedurende die proses om bogenoemde navorsingsvraag te beantwoord, sal ek die volgende subvrae ondersoek:

- Wat is die bronne van kompleksiteit wat veroorsaak dat 'n vertaler onsekerheid ervaar?
- Watter faktore beïnvloed die besluite wat 'n vertaler neem ten einde hierdie onsekerheid aan te spreek?

- In die teenwoordigheid van onsekerheid en in 'n komplekse omgewing, hoe bestuur 'n vertaler die kompleksiteit ten einde besluite te neem?

1.5 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

Hierdie studie sal van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp gebruik maak. Volgens Babbie en Mouton (2001: 271–272) beskryf kwalitatiewe navorsing die gedrag van navorsingsdeelnemers, en probeer om dit te verstaan. Dié benadering staan teenoor 'n kwantitatiewe navorsingsontwerp, wat gedragspatrone kwantifiseer en aan statistiese ontleding onderwerp.

Ek begin hierdie studie deur die hoofelemente van sowel die funksionalistiese benadering as kompleksiteitsdenke, wat as raamwerke dien vir die data wat ek sal aanbied, te beskryf. Daarna bied ek 'n literatuurstudie aan om die kompleksiteit van vertaling as proses te konseptualiseer. Ek bespreek die faktore wat meewerk om vertaling 'n komplekse aktiwiteit te maak, en bied huidige en historiese idees aan oor die rol van besluitneming en strategie in die hantering van die onsekerhede wat inherent in die prosesse is. Ek skenk aandag aan die verwarring, dubbelsinnigheid en teenstrydighede (Babbie & Mouton, 2001: 285) wat inherent is aan die uitdagings wat vertalers konfronteer.

Data behels die weergee van my eie, persoonlike ervarings en standpunte, as dié van 'n professionele vertaler vir die taalpaar Engels en Afrikaans, in die vorm van 'n outo-etnografiese narratief. Ek motiveer my besluit om hierdie benadering te gebruik, deeglik. Volgens Ellis, Adams en Bochner (2010) is outo-etnografie 'n benadering tot navorsing en skryf wat, ten einde 'n kulturele ervaring (*etno*) te verstaan, persoonlike ervaring (*outo*) beskryf en sistematies ontleed (*grafie*).

Ten einde die betekenis wat aan die navorsingskwessie toegeskryf word, te verstaan, sal ek die narratief van geleenthede waartydens ek self as vertaler (van skriftelike teks, as tolk en as teksredigeerder) onsekerheid ervaar het, om 'n geheelbeeld van die situasie te bou (Reed-Danahay, 1997: 5–6), beskryf. So sal ek bestaande navorsing, 'n teoretiese oriëntasie, en my eie persoonlike ervarings (Lunceford, 2015: 8) ondersoek om die

navorsingsvraag te beantwoord. Ek sal hierdie voorbeelde aan die hand van die funksionalistiese benadering en kompleksiteitsdenke analiseer, en verwys na van die ooglopende redes waarom die verskynsel van vertaling as kompleks beskou word. My doel hiermee is om die bronne van kompleksiteit te isoleer en om te probeer bepaal waarna ek verwys as ek besluite maak in 'n poging om onsekerheid en kompleksiteit te bestuur.

1.6 ETIESE OORWEGINGS

My daaglikse werk as vertaler was die bron van die data wat ek in hierdie studie aanbied. Aangesien hierdie studie van outo-etnografiese data gebruik gemaak het, het ek self al die data verskaf – geen onderhoude is gevoer of vraelyste ingevul nie. Waar ek na spesifieke gevalle (vertaalopdragte, kliënte, gebeurtenisse) verwys, bied ek die inligting so aan dat dit nie identifiserende kenmerke bevat nie.

Ek erken dat my gevolgtrekkings en standpunte deur toevallige of doelbewuste bydraes, advies en raad van kollegas en kliënte gevorm is. Ek verklap nie die identiteit van hierdie kollegas nie, hoewel hulle soms bewus was dat die vrae wat ek gevra het, verband gehou het met my studie. Dit is nie moeilik om die tersiële instelling wat as kliënt vir sommige van die gevalle dien, te identifiseer nie. Ek vertrou dat ek geslaag het om alle kommentaar vanuit 'n positiewe benadering van opbouende kritiek te gee. Ek het nie die bedoeling gehad om skade aan te rig nie.

1.7 GELDIGHEID EN VERALGEMENING

Hokkanen (2017: 24) verwys na die idealistiese idee dat alle wetenskaplike navorsing objektief en emosioneel neutraal is, maar sy verduidelik dadelik dat enige ondersoek na vertaling, as sosiale verskynsel, noodwendig deur die navorser, as 'n sosiale wese, beïnvloed sal word. Denzin (1997: 5) verduidelik dat beskrywing deur middel van taal en spraak nie ervaring direk kan weerspieël nie, en dus kan daar nooit 'n finale, akkurate weergawe wees van wat gebeur het, of wat iemand gesê het nie. Weens die onstabiele en onvoorspelbaarheid van die (komplekse) realiteit, moet ons aanvaar dat daar meer as een weergawe van die realiteit bestaan, en dat 'n verskeidenheid teoretiese

uitgangspunte gebruik kan word om verskillende standpunte oor die werklikheid te verduidelik (Saldanha & O'Brien, 2013: 28–29).

Wanneer terme soos betroubaarheid, geldigheid en veralgemeenbaarheid op 'n studie wat die metode van outo-etnografie gebruik, toegepas word, verander die konteks, betekenis en nut van hierdie terme (Ellis et al., 2010). Die geldigheid van die data in hierdie studie sal dus bepaal word deur die mate waartoe dit die navorsingsvraag kan beantwoord. Geldige bevindinge sal dié wees wat so na as moontlik aan die realiteit is.

Hierdie studie verwys spesifiek na die taalpaar Engels en Afrikaans, en die vraag kan gevra word of die bevindinge ook op ander tale van toepassing sal wees. Gerzymisch-Arbogast (2005: 3) is van mening dat daar 'n gemeenskaplike terrein vir alle tale bestaan, ongeag die kompleksiteit van of verskille tussen tale. By vertaling is daar altyd a) bronmateriaal, b) wat “oorgedra” moet word, c) na ander materiaal (byvoorbeeld, 'n teks), ongeag of die vertaalde produk verbaal, op skrif of deur 'n gebaar oorgedra word, dit in 'n liniêre vorm is of nie, deur tegnologie gedryf is of nie, of uit multimedia bestaan. Daarom glo ek dat navorsing wat met een taalpaar uitgevoer is, wel relevant sal wees vir ander tale, en dat dit kan bydra om te verstaan hoe vertalers wat met ander taalpare werk onsekerheid hanteer. Aan die ander kant, is dit moontlik dat die ervarings wat ek beskryf, uniek is, weens die unieke samevloeiing van omstandighede en rolspelers – soos kompleksiteitsdenke voorstel (paragraaf 2.4).

1.8 UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

Hoofstuk 1, Inleiding en agtergrond, het die konteks en agtergrond van hierdie studie verduidelik, en die verloop van die studie.

Hoofstuk 2 bied sleuteldefinisies wat vir die studie van toepassing is aan, en 'n verduideliking van die funksionalistiese benadering tot vertaling, en kompleksiteitsdenke. Dié twee paradigmas dien as verwysingspunte vir die bespreking van die ondersoek na die manier waarop 'n vertaler in die praktyk besluite neem, wat in hoofstuk 5 aan die beurt kom.

In hoofstuk 3 verwys ek na literatuur, ten einde vertaling as 'n komplekse proses te konseptualiseer. My uitgangspunt is dat die verskeidenheid faktore wat 'n rol speel in die besluitneming wat van 'n vertaler verwag word, aanleiding gee tot onsekerheid. Onder die faktore wat ek bespreek, is onder meer dié wat in die tale en kulture betrokke, die teks, die opdrag en opdraggewer en die vertaler geleë is, sowel as praktiese oorwegings. Ek bespreek die kwessie van besluitneming kortliks, en die rol van strategie in vertaling.

In hoofstuk 4 word die navorsingsmetode wat vir die studie gebruik is, verduidelik en gemotiveer.

In hoofstuk 5 bied ek die data van dié studie aan, tesame met 'n ontleding en bespreking daarvan, wat aan die hand van die elemente van die twee teoretiese benaderings in hoofstuk 2, en die literatuurstudie in hoofstuk 3, gedoen is.

In hoofstuk 6 bied ek kritiese gevolgtrekkings aan, wat uit die data en bespreking in hoofstuk 5 voortvloei, en wat as antwoord op die navorsingsvrae dien. Ek verwys ook na beperkings van die studie, en bied gevolgtrekkings en aanbevelings vir verdere studie aan, wat ek na aanleiding van die ontleding van die data bereik het.

1.9 SLOT

Hoofstuk 1 het 'n oorsig verskaf van die konteks van die studie, die navorsingsvrae en subvrae uiteengesit, en die teoretiese begroning en die metodologie wat gebruik is, kortliks beskryf. Hoofstuk 2 verduidelik die teoretiese begroning van die studie. Ek sal in die eerste plek 'n konseptualisering bied van die veld van vertaling en, tweedens, die twee teoretiese paradigmas waarvolgens die studie benader sal word, naamlik, funksionalisme en kompleksiteitsdenke, verduidelik. Albei dié paradigmas lê besondere klem op die interaksie tussen die elemente, faktore of subsysteme wat 'n rol speel in die besluite wat deur vertalers wat deur onsekerheid gekonfronteer word, gemaak moet word.

HOOFSTUK 2: TEORETIESE BEGRONDING

2.1 INLEIDING

Die proses waardeur 'n vertaler werk om 'n doelteks te skep, is een wat deur 'n reeks besluite gekenmerk word. Darwish (2008: 29–30), in 'n ondersoek na die herkoms van die verskynsel van besluitneming in vertaling, haal vir Jumpelt (1961) aan, wat verduidelik dat vertaalteorie nie juis die objektiewe verskynsels van taal beskryf nie, maar eerder die faktore wat aanleiding gee tot 'n keuse tussen die verskynsels. Dus is die rol van vertaalteorie om die faktore wat besluitneming beïnvloed, en die manier waarop hulle dit doen, eksplisiet te maak, sodat vertalers na die faktore kan verwys wanneer hulle vertaalbesluite maak of evalueer. In sy essensie is die veld van vertaling dus betrokke by besluitneming: vertalers word gekonfronteer deur 'n aantal moontlike doelteksweergawes (Jumpelt, 2002, aangehaal deur Mohatlane, 2014: 149), waaruit hulle 'n keuse moet maak.

Die doel van linguistiekteorie is om insig te verkry in universele grammatikabeginsels wat op alle tale van toepassing is. Universele beginsels suggereer dat elke taal onderworpe is aan reëls wat nie oortree kan word nie (Kager, 1999: 1). Die doel van vertaalteorie, op sy beurt, is om te ondersoek wat gebeur wanneer 'n teks van een taal, én een kultuur, na 'n ander taal en kultuur oorgedra word (Bassnett, 2013: 11). In plaas van suiwer linguistiek, word vertaalstudie deur sommige teoretici as die breë veld van toegepaste linguistiek beskou: die doel van vertaalstudie gaan verder as net die beskrywing van hoe tale werk, en die beskrywing van taal en taalgebruik is nie die einddoel van die oefening nie (Catford, 1965: 19).

Catford (1965: 1) verklaar egter in die eerste paragraaf van sy boek, *A linguistic theory of translation: An essay in applied linguistics*, dat, omdat vertaling met tale te werk, enige teorie van vertaling op 'n algemene teorie van linguistiek gebaseer moet wees. Met hierdie stelling toon hy hoe die dissiplinêre inslag van vertaalstudie in die afgelope 60 jaar verander het. Hoewel vertaalstudie aanvanklik as 'n onderafdeling van linguistiek beskou is, word dit vandag gesien as 'n multidissiplinêre veld op sigself, aanvanklik omdat teoretici begin besef het dat die verhouding tussen taal en die sosiale lewe 'n noodsaaklike

element van die studie van vertaling is – taal is nie die primêre element van vertaling nie. Die skeiding tussen 'n suiwer linguistiese benadering en 'n kulturele benadering tot vertaling, wat tot die 1980s prominent was, is nou ook iets van die verlede (Bassnett, 2013: 3).

Hoewel Chesterman (2017: 8–9) glo dat metafore handig kan wees om vertaling te verduidelik, verwerp Marais (2014: 79) die idee dat “iets anders” as 'n metafoor vir vertaling kan dien – vertaling as linguistiek, of sosiologie, of filosofie of ideologie, of, op 'n meer abstrakte vlak, vertaling as toneelspel, as herskryf, as die indirekte rede, as verteenwoordiging, as transmissie, as transkulturasie – Gile (2008) noem vertaalteoretici “disciplinary immigrants” wat uit 'n verskeidenheid dissiplines afkomstig is, en wie se kennis soms onvoldoende is om die werklikheid van die veld te beskryf (vergelyk ook Hubscher-Davidson, 2009: 176). Marais (2014: 76) maan dat vertaling nie as een van sy dele gekonseptualiseer behoort te word nie, maar deur die perspektiewe van waaruit dit beskou word.

Marais (2014: 15–16, 77) waarsku ook teen reduksionisme as dit kom by die epistemologie van vertaling. Dit is nie sinvol om die een beperkende uiterste – dié van 'n suiwer linguistiese en modernistiese benadering gekenmerk deur struktuur, logika en konstruksie – te vervang met 'n ander, ewe beperkende, postmoderne, uiterste – gekenmerk deur 'n algehele gebrek logika en struktuur, en dekonstruksie – nie. Vir hom is die probleem dat die handeling van vertaling tot dusver as 'n deel van 'n ander dissipline, of in teenstelling met 'n ander dissiplinêre perspektief – of dit nou linguistiek of kultuurstudies of literatuur of geskiedenis of sosiologie is – beskou is, terwyl dit eintlik suiwer as vertaling gekonseptualiseer behoort te word (2013: 726).

Na dekades se navorsing is dit steeds nie juis moontlik om die betekenis van 'n verbale of geskrewe teks te verkry deur bloot die linguistiese stelsel te dekodeer nie (Baker, 2011: 230). Betekenis is selde voor die hand liggend, maar dikwels implisiet; dit is nooit net van die linguistiese elemente van 'n teks afhanklik nie, maar dikwels kontekstueel. 'n Vertaler kan nie aanvaar dat die bedoelde betekenis van die bronteksskepper netjies met die

linguistiese betekenis, of selfs die betekenis wat die vertaler afgelei het, ooreenstem nie (Sperber & Wilson, 2012a: 262).

Na aanleiding van bogenoemde argument, is nóg die omskrywing wat vir die verskynsel van vertaling gegee word, nóg die twee teoretiese paradigmas wat die grondslag van hierdie ondersoek vorm, linguistiekgeoriënteerd. Die funksionalistiese benadering (paragraaf 2.3) gebruik as vertrekpunt die doel of funksie van die vertaalopdrag as rigtinggewende maatstaf vir die vertaler wat in hierdie komplekse realiteit werk (verwys na paragraaf 1.2 vir my motivering vir die gebruik van funksionalisme). Op sy beurt bied kompleksiteitsdenke (paragraaf 2.4) 'n konseptualisering van die komplekse omgewing waarin vertaling plaasvind.

2.2 SLEUTELKONSEPTE VAN VERTALING IN HIERDIE STUDIE

Hierdie studie is gerig op drie van die prosesse wat by vertaling in die breë betrokke is en daarom verskaf ek 'n kort verduideliking van drie onderafdelings van vertaling waarna ek in hierdie studie verwys, naamlik, vertaling, tolking en teksredigering, en 'n paar verwante terme. As uitgangspunt haal ek eerstens vir Marais (2013: 729; 2014: 84) aan, wat verklaar dat vertaling moeilik is om te definieer omdat dit 'n komplekse verskynsel is, en dat 'n presiese definisie ook nie noodwendig nodig is nie. Tymoczko (2014: 4) beweer ook dat vertaling 'n veel meer ingewikkelde, komplekse en genuanseerde proses is as wat deur tradisionele (Westerse) diskoerse voorgestel is; sy bepleit 'n internasionalisering van vertaalstudie.

Vertaalteorie verwys tradisioneel na sowel die gesproke as die geskrewe vorme van vertaling (Gerzymisch-Arbogast, 2005: 4), hoewel die gesproke vorm ook as tolking bekend staan. Nord (1997: 104) verduidelik dat die Duitse term *Translation* in 1968 deur Kade voorgestel is om sowel geskrewe (*Übersetzen*) en verbale vertaling (*Dolmetschen*) te omskryf. In hierdie studie gebruik ek dus die term vertaling om ook na tolking en teksredigering te verwys. Op dieselfde wyse gebruik ek die term teks om na alle instansies van kommunikasie te verwys, al is die boodskap nie “neergeskryf” nie, en al is die teks verteenwoordigend van 'n ander semiotiese sisteem as tradisionele geskrewe of verbale boodskappe. Gottlieb (2005: 34–35) beweer dat alle kommunikasie, of dit visueel,

verbaal, op gevoel gebaseer (byvoorbeeld, Braille) of volgens 'n veelvoud van kanale of media plaasvind, as "teks" beskou kan word. Sy definisie van teks is enige kombinasie van sensoriese tekens wat die doel het om te kommunikeer. De Beaugrande (1994: 2–3) verwys na 'n stelling deur Firth (1968), dat vertaling selfs plaasvind wanneer ons oor ons eie of iemand anders se uitlatings praat.

Munday (2012a: 5) se definisie van vertaling is redelik eng: die proses waardeur 'n oorspronklike geskrewe teks (genoem die bronteks), wat in 'n oorspronklike verbale taal aangebied word, in 'n geskrewe teks in 'n ander taal (die doeltaal of doelteks) gereproduseer word. Jakobson (1959: 233) onderskei tussen drie tipes vertaling: a) intratalige vertaling, wat behels dat verbale tekens in een taal deur ander tekens (woorde) in dieselfde taal weergegee word (waarvan teksredigering 'n voorbeeld is); b) intertalige vertaling, wat die interpretasie van verbale tekens in een taal in 'n ander taal behels (dit is wat ons tradisioneel met vertaling bedoel); en c) intersemiotiese vertaling of transmutasie, waar verbale tekens deur nieverbale tekens in 'n ander semiotiese sisteem vervang word (soos wat in tolking gebeur). Jakobson (1959: 233) se onderskeid van drie tipes vertaling suggereer dat Munday se definisie nie al die kommunikasie wat vertaal kan word, insluit nie.

Gottlieb (2005: 35) bied ook 'n veel breër beskrywing van vertaling as Munday aan, naamlik, as enige proses of sy produk wat behels dat 'n kombinasie van sensoriese tekens wat die doel het om te kommunikeer, vervang word deur 'n ander kombinasie wat die oorspronklike entiteit verteenwoordig, of daardeur geïnspireer is. Hy neem in ag dat 'n groot verskeidenheid media deesdae tekste vertaal, en dat gebruikers van die doelteks nie eenvormig is nie. In dié verband verwys Gottlieb (2005: 37) na vier tipes kognitiewe dekodering wat van vertalers vereis kan word: a) om 'n plaasvervanger- doelteks aan te bied vir 'n gehoor wat linguistiese of sensoriese beperkinge ervaar en dus nie die oorspronklike teks kan dekodeer nie (die doelteks kan byvoorbeeld die ondertitels van 'n vreemdetaalfilm wees); b) om 'n doelteks aan te bied wat 'n verbetering is op die bronteks (deur byvoorbeeld syfers in die vorm van grafieke aan te bied); c) om 'n sogenaamde kruisvertaling te doen, wat deur meer as een tipe gehoor ervaar kan word (byvoorbeeld,

oudio-opnames van gedrukte boeke); en d) aanvullende vertalings, vir mense wat terselfdertyd toegang het tot die bron- én doeltekste, en albei verstaan.

Terwyl vertaling en teksredigering gewoonlik 'n geskrewe oefening is, word tolking gedefinieer as verbale vertaling, wat behels dat die bron- en doeltaalweergawes bykans gelyktydig (in die geval van simultane tolking) of opeenvolgend (in die geval van konsekutiewe tolking), en gewoonlik eenmalig, aangebied word (Nord, 1997: 139, 141, 104). Chernov (2004: 2) beskryf (simultane) tolking as 'n proses met 'n waarneembare produk bestaande uit opeenvolgende akoestiese en verbale seine wat oor tyd realiseer. Deur tolking tot "verbale" tekste te beperk, is egter misleidend, aangesien gebaretaaltolking van so 'n definisie uitgesluit word (Pöchhacker, 2004: 10).

Een van die belangrikste verskille tussen vertaling en teksredigering, aan die een kant, en tolking, aan die ander kant, is dat geskrewe tekste bly voortbestaan nadat die vertaalhandeling voltooi is, terwyl gesproke tekste "verdwyn" nadat die uitlating gemaak is; al wat oorbly is die betekenis van die (doeltaal-) uitspraak in die geheue van die ontvanger van die boodskap (Lederer, 2003: 9). Dit is waarom Pöchhacker (2004: 10–11) Kade se definisie van tolking as meer verteenwoordigend beskou: tolking is 'n tipe vertaling waarin 'n eerste en finale weergawe in 'n ander taal gegee word op grond van 'n eenmalige aanbieding van 'n uitlating in 'n brontaal. Die doeltteks kan dus nie herhaal of hersien word nie, en daar is gewoonlik weinig geleentheid vir hersiening of korreksie.

Die proses van teksredigering as vertaling kan in Jacobson (1959: 233) se tipologie as 'n intrataalhandeling beskou word (vergeelyk paragraaf 2.2). Volgens Gottlieb (2005: 37) se tipologie van vertaalhandelinge behels dit 'n soort herskryf van die brontaal sodat 'n meer aanvaarbare weergawe van 'n teks in dieselfde taal geskep word. Dié handeling impliseer linguistiese besluitneming op 'n hoër vlak as foutregstelling, en het as einddoel hoofsaaklik die voorbereiding of verandering van die teks sodat dit geskik is vir 'n sekere teikengehoor, en die daarstel van die beste gehalte teks wat moontlik is (Van de Poel, Carstens & Linnegar, 2012: 5, 6).

Die wetenskaplike tydskrif, *Nature* (s.a.), lys die algemene redes waarom teks (in hulle spesifieke geval, artikels wat aangebied word vir publikasie) aan teksredigering

onderwerp moet word, waaronder die volgende: dit sal die verstaanbaarheid van die teks vir 'n wyer gehoor toeganklik maak; om te verseker dat terme en konsepte reg gebruik word; om enige taalfoute reg te stel, en om lesers se persepsie van die professionele beeld van die tydskrif te verhoog.

Nord (1997: 15–26) beskryf vertaling as 'n menslike aktiwiteit wat 'n doelbewuste tipe interaksie tussen twee kulture is, wat teksverwerking behels en wat die oogmerk het om kommunikasie tussen die mense van die verskillende kulture wat betrokke is, te bevorder. In hierdie studie sal ek na voorbeelde van sowel tolking, teksredigering en vertaling verwys en, tensy ek anders aandui, verwys die term vertaling na al drie aktiwiteite.

2.3 DIE BENADERING VAN FUNKSIONALISME

2.3.1 Inleiding

Van die vroegste tye af bestaan daar twee uiterste benaderings tot vertaling. Nord (2010: 120) vertel dat Jerome (348-420 AC) oortuig was dat vertalers selfs dieselfde woordorde in die doelteks moes behou; en Martin Luther (in die 15de eeu) vereis het dat vertalers “by die letter moet hou”; tog het hulle ook besef dat die doelteks in sommige gevalle die aanvaarbaarheidstandaarde van die doelgehoor in ag moet neem. Nida onderskei in 1964 tussen formele en dinamiese ekwivalensie, waar eersgenoemde na 'n getroue weergawe van brontekselemente verwys, en laasgenoemde na ekwivalensie van kommunikasietrefkrag. Vertaling is dus, selfs toe, nie werklik beskou as 'n suiwer reproduksie van die bronteks in 'n doeltaal nie.

In 1971 integreer Katharina Reiss die tekstipe en die vertaalmetode in 'n teoretiese raamwerk, en sy en Hans J. Vermeer publiseer in 1978 saam 'n “raamwerk vir 'n algemene vertaalteorie”. Min of meer dieselfde tyd ontwikkel Justa Holz-Mänttari 'n algemene teorie van “vertaalaksie” – sy beklemtoon dat vertaling 'n proses van kulturele mediasie tussen 'n verskeidenheid akteurs en omstandighede behels (Nord, 2010: 121).

Dit is uit hierdie werk wat *Skopostheorie* ontstaan het. *Skopos* is die Griekse woord vir doel, en doel is die sentrale konsep van dié benadering. *Skopostheorie*, en later Nord se

funksionalistiese benadering, beskou vertaling as 'n doelgerigte aktiwiteit wat probeer om mediasie tussen lede van verskillende kultuurgemeenskappe te bewerkstellig. Die besluite wat vertalers as deelnemers aan die interaksie tussen kulture (Wolf, 2014: 9; Vdovina & Fomin, 2015: 145) neem, word bepaal deur die bedoelings van die persoon wat die proses inisieer, dit wil sê, die kliënt of opdraggewer. Die effektiwiteit van 'n vertaling word dus beoordeel aan die hand van die teks se funksionaliteit in verhouding tot sy doel (Nord, 2010: 121–122).

Nord se hantering van die konsep teks verskil van dié van vorige vertaalteoretici. Die teks is, volgens haar, bloot 'n aanbod van inligting, waaruit die ontvanger net daardie elemente wat hy/sy in sy/haar eie kulturele situasie kan gebruik, selekteer – nie elke woord nie, en nie die volgorde waarin die woorde verskyn nie. 'n Vertaling is dus 'n aanbod van inligting aan 'n doelkultuurgehoor oor 'n ander aanbod van inligting aan 'n bronkultuurgehoor. Dit is dus nie sinvol om van *die* (enigste) betekenis van *die* bronteks in *die* vertaling te praat nie, omdat die betekenis van die teks nie in die linguistiese tekens geleë is nie, en deur enigiemand wat die kode ken, ontsyfer kan word nie. Daar is dus net soveel weergawes (vertalings) van die bronteks moontlik as wat daar doele in die doelkultuur bereik kan word deur middel van die doelteks (Nord, 2010: 122). Nord (1997: 16–26) verduidelik dat vertalers lede van die onderskeie kultuurgemeenskappe help om met mekaar te kommunikeer deur die gapings tussen verwagtings, kennis en perspektiewe te oorbrug.

2.3.2 Vertaling as doelbewuste handeling

Volgens Nord kan vertaling, in die lig van aksieteorie, die volgende rolle vervul in 'n poging om die oorhoofse doel van vertaling, naamlik, interkulturele kommunikasie, te bewerkstellig (1997: 16).

- **Vertaling as vertalende interaksie.** Situasies waarin mense of agente kommunikeer behels interaksie, en interaksie lei tot verandering van die situasie. Elke situasie word beïnvloed deur 'n veelheid van dimensies op verskillende vlakke (byvoorbeeld, geskiedenis, kennis of verwagtinge) (Nord, 1997: 16–18).
- **Vertaling as doelbewuste interaksie.** Dit beteken dat vertaling doelbewus probeer om iets te verander deur middel van die interaksie van die sisteme wat by

die proses betrokke is. Nord verduidelik twee aspekte van die doelbewuste aard van vertaling wat Vermeer uitlig. Eerstens, om teen optrede te besluit (en niks te doen nie), is ook doelbewuste gedrag en, tweedens, doelbewuste gedrag hoef nie noodwendig doelbewus te wees nie, dit moet net as doelbewus gesien of geïnterpreteer word deur deelnemers of waarnemers, en hierdie mense se afleidings kan verskil van dit wat die persoon wat die aksie uitgevoer het, bedoel het (Nord, 1997: 19).

- **Vertaling as interpersoonlike interaksie.** Almal en alles wat by die interaksie betrokke is, het sekere rolle, en elkeen se rolle is deur 'n komplekse netwerk van verhoudings met ander s'n verbind. In die konteks van vertaling speel mense die rolle van, onder andere, die skepper van die bronteks (die skrywer daarvan, en die instansie wat iets daarmee wil bereik), die vertaalopdraggewer, die vertaler, die ontvangers en die gebruikers van die doelteks (wat nie noodwendig dieselfde mense is nie) (Nord, 1997: 19–22). Dit is duidelik dat daar 'n verskeidenheid mense en instansies by elke teks se skepping en herskepping betrokke is, en elkeen vervul een of meer rolle gekoppel aan sekere funksies wat hulle aan die teks koppel.
- **Vertaling as handeling wat kommunikasie as doel het.** Nord (1997: 22–23) verduidelik dat kommunikasie deur middel van tekens plaasvind, maar dat rolspelers nie noodwendig dieselfde betekenis aan die tekens heg nie, en dat die betekenis van tekens anders deur verskillende rolspelers verstaan kan word, en hierdie verskille die beoogde kommunikasie in die wiele kan ry.
- **Vertaling is interkulturele aktiwiteit.** Kommunikasie vind in konkrete en definieerbare situasies wat mense van verskillende kulture betrek, plaas. Kulture is komplekse stelsels, wat gekenmerk word deur verskillende lae, vae grenslyne, en vloeibare ooreenkomste en verskille ten opsigte van ander kulture (Nord, 1997: 23–25).
- **Vertaling as teksverwerking.** Teks is 'n breë konsep, en sluit verbale en nie-verbale elemente, verborge of veronderstelde inligting en konteksgebonde leidrade in. Waar die bronteks voorheen as die grondslag van enige besluit deur

die vertaler gedien het, beskou die funksionalistiese teorie die bronteks as net een van verskeie bronne van inligting, waaruit selektief keuses gemaak kan word in verband met die skepping van 'n doelteks (Nord, 1997: 25–26).

Nord (1997: 28) verduidelik dat Vermeer, onder *skopos*, onderskei het tussen doelstelling (“aim”), doelwit (“purpose”), bedoeling (“intention”) en funksie (“function”). Nord se basiese onderskeid is egter tussen laasgenoemde twee terme. Bedoeling word vanuit die sender, wat iets met die teks wil bereik, se oogpunt gedefinieer. Omdat die onderskeie situasies van senders en ontvangers egter kan verskil, kan die bedoeling van die sender verskil van die funksie wat die ontvanger aan die teks heg. Die funksie word bepaal deur, onder meer, die ontvanger se verwagtings, behoeftes, voorafkennis en omstandighede. In 'n ideale situasie sal die sender se bedoeling en die ontvanger se funksie ooreenstem. Die sender en ontvanger is egter net twee van 'n aantal elemente in die vertaalsituasie, en is dus nie die enigste twee agente wat 'n invloed op die situasie het nie.

Die meeste tekste het meer as een *skopos*, wat gewoonlik in 'n hiërargie gerangskik is. Van die vertaler word verwag om 'n teks doelbewus en konsekwent volgens 'n sekere *skopos* te hanteer. Dus is die vraag nie meer hoe “vry” of “getrou” vertaling moet wees nie, maar wat die funksie van die vertaling is, en tot watter mate die vertaler daaraan voldoen (Nord, 1997: 29).

Die funksie van die vertaling word, volgens Nord (1997: 30), uitgespel in 'n vertaalopdrag (“translation brief”), wat die persoon wat die vertaling aanvra, veronderstel is om aan die vertaler te verskaf. Onder die elemente van die opdrag behoort daar eksplisiete en implisiete riglyne te wees oor wat die bedoelde teksfunksies is, op wie die doelteks gerig is, die tyd en plek wat die doelteks ontvang sal word, die medium waardeur die doelteks ontvang sal word, en die rede vir die produksie of ontvangs van die doelteks (Nord, 1997: 60). Nord erken egter dat die opdraggewer nie altyd self weet wat die funksie is nie, en dit dikwels aan die vertaler oorlaat om op die funksie van 'n sekere teks te besluit (Nord, 1997: 30).

2.3.3 Intratekstuele en intertekstuele koherensie

Nord (1997: 31) verduidelik dat die funksie van 'n teks nie in die linguistiese tekens lê nie, maar *deur* die ontvanger, *vir* die ontvanger, geskep word – elke ontvanger van 'n teks kan 'n ander betekenis toeken. Elke doelteks is 'n aanbod van inligting wat deur 'n vertaler in 'n doelkultuur en -taal geformuleer is en dié aanbod is gebaseer op 'n aanbod van inligting deur iemand anders in die bronkultuur en -taal – daar is dus nie sprake van *die* (uitsluitlike) doel van *die* (enigste) doelteks nie (Reiss & Vermeer, 1984, in Nord, 1997: 32).

Gevolgtrek word die verhouding tussen die bron- en doelteks deur twee tipes koherensie beskryf. Vermeer beweer dat die vertaler 'n doelteks moet skep wat intratekstuele koherensie besit. Dit beteken dat die teks vir ontvangers moet sin maak in die kommunikasiesituasie en kultuur waarin hulle dit ontvang. Omdat die doelteks egter 'n aanbod van inligting oor 'n voorafgaande aanbod van inligting is, moet die doelteks ook in verhouding staan tot die bronteks; Vermeer noem dit intertekstuele koherensie, of getrouheid (“fidelity”). Intertekstuele koherensie is ondergeskik aan intratekstuele koherensie, en albei is ondergeskik aan die *skopos* (Nord, 1997: 32–33).

2.3.4 Kultuur en kultuurspesifisiteit

Vertaling behels die vergelyking van kulture, en vertalers gebruik hul eie kultuur as bril om verskynsels in ander kulture te interpreteer. Die bronkultuur word dus òf van binne òf van buite (na gelang van of vertalers vanuit of na hulle moedertaal-en-kultuur vertaal) beskou. Alles wat van ons eie kultuur verskil, word as behorende aan die ander kultuur beskou – die konsepte van ons eie kultuur dien as vertrekpunt vir die verwagting van eenders- of andersheid van verskynsels in ander kulture (Nord, 1997: 33).

2.3.5 Ekwivalensie en geskiktheid

'n Vertaler maak noodwendig aannames oor die behoeftes, verwagtings, voorafkennis en so meer van die doelteksgehoor, en dié aannames verskil van die aannames wat die oorspronklike skepper van die bronteks oor die bronteksgehoor gemaak het, omdat die

twee stelde ontvangers van die twee tekste verskillende tale en kulture verteenwoordig. Dit impliseer dat die vertaler nie dieselfde tipe of hoeveelheid inligting as die bronteksskepper kan aanbied nie – dit moet 'n ander tipe inligting in 'n ander formaat wees (Nord, 1997: 34–35).

Voor die ontwikkeling van die funksionalistiese benadering tot vertaling was die standaard van vertaling gekoppel aan ekwivalensie, wat Nord definieer as 'n verhouding van gelyke kommunikasiewaarde of funksie tussen 'n bron- en doelteks van 'n bron- en doeltaal (1997: 123). Die idee dat die vertaler nie noodwendig dieselfde inligting wat in die bronteks vervat is, in die doelteks gaan weergee nie, gee aanleiding tot vrae oor die rol wat ekwivalensie vandag in vertaling speel. In reaksie op dié vraag sê Pym (2010: 44), “Equivalence went out of style.” Hy verduidelik dat 'n vertaler wat volgens die *skopos*-paradigma vertaal nie noodwendig verplig is om die bronteks getrou na te boots nie – tensy die vertaalopdrag dit van die vertaler vereis.

Nord (1997: 112) verwys na 'n definisie van vertaling deur Koller, en kom tot die gevolgtrekking dat ekwivalensie 'n “rather flexible and relative concept” is wat verband hou met “spesiale verhoudings” tussen die elemente van die vertaalproses, en wat volgens 'n sekere hiërargie aandag geniet gedurende die vertaalproses (verwys na Basson (2002) se studie oor die geskiktheid van die funksionalistiese benadering vir vertaling van die Bybel na Afrikaans).

2.3.6 Teksklassifikasie en -funksies

Deur 'n teks as 'n sekere tipe te klassifiseer, help 'n vertaler om te besluit oor die mate van ekwivalensie wat toegepas moet word. Nord (1997: 37–38) verwys na Reiss se klassifikasie van drie tipes tekste op grond van oorwegende kommunikasiefunksie, naamlik, informatief, ekspressief en operatief – hierdie klassifikasie word ook in paragraaf 3.5.4 bespreek.

Informatiewe tekste het as hoofdoel om lesers oor verskynsels of objekte in te lig. Hierdie tipe teks word as universeel beskou, en geld dus vir sowel bron- as doelteks, en die wyse van uitdrukking is ondergeskik aan die funksie. In die geval van informatiewe tekste sal 'n

vertaler probeer om 'n feitlik korrekte en volledige weergawe van die bronteks in die doelteks weer te gee. In Nord se model van teksfunksies het hierdie soort teks 'n referensiële funksie, en kan dit in 'n aantal subfunksies onderverdeel word, byvoorbeeld, didaktiese of voorskriftelike subfunksies (1997: 37, 40–41).

Volgens Reiss word ekspressiewe tekste gekenmerk deur 'n estetiese element wat die informatiewe element aanvul of selfs kan oorskadu. Volgens Nord verwys die ekspressiewe funksie na die sender se houding teenoor objekte of verskynsels. Die subfunksies hou verband met wat uitgedruk word, byvoorbeeld, emosies of oordeel, en is gekoppel aan waardes van die bronkultuur (Nord, 1997: 38, 41–41).

Reiss se operatiewe tekstipe behels tekste waarvan sowel die inhoud as die vorm ondergeskik is aan die ekstralinguistiese effek wat nagestreef word. Nord noem die funksie van hierdie tipe teks appellatief, en dié tipe teks probeer byvoorbeeld om mense van 'n sekere standpunt te oortuig, of om 'n beroep op sekere morele of etiese waardes te doen. Die funksie is ontvangergeoriënteerd; dit wil sê, die teks sal nie sy doel bereik tensy die ontvanger se verbeelding aangegryp word nie (Nord, 1997: 38, 42–43). Vdovina en Fomin (2015: 145) bespreek hoe 'n vertaler te werk gaan om 'n soortgelyke effek in die doeltaal (in hulle geval, Russies) te bewerkstellig, en in die proses semantiese akkuraatheid ondergeskik stel in die skepping van 'n nuwe werk met dieselfde artistieke waarde.

Nord identifiseer 'n vierde funksie, naamlik die fatiese funksie, wat ten doel het om kontak tussen die sender en ontvanger te inisieer, handhaaf of beëindig. Hierdie kommunikasie is op konvensie van 'n sekere kultuur gebaseer, byvoorbeeld aanspreekvorme of maniere van groet (Nord, 1997: 44).

Tekste met verskillende funksies sal dus verskillende vertaalstrategieë vereis, en dié gekose strategie sal gebaseer wees op en bepaal wat die aard van die verband tussen die bron- en die doelteks is.

2.3.7 Tipologie van vertaling: Dokumentêr of instrumenteel

Nord se funksionalistiese benadering stel twee uiterste benaderings voor waarvolgens 'n vertaalopdrag benader kan word, en wat op die funksie van die proses en die teks gebaseer is, naamlik, dokumentêr en instrumenteel (1997: 47–50).

- 'n Dokumentêre vertaling behels die skepping van 'n dokument in die doeltaal wat 'n weergawe is van die interaksie wat die brontaalteksskepper, via die brontaalkultuur, met die brontaalgehoor het. Die doelteks is inderwaarheid 'n teks oor 'n teks, en die doel daarvan is om die strukturele elemente van die brontaal deur middel van die doeltaal uit te beeld – ons sou dit ook 'n interliniêre of letterlike vertaling kon noem.
- 'n Instrumentele vertaling, daarenteen, behels die skepping van 'n instrument vir 'n nuwe tipe interaksie deur die brontaalteksskepper met die doeltaalgehoor. Met dié tipe vertaling sou dit moontlik wees om dieselfde reeks funksies in die doeltaal as in die brontaal te bereik.

2.3.8 Gevolgtrekking

Die funksionalistiese benadering is 'n praktiese benadering, wat waarskynlik vir vertalers 'n raamwerk bied waarvolgens komplekse vertaalbesluite ietwat vereenvoudig kan word. Kennis oor wat die funksie of doel van 'n vertaling is, kan ander besluite vergemaklik, en bevry die vertaler as't ware van, aan die een kant, slaafse reproduksie van die bronteks in die doeltaal-en-kultuur, of, aan die ander kant, algehele vryheid om op eie inisiatief 'n doelteks te skep. Vertalers moet egter daarteen waak om dié benadering op 'n simplistiese manier toe te pas, en uit die oog te verloor dat die situasie waarin die vertaalaksie plaasvind, steeds geensins liniêr, staties, eenvormig, geslote of konstant is nie. Die feit dat optrede doelgerig is, beteken ook nie dat dit noodwendig net deur logiese of rasonale beginsels gerig word nie.

Vervolgens (paragraaf 2.4) word die filosofiese benadering van kompleksiteit bespreek, en die manier waarop vertaling as handeling by so 'n dinamiese, heterogene, oop en nie-liniêre sisteem kan inpas, in die teenwoordigheid van inter-interaksies tussen 'n groot

aantal sisteme en subsisteme, en met inagneming van die besef dat besluite selde binêre opsies behels.

2.4 KOMPLEKSITEITSDENKE

2.4.1 Inleiding

Kompleksiteit as 'n filosofiese benadering bestaan al ten minste 'n eeu lank, en het ontstaan uit die voortdurende spanning tussen die universele en die spesifieke, die dele en die geheel, die veranderlike en die konstante. Logika alleen kan nie die ingewikkeldheid van hierdie teenstrydighede verduidelik nie, en kompleksiteitsdenke verteenwoordig 'n poging om die gekompliseerdheid van die realiteit te verduidelik (Marais, 2014: 17). Larsen-Freeman en Cameron (2008: 1–2) waarsku egter dat kompleks nie net ingewikkeld beteken nie, maar dat die woord kompleksiteit eerder verwys na die interaksie tussen die komponente van 'n sisteem; gedrag is nie liniêr nie, omdat gevolge nie lynreg met oorsake verband hou nie; besluite is nie noodwendig binêr nie, want daar is dikwels meer as twee teenoorgestelde opsies waaruit 'n keuse gemaak moet word; geen verskynsel is staties nie, want nuwe verskynsels ontwikkel gedurig uit interaksie tussen verskynsels.

2.4.2 Tradisionele Westerse wetenskaplike denke en kompleksiteit

Marais (2014: 19–20) verduidelik dat die Westerse wetenskaplike paradigma 'n komplekse realiteit deur middel van 'n eenvoudige konseptualisering probeer verduidelik. Die idee agter dié konseptualisering is dat daar onder die chaos orde, eenvoud en eenheid te vinde is – as eenvoudige en presiese wette toegepas word, ontvou die realiteit op 'n voorafbepaalde en meganistiese manier. Marais sê nie dat hierdie idee verkeerd is nie, maar stel dat so 'n benadering nie alles kan verduidelik nie; hy sê ook nie dat die idee nie verwerp moet word nie, maar dat dit moet plek maak vir meer kompleksiteit. Ons moet kennis neem van sowel die dele as die geheel, en van die verhoudings tussen al die dele, en tussen die dele en die geheel; ons moet besef ons het te doen met 'n paradoks, wanorde en onvoorspelbaarheid: dat die universele die besondere is, en dat verskil en

eendersheid een is. Die aaneengeskakelde aard en interverhoudings van al die elemente van 'n sisteem is een van die kenmerke van kompleksiteit (Baghdadi, 2017: 10). In plaas daarvan om kompleksiteit te probeer verduidelik deur dit af te breek en die dele daarvan te bestudeer, moet ons kompleksiteit self konfronteer, en ons daarvan weerhou om 'n enkele verduideliking daarvoor te probeer vind.

2.4.3 Aard van kompleksiteit

Kompleksiteitsdenke het dus ontwikkel in reaksie op die beperkings inherent in die reduksionistiese, analitiese vooroordeel van Westerse wetenskap, wat poog om verskynsels te isoleer, beskryf en analiseer. Kompleksiteitsdenke het as vertrekpunt die idee dat die realiteit sowel kompleks as eenvoudig kan wees, en in die geval van tipies konflikterende binêre elemente (byvoorbeeld, deel of geheel, meganies of organies, universeel of spesifiek, kultuur of natuur), vorm albei saam die realiteit – die een is nie aan die ander ondergeskik nie, maar word saam in 'n tipe paradoksale spanning gehandhaaf. Kompleksiteit erken dat realiteit in wese irrasioneel is, en probeer nie om dit te rasionaliseer nie (Marais, 2014: 22).

In 'n komplekse realiteit bestaan daar hoër- en laerordeverskynsels, en nuwe verskynsels ontstaan voortdurend. Aan die een kant is hierdie ontwikkeling geensins deterministies nie, en aan die ander kant is dit onderworpe aan en selfs afhanklik van struktuur, geskiedenis en dit wat moontlik is. Alles is moontlik, maar nie alles realiseer nie (Marais, 2014: 23).

Met verwysing tot die idee dat realiteit uit strata of hiërargieë bestaan, beweer 'n reduksionistiese benadering dat elke vlak die vorige (laer vlak) insluit en daarop gebaseer is, en elke (hoër) vlak meer kompleks is as die vorige; 'n hoër vlak kan aan die hand van die vorige verduidelik word (Marais, 2013: 726–727). Op sy beurt beweer kompleksiteit ook dat die realiteit uit 'n hiërargie van strata bestaan, maar verwerp die idee dat hoër strata gedissekteer en tot laer strata gereduseer kan word – geen vlak of aantal vlakke saam kan 'n volledige verduideliking vir 'n ander vlak gee nie (Marais, 2014: 49). Hierdie verskynsel is te wyte aan die konsep ontspringing (“emergence”), waardeur al die vlakke van die realiteit met mekaar verbind word. Die interverhoudings tussen dele van

verskynsels gee aanleiding tot nuwe konstellasies van verdere interverhoudings (Marais, 2014: 48) – opwaarts en afwaarts, van die plaaslike na die globale en andersom. Die plaaslike en globale is verstrengel in 'n komplekse en onvermydelike verhouding, waardeur die een die ander sowel beperk as moontlik maak (Marais, 2014: 50).

Ter opsomming verduidelik Marais (2014: 26) dat kompleksiteitsdenke realiteit beskou as hiërargies, nie-liniêr, paradoksaal en nie in ewilbrium nie, en dat sisteme oop is. Dit beskou die geheel van die realiteit as onderling verbandhoudend, en voortdurend aan die verander.

2.4.4 Komplekse adaptiewe sisteme en die eienskappe daarvan

In terme van kompleksiteitsdenke kan die menslike samelewing, soos die menslike brein, en soos taal (Five Graces Group, 2009: 2), as 'n komplekse, adaptiewe sisteem beskryf word. Die kompleksiteit van dié sisteme word veroorsaak deur die adaptiewe aard van die netwerk van interafhanklikhede wat elemente van die sisteem verbind – adaptief beteken dat die agente of elemente in die komplekse sisteem in reaksie op terugvoer verander en aanpas (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 2). Kompleksiteitsdenke is dus 'n vertakking van sisteemteorie (Marais, 2014: 27), en bestudeer komplekse, dinamiese, nie-liniêre, selforganiserende, oop, ontspringende, soms chaotiese en adaptiewe sisteme (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 4).

Marais (2014: 28–43) bespreek die eienskappe van komplekse adaptiewe sisteme soos deur Emmeche (2004) uiteengesit, en toon hoe dit op taalpraktyk, spesifiek vertaling, toegepas kan word. Larsen-Freeman en Cameron (2008: 29–36) en die Five Graces Group (2009) verduidelik ook die dinamika en komponente van komplekse sisteme, en pas dit op taal in die algemeen toe. Laasgenoemde tipologie (eenvoudiger as dié van Emmeche), behels die volgende vyf eienskappe van komplekse adaptiewe sisteme: a) die sisteem se elemente is heterogeen; b) die sisteem is dinamies; c) die sisteem se gedrag is nie liniêr nie; d) die sisteem is 'n oop sisteem; en e) die sisteem is adaptief.

2.4.4.1 Sisteme bestaan uit heterogene elemente op verskillende vlakke

Daar bestaan komplekse en paradoksale verhoudings tussen 'n veelheid agente en die sisteem (Marais, 2014: 27), en die kompleksiteit van komplekse sisteme is die gevolg van die elemente en sisteme wat interafhanklik is en op 'n verskeidenheid maniere met mekaar in interaksie is (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 29; Batten, 2011: 313). Volgens Holland (1992: 92) behels komplekse sisteme 'n groot aantal dele wat 'n kaleidoskopiese verskeidenheid gelyktydige interaksies ondergaan.

Kompleksiteitsdenke wyk af van die algemene neiging om te soek na die gemiddelde, en om dit te beskou as verteenwoordigend van die geheel. Daarteen stel kompleksiteitsdenke belang in die handhawing van uiterstes, want dit is die interaksie van verskille, en nie veralgemenings of die mediaan nie, wat die grondslag van die ondersoek vorm.

'n Sisteem se heterogene elemente is volgens 'n hiërargie gerangskik. Van die laagste opwaarts, is daar fisieke, chemiese, biologiese, psigologiese, en sosiale strata. Elke vlak beïnvloed aanliggende vlakke – op- en afwaarts. 'n Hoër vlak behels niks meer as die vlak waaruit dit ontstaan nie, maar is die vorm wat die vorige vlak aanneem deur besondere interaksies, skakels en interaksies tussen sy dele (Marais, 2014: 28–29). Larsen-Freeman en Cameron (2008: 30) gebruik die term “nested” om die verhouding tussen die vlakke te beskryf.

Die essensie van die sisteem is dus nie in die elemente geleë nie, maar in hul interaksie. As hierdie eienskap op vertaling toegepas word, is die implikasie dat vertaling nie tot enige van sy elemente (soos taal, teks of menslike handeling) gereduseer kan word nie – dit is deur die interaksie van hierdie en ander elemente wat vertaling sin kry (Marais, 2014: 32). Afwaartse oorsaaklikheid, as eienskap van kompleksiteit, staan teenoor die idee van opwaartse oorsaaklikheid of ontspringing. Dit verwys na die idee dat die geheel meer is as die dele, en dit is ook op vertaling van toepassing (Marais, 2014: 36).

Vertaling kom te voorskyn uit al die strata van die psigologiese af afwaarts, en speel 'n rol in die superstrata van die maatskaplike realiteit (waaronder die reg, ekonomie en

medisyne). Die substrata is dus 'n voorvereiste vir vertaling om te voorskyn te kom, en vertaling is nodig vir die superstrata om te voorskyn te kom (Marais, 2014: 28–29).

2.4.4.2 Komplekse sisteme is dinamies

In komplekse adaptiewe sisteme kan eenvoudige wette tot komplekse gedrag aanleiding gee. Dié soort sisteem het nie net 'n enkele, sentrale, beherende “reël” nie, maar eerder 'n groot aantal verspreide dele wat op 'n verskeidenheid maniere met mekaar in interaksie is, elke deel volgens sy eie reëls. Elke deel se reëls kan die gedrag van ander dele beïnvloed, en so een of meer dele van die sisteem verander (Holland, 1992: 21–22). 'n Gevolg het altyd 'n veelvoud oorsake, en is die resultaat van die manier waarop 'n groot aantal oorsaaklike faktore oor tyd en saam 'n uitwerking gehad het (Batten, 2011: 313).

Dié eienskap is lynreg teenoor die reduksionistiese idee dat komplekse verskynsels uit eenvoudige elemente saamgestel is (Marais, 2014: 30). Die moontlikheid is eerder dat die eenvoudige kan lei tot die komplekse, of nie, en komplekse wette kan ook eenvoudige gevolge hê, of komplekse wette komplekse gevolge, of eenvoudige wette eenvoudige gevolge. Marais (2014: 30) stel voor dat vertaling 'n komplekse verskynsel is wat deur komplekse, nie-liniêre wette gerig word.

Marais (2014: 31) haal vir Kauffman (1995) aan, wat beweer dat die organisasie van die elemente nie lukraak is nie, maar die gevolg is van die interaksie tussen die elemente van die sisteem. Komplekse sisteme organiseer hulleself, hoewel geen vorm van organisasie blywend is nie. Daar is orde in dié organisasie, maar ook disekwilibrium; want 'n sisteem in ekwilibrium is “dood”. Sekere dele van 'n sisteem kan tydelik by 'n optimum punt vassteek, maar dan ontstaan nuwe ontspringende gedrag, en die verandering gaan voort (Holland, 1992: 20).

'n Kontroversiële eienskap van komplekse sisteme is dat dit op die rand van chaos bestaan (Marais, 2014: 39–40). Dié eienskap impliseer dat komplekse adaptiewe sisteme nòg deur chaos, nòg deur ekwilibrium gekenmerk word. Die sisteem kies nie chaos óf ekwilibrium nie, maar balanseer op 'n mespunt: die rand van chaos. As 'n sisteem te na

aan chaos beweeg, sal dit in duie stort; as dit te stabiel raak, sal dit tot niet gaan, daarom beweeg die sisteem tussen die twee uiterste toestande.

Bestaan op die rand van chaos kan op vertaling toegepas word: bestaande sisteme word voortdurend ontwig deur nuwe inligting; en die vertaling moet die balans tussen die verband tussen die bron- en doelteks handhaaf. Byvoorbeeld, as die doelteks te sterk aan die bronteks gekoppel is, sal doelkultuurlesers dit moeilik verstaan, as dit te ver van die bronteks af beweeg, verteenwoordig dit nie meer die bronteks nie, en word dit 'n nuwe skepping (Marais, 2014: 40).

2.4.4.3 Komplekse sisteme is nie liniêr nie

Dit is moeilik om gevolge in komplekse sisteme te voorspel. Die gedrag van elemente van die sisteem vind nie liniêr plaas nie, en die gevolge van interaksie kan nie voorspel word nie (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 30–31). Klein verskille in aanvangstoestande kan tot groot verskille in die uitkomste lei, soortgelyke oorsake het nie noodwendig dieselfde gevolge nie, en as dieselfde aanvanklike toestande weer voorkom, het dit nie altyd dieselfde gevolg nie.

Dié sisteme is nie onderworpe aan tradisionele idees wat behels dat die dinamiek van sisteme op liniêre maniere verduidelik kan word nie. Omdat vertaling in 'n oop sisteem plaasvind (vergelyk paragraaf 2.4.4.4), sal elke stimulus, soos 'n teks, tot verskillende interpretasies en dus verskillende vertalings lei (Marais, 2014: 32–33). Dié eienskap van komplekse sisteme hou verband met die sisteem se wankeling tussen orde en chaos. Omdat 'n mens nie weet wat 'n verandering in een element vir ander elemente of die sisteem as geheel gaan beteken nie, word beweer dat verandering deur revolusie plaasvind, en nie teen 'n konstante tempo nie, maar lukraak (Bak, 1996, aangehaal deur Marais, 2014: 40–41).

2.4.4.4 Komplekse sisteme is oop sisteme

In oop sisteme vloei 'n verskeidenheid inligting oor grense heen; hierdie interaksie is inderdaad noodsaaklik vir die sisteem se oorlewing (Marais, 2014: 38). 'n Oop sisteem

bly dinamies omdat dit voortdurend nuwe inligting ontvang; in teenstelling met 'n geslote sisteem, wat later stabiliseer (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 30).

Konteks of omgewing is nie net 'n stabiele “agtergrond” vir menslike gedrag nie, maar kan verander deur 'n proses van wedersydse interaksie en aanpassing tussen konteks en individu. Die individu en die konteks is gekoppel en pas voortdurend by mekaar aan (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 7).

As hierdie voortdurende dinamika op taal toegepas word, kan ons sê dat taal se interne organisasie elke keer wat dit gebruik word, aanpas, en weens die energie wat voortdurend in die sisteem ingevoer word, kan dit nooit 'n toestand van ewilbrium bereik nie (Five Graces Group, 2009: 15–16) (indien dit sou, sal dit ophou bestaan) (Kramsch, 2012: 11). Inligting vloei heen en weer terwyl die vertaler vorentoe en agtertoe tussen die bronteks na doelteks beweeg. Die doelteks kan nooit 'n presiese kopie van die bronteks wees nie, want die geskiedenis beweeg net in een rigting (Marais, 2014: 39). Die oopheid van die sisteem beteken ook dat dit wat deur die interaksie ontstaan, nie in 'n liniêre verhouding tot sy oorsaak staan nie – dit wil sê, 'n onverwagse gebeurtenis kan enige tyd ontstaan (Kramsch, 2012: 11).

2.4.4.5 Komplekse sisteme is adaptief

Komplekse sisteme het eienskappe van ontspringing. Holland (1992: 19; ook 1995, aangehaal deur Marais, 2014: 33–34) verduidelik dat komplekse adaptiewe sisteme kan verander omdat hulle kan leer en antisipeer. Die gedrag van komplekse sisteme is ook nie net op die gedrag van die dele gebaseer nie – Holland noem dit “aggregate behavior” (1992: 20), wat verwys na komplekse, grootskaalse gedrag wat ontstaan uit die gedrag van minder komplekse elemente. Dit is die gevolg van sisteme wat hulleself na aanleiding van interaksie met die omgewing en ander elemente organiseer, en hierdeur aanleiding gee tot nuwe verskynsels op ander vlakke. Dié proses word ontspringing genoem (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 59; Marais, 2014: 47). Kramsch (2012: 18) verduidelik dat, in die plek van deterministiese oorsaaklikheid, waar alles voorspel kan word en bekend kan wees, is 'n noodsaaklike element van die proses van ontspringing die onbekende of toevallige. Elke vlak van organisasie het 'n verskillende logika of orde.

Marais definieer ontspringing as 'n hulpmiddel om die realiteit te bestudeer sonder om dit tot enige van die samestellende dele te reduceer. Dit is 'n wetenskaplike sowel as filosofiese konsep met metafisiese elemente (2014: 47). Ontspringing is 'n manier om te verduidelik hoe 'n hoër of meer komplekse, of nuwe, of verskillende vlakke, deur "ontwikkeling" of "evolusie" te voorskyn tree. In dié verband verklaar Tymoczko (2014: 298) dat geen betekenis "vas" is nie: "It is open-ended, expanding and retracting as time passes, as history unrolls and culture alters, as signs change significance." Ontspringing ondersoek hoe dinge uit konstellaties van interverhoudings tussen elemente ontstaan (Marais, 2014: 48).

2.4.5 Taal en vertaling as 'n komplekse adaptiewe sisteem

Tymoczko (aangehaal deur Marais, 2013: 730) beweer dat vertaling op taal gebaseer is. Die Five Graces Group (2009: 2), op sy beurt, verduidelik waarom dit sinvol is om die taalkonteks as 'n komplekse adaptiewe sisteem te beskou. Ten spyte van hoe daar oor tyd toenemende verwysing na en inkorporering van ander semiotiese sisteme by vraagstukke wat met vertaling verband hou, plaasgevind het, glo ek die Five Graces Group se argumente oor taal as 'n komplekse adaptiewe sisteem kan ons help om die aard van so 'n sisteem, en die toepassing van die kompleksiteitsdenke op 'n verskeidenheid ander sisteme, ook vertaling, beter te verstaan.

Hulle verduideliking is geleë in a) die variasies wat op alle vlakke van linguistiese sisteme voorkom, b) die probabilistiese aard van linguistiese gedrag, c) voortdurende verandering binne agente en oor spraakgemeenskappe, d) die ontstaan van grammatikale reëlmatighede uit die interaksie van agente tydens taalgebruik, en e) gefaseerde oorgange weens onderliggende, nie-liniêre prosesse (Five Graces Group, 2009: 2).

Five Graces Group (2009) bied sewe eienskappe van taal aan wat verduidelik waarom taal as 'n komplekse adaptiewe sisteem beskou kan word. Dié eienskappe van taal stel voor hoe dit 'n invloed op die vertaalproses kan hê.

- **Verspreide beheer en gemeenskaplike uitdrukking:** Taal bestaan binne individue (as idiolekte) én tussen 'n gemeenskap van gebruikers, en verander na

aanleiding van sowel persoonlike aanwending van taal as die interaksie tussen die idiolekte. Verandering is op gemeenskapsvlak sigbaar, terwyl dit nie by elke individu weens dieselfde redes of terselfdertyd plaasvind nie. Die meganisme wat die aanvanklike verandering veroorsaak, is nie noodwendig later aktief nie; individue wat later 'n verandering aanvaar, doen dit moontlik net omdat dit reeds die dominante spreekwyse is (Five Graces Group, 2009: 14–15).

- **Intrinsieke diversiteit:** In 'n komplekse adaptiewe sisteem is daar geen ideale agent wat die sisteem verteenwoordig nie. Elke idiolek is die gevolg van 'n individuele unieke blootstelling en ervaring van taalgebruik (Five Graces Group, 2009: 15).
- **Aanpassing deur versterking van en kompetisie tussen faktore:** Omdat komplekse adaptiewe sisteme bestaan uit 'n verskeidenheid elemente wat in interaksie is, beïnvloed elemente mekaar. Positiewe terugvoer werk saam met negatiewe terugvoer om tot die skepping, voortbestaan of tot niet gaan van strukture aanleiding te gee. Sprekers neig om ekonomies te werk te gaan, terwyl aanhoorders voorkeur gee aan eksplisiete, duidelike, toepaslike en uitgebreide inligting (Five Graces Group, 2009: 16).
- **Oorgang tussen fases en gebrek aan lineariteit:** In komplekse adaptiewe sisteme kan 'n aantal klein veranderinkies aanleiding gee tot 'n nuwe fase sonder 'n merkbare skeidslyn. Op 'n sekere punt van 'n voortdurend dinamiese sisteem akkumuleer individuele veranderinge en gee dit aanleiding tot dramatiese veranderinge (Five Graces Group, 2009: 16–17).
- **Sensitiwiteit vir en afhanklikheid van 'n netwerkstruktuur:** Interaksies vind nie onwillekeurig plaas nie, en is onderhewig aan maatskaplike beperkings – hierdie eienskap het byvoorbeeld 'n belangrike invloed op die proses van taalverandering (Five Graces Group, 2009: 17).
- **Verandering is plaaslik:** Sisteme word geleidelik al hoe meer kompleks weens die hulpbronne wat plaaslik beskikbaar is. Dit is nie iets wat van bo af of doelbewus aangemoedig kan word nie. Taal ontstaan uit voortdurende menslike interaksie, en die struktuur daarvan word bepaal deur bestaande denkvaardighede, unieke maniere van dink en konseptuele beperkings. Taal pas by die menslike brein aan,

en nie andersom nie. Komplekse kommunikasie is 'n spieëlbeeld van maatskaplike kompleksiteit (Five Graces Group, 2009: 17–18).

Kommunikasie vind op soveel verskillende vlakke plaas dat daar 'n groot kans is dat mense mekaar sal misverstaan. Five Graces Group (2009: 4–6) verduidelik dat hierdie kompleksiteit die grondslag vir verandering van die taalsisteem vorm. Ons kan nie mekaar se gedagtes lees nie, en konvensie is nie altyd genoeg om kommunikasie te reguleer nie – die spreker en aanhoorder se bestaande kennis en ervaring van konvensies stem nie noodwendig ooreen nie, en elke situasie is uniek en onderworpe aan nuwe veranderlikes. Verder vind kognitiewe verandering in reaksie op kommunikasie plaas, en dra by tot die aard van taal. Die vertaler as kommunikeerder tussen tale en kulture moet tred hou van dié neiging tot verandering.

2.4.6 Gevolgtrekking

Marais (2014: 78) sê dat taal net een van die perspektiewe is waaruit vertaling bestudeer kan word. Vanuit 'n filosofiese perspektief is vertaling op sigself 'n komplekse verskynsel, wat uit 'n verskeidenheid dele bestaan, en as 'n geheel weer deel uitmaak van ander gehele (2014: 44). Hy verwerp die idee – kenmerkend van die Westerse wetenskaplike paradigma – dat net een perspektief gebruik moet word om vertaling te bestudeer, asook die idee dat vertaling in terme van die perspektief van 'n ander dissipline (byvoorbeeld linguistiek, pragmatiek of sosiologie) bestudeer moet word. Hy stel 'n raamwerk voor waarbinne vertaling en vertaalstudie, as ontspringende kultuurverskynsels (2013: 729), vanuit die (multidissiplinêre) kompleksiteitsdenke bestudeer moet word. Vir hom is vertaling nie net 'n dissipline nie, maar 'n sogenaamde transdissipline (2014: 115).

Vir Marais is vertaling 'n ontspringende verskynsel wat ontstaan uit 'n aantal verskynsels op laer vlakke as die vlak van vertaling (2013: 731; 2014: 106); die verskynsel is die gevolg van menslike interaksie tussen menslike tale, en ontspring uit onder meer menslike persoonlikheid, taal, letterkunde, menslikheid, die samelewing en pragmatiek, maar kan nie ten volle vanuit hierdie perspektiewe verduidelik word nie. Dit is 'n nuwe, onafhanklike verskynsel, waarvan die eienskappe nie deur die samestellende elemente

verduidelik kan word nie, en wat onderworpe is aan kontekstuele beperkinge (Marais, 2013: 731–732).

2.5 SLOT

In hoofstuk 2 is twee teoretiese standpunte aangebied wat die moontlikheid het om te verduidelik hoe vertalers optree as hulle deur onsekerheid gekonfronteer word. Funksionalisme is 'n benadering tot vertaling met die uitgangspunt dat die doel van 'n vertaling die rigtinggewende bepaling is wanneer 'n vertaler op 'n strategie vir probleemoplossing moet besluit. Op sy beurt, bied kompleksiteitsdenke insig in die aard van die sisteem waarbinne vertaling plaasvind en waarbinne die vertaler besluite moet maak. Dit is duidelik dat die komplekse aard van die sisteem beteken dat ons opnuut moet dink oor die manier waarop vertalers onsekerheid hanteer. Vertaling is allermins die eenvoudige, liniêre proses met sy drie fundamentele stappe, wat in paragraaf 1.1 beskryf is.

Navorsers wat 'n reduksionistiese benadering – gebaseer op tradisionele, positivistiese denke oor die wetenskap – vir die studie van vertaling aanwend, sal dit moeilik vind om die komplekse aard van 'n proses soos besluitneming volledig te verstaan of te verduidelik. In hoofstuk 3 word vertaling as 'n komplekse verskynsel gekonseptualiseer. Ek bepreek die oorsake van onsekerheid en hoe besluitneming benader word, en die rol wat strategie speel.

HOOFSTUK 3: KONSEPTUALISERING VAN VERTALING AS 'n KOMPLEKSE VERSKYNSEL

3.1 INLEIDING

Tradisioneel is vertaling beskryf as die produk van drie fundamentele prosesse, naamlik, a) begrip van die brontaal; b) oordrag van die betekenis van die brontaal na 'n doeltaal; en c) skepping van 'n teks in die doeltaal (Gerzymisch-Arbogast, 2005: 3). Die betekenis van 'n teks is egter nie altyd iets wat ooglopend is nie; Tymoczko (2014: 265) verklaar dat vertalers, vertaalnavorsers en -dosente dikwels aanvaar dat betekenis eenvoudig, ondubbelsinnig en ooglopend is, maar dat so 'n benadering 'n oorvereenvoudiging van die komplekse aard van die vertaalproses is. Selfs al is die betekenis van 'n teks bekend, is vertaling is nie 'n liniêre, meganiese proses wat stapsgewys deur enige persoon wat die bron- sowel as die doeltaal ken, uitgevoer kan word nie.

Die skepping van 'n doeltteks vereis 'n omvattende, veeldimensionele besluitnemingsproses wat gekenmerk word deur redenering, oordeel, probleemoplossing, doelgerigte besluitneming en strategie (Hardman & Macchi, 2003: xi), en wat 'n verskeidenheid beperkings en invloede, van interne en eksterne oorsprong, op die vertaalproses in ag neem. Van die ander kognitiewe bedrywighede wat by sowel vertaling as tolking betrokke is, is waarneming, luister en praat, lees en skryf, redenering, oproep van kennis wat in die geheue gestoor is, en oorweging van sielkundige en sosiale faktore (De Groot, 2000: 53). Die vertaler is dikwels die persoon wat self die betekenis van 'n teks moet ontsyfer, bepaal en skep (Tymoczko, 2014: 265, 276).

Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die wyse waarop vertalers en tolke die onsekerheid wat hulle gedurende die vertaalproses ervaar, hanteer en hoe hulle besluite neem. In hierdie hoofstuk rapporteer ek wat die literatuur voorstel om die kompleksiteit van die vertaalproses te konseptualiseer en die bronne van onsekerheid gedurende vertaling en tolking te identifiseer. Ek bespreek van die faktore wat 'n rol speel in die vertaalproses – dié faktore kan van linguistiese of ekstralinguistiese oorsprong wees. Ek bespreek besluitneming en definieer strategie, en bespreek waarom dit as

belangrik beskou word dat 'n tolk of vertaler volgens 'n strategie werk, en bespreek 'n aantal strategieë wat aangewend kan word.

3.2 VERTALING AS KOMPLEKSE AKTIWITEIT

Die idee dat die vertaler se werk bloot behels dat betekenis van een taal na 'n ander oorgedra moet word, is 'n oorvereenvoudiging van dit wat in die werklikheid vereis word. Tymoczko (2014: 303–304) verduidelik dat 'n vertaling 'n soort kulturele handeling is wat samelewings kan verander – dit kan nie beskou word as net die proses wat die betekenis van een teks na 'n ander oordra nie, en die vertaler se taak is nie net die behoud van betekenis nie. Inteendeel, vertalers is die skeppers van betekenis, want hulle definieer wat die betekenis van die bronteks is, en besluit wat die betekenis in die doelteks moet wees.

Navorsing oor wat vertalers doen wanneer hulle 'n doelteks daarstel, bevestig dat vertaling 'n ingewikkelde prosedure is wat 'n verskeidenheid denkprosesse behels, en wat deur 'n aantal faktore beïnvloed word. Angelone (2010: 17–18) vergelyk vertaling met lees en skryf, dus, 'n hoërde bewussynsaktiwiteit met 'n aansienlike probleemoplossingskomponent. Van die vaardighede wat vertalers moet toepas, is induktiewe en deduktiewe redenering, besluitneming, selfregulering en selfondersoek.

Gorlée (1994: 43–47,183), Mullins (2002: 199–206), Robinson (2003: 87–88, 2015: 16) en Thompson (2016) bespreek die drieledige model van Peirce, wat uit die volgende prosesse bestaan: deduksie (beweeg vanaf algemene na spesifieke beginsels, dit toon dat iets *moet* wees), induksie (beweeg van die spesifieke na die algemene, die toetsing van 'n hipotese, bepaling dat iets *waarlik ís*) en abduksie ('n intuïtiewe sprong van onverklaarde data na 'n hipotese, wat voorstel dat iets *kan wees*) – Harris (2011: 293) beweer dat abduksie noodsaaklik is vir kreatiwiteit. Robinson verduidelik dat logika net die eerste twee prosesse, deduksie en induksie, kan verklaar, maar dat dit nie genoeg is om die kompleksiteit van die vertaalproses te verduidelik nie. In die geval van vertalers, gebruik hulle induksie om deur inligting te sif, en deduksie om patrone in die bronteks te ontdek en veralgemenings te maak. Nòg induksie nòg deduksie kan egter iets nuut tot stand bring – dit is steriele prosesse wat van “roumateriaal” afhanklik is. Abduksie is 'n

proses wat die inligting van induksie en deduksie aanwend om 'n nuwe oplossing vir 'n probleem te skep (Tschaepe, 2014: 116; Robinson, 2015: 16); dit dryf menslike ondersoek aan (Mullins, 2002: 200). Volgens Tschaepe (2014: 115, 117, 122) en Thompson (2016: 617) is raai 'n voorbeeld van Peirce se kreatiewe proses van abduksie – raai behels 'n tipe redenering wat die doelbewuste en kreatiewe skepping, aanvaarding of verwerping van potensiële oplossings vir 'n onverwagse probleem behels. Folger en Stein (2017: 307) verduidelik dat abduksie 'n proses is, nie 'n produk nie, wat relevante aspekte van konteks gebruik om 'n verskynsel, wat nie volgens ander redenasietegnieke verklaar kan word nie, te verduidelik (Folger & Stein, 2017: 309–310).

Pym (2015: 67) verwys na twee uiteenlopende sienings van die vertaalproses, “essentialist... and non-essentialist or deconstructionist views”; eersgenoemde behels dat dieselfde ding in 'n ander taal weergegee word, en die tweede dat die inhoud omvorm word – die vertaler moet die bronteks inderwaarheid “uitmekaar haal” en dit weer saamstel as 'n teks in die doeltaal. Riccardi (1998: 172), met verwysing na tolking, beklemtoon die kreatiwiteit betrokke by so 'n hersamestelling. Sy verduidelik dat tolke, wanneer hulle die bronteks in die doelteks omskep, 'n voorstelling van die bronteks in hulle gedagtes maak, en linguistiese en ekstralinguistiese seine inkorporeer in die skepping van 'n doelteks.

Gorlée (1994: 68) verdeel die vertaalproses in twee stappe: Die eerste stap is hermeneuties van aard, na binne gerig, en behels 'n ontleding van die teks ten einde die dieper betekenis daarvan, insluitende die ekstralinguistiese verwysings, te verkry. Hierdie insig gee die vertaler 'n blik op 'n teks se “innerlike wêreld”. Die tweede stap is ekstern gerig, en behels die kreatiewe proses – die eintlike oordrag van die teks van die brontaal na die doeltaal. Dié liniêre beskrywing van vertaling as twee aparte, opeenvolgende stappe verskil egter van die meer buigsame idees oor die proses wat deur kompleksiteitsdenke voorgestel word.

Levý (2004: 135, 143) konseptualiseer die vertaalproses as kommunikasie, en beskryf dit ook as 'n tweestappesproses wat van die vertaler vereis om 'n reeks opeenvolgende besluite ten opsigte van 'n aantal alternatiewe opsies te maak: tussen moonlike interpretasies van

die betekenis van die bronteks, en tussen moontlike maniere om hierdie betekenis weer te gee. Dié idee impliseer dat besluitneming in vertaling binne 'n semiotiese sisteem plaasvind. Dit behels 'n semantiese deel (dit is, 'n versameling eenhede wat deur hulle verhouding tot die konsepte waarna hulle verwys, gedefinieer word), en 'n sintaktiese deel ('n stel reëls ten opsigte waarvan die eenhede gekombineer kan word). Elke besluit wat 'n vertaler neem, beperk die keuses, opsies of alternatiewe wat vorentoe moontlik is. Elke volgende besluit word deur kennis van 'n vorige besluit beïnvloed, en deur die situasie wat weens 'n vorige besluit ontstaan het. Hierdie idee sluit aan by Robinson (2015: 66) se voorstel dat denke 'n voortdurende proses behels, wat nie-liniêr die gevolg is van ander ontspringende prosesse. Darwish (2008: 57) verwys na MacKenzie (1975) se beskrywing van 'n besluit, naamlik dat dit 'n proses of 'n kumulatiewe opeenvolging van gebeure of keuses behels. In effek word 'n keuse eerste gemaak, en 'n aantal keuses saam behels 'n besluit, wat finaliteit en verbintenis impliseer.

Amirian en Baghiat (2013: 235) beskou vertaling as 'n metabewussynsaktiwiteit, waartydens 'n reeks interafhanklike aktiwiteite in die gedagtes van die vertaler plaasvind. Die volledige vertaalproses behels 'n veelvoud verbandhoudende besluite, waarvan sommige gelyktydig plaasvind en elke besluit daaropvolgende besluite beïnvloed.

Lederer (2003) onderskei drie breë, oorvleuelende, eerder as opeenvolgende, stappe in vertaling, naamlik, “reading, deverbalizing, and re-expressing the sense”, en kom tot die gevolgtrekking dat dit die tweede stap is wat 'n ware vertaling van 'n blote leenvertaling of kodeomsetting onderskei. Soos Lederer, volg Gorfée (1994: 68) ook 'n sogenaamde interpreterende (“interpretive”) benadering tot vertaling, waarvolgens die eerste verklarende stap behels dat die vertaler 'n volledige begrip van die betekenis van die teks verkry – van oppervlakkige en dieperliggende betekenis, sowel as ekstralinguistiese betekenis. Na dié eerste stap volg 'n tweede, verklarende stap, wat van die vertaler vereis om op 'n kreatiewe wyse die betekenis van die brontaal in die doeltaal weer te gee. Dié twee stappe impliseer dat die presiese woorde van die bronteks minder belangrik is as die betekenis wat hulle impliseer (Lederer, 2003: 13). 'n Soortgelyke tweestappes word deur Sperber en Wilson (1995: 9–15) voorgestel; hulle verwys na dekodering (om die linguistiese aspekte van die uitlating – dit wil sê die taal – te verstaan), en die maak van

afleidings (om die ekstralinguistiese betekenis te verstaan). In 'n latere werk stel Wilson en Sperber (2012a: 262) drie hoof-, verwante en oorvleuelende stappe voor vir die vertaler wat die maksimum betekenis uit 'n teks wil haal en 'n nuwe weergawe van die teks in 'n doeltaal wil daarstel, naamlik redenering (die maak van afleidings), oordeel (bepaling of sekere gebeure waarskynlik is) en besluitneming (keuses tussen alternatiewe).

As die betekenis van 'n verbale of geskrewe teks verkry kon word deur bloot die linguistiese stelsel te dekodeer (Baker, 2011: 230; Rojo, 2015: 721–722), sou vertaling en tolking baie eenvoudiger gewees het as wat dit inderwaarheid is. As elke woord net 'n enkele betekenis gehad het en elke sinsnede se betekenis ooglopend was, sou elke vertaling van 'n enkele teks identies gewees het, en boonop relatief maklik deur enige tweetalige persoon uitgevoer kon word. Betekenis is egter selde voor die hand liggend en dit is nooit net van die linguistiese elemente van 'n teks afhanklik nie. 'n Vertaler kan nie aanvaar dat kommunikasie suiwer eksplisiet is nie, of dat die bedoelde betekenis netjies met die linguistiese betekenis ooreenstem nie (Sperber & Wilson, 2012a: 262). Indien vertalers seker wil wees van die betekenis van 'n teks, moet hulle ook die onderliggende boodskappe, die sogenaamde implikatuur (“implicatures”), in 'n uitlating in ag neem (implikatuur word in paragraaf 3.5.6 verder bespreek).

Vermeer (1986, aangehaal deur Snell-Hornby, 2006: 53), Katan (2004: 12) en Darwish (2008: 27) huldig die standpunt dat die doel van vertaling die oplossing van kommunikasieprobleme tussen twee taalgebaseerde kulturele entiteite is – Neubert en Shreve (1992: 25) noem dit die sosiokulturele model van vertaling. Gevolglik betrek Darwish 'n aantal ekstralinguistiese faktore by 'n sikliese vertaalproses wat ses stappe behels: a) erkenning; b) formulering; c) generering van alternatiewe; d) soeke na inligting; e) toepassing van oordeel of keuse; en f) terugvoering. Hy lê klem op die besluite wat die vertaler moet maak ten einde 'n aanvaarbare bronteks te skep (Darwish, 1999). Wilss (1994: 36) lys die volgende fundamentele aktiwiteite wat by vertaling betrokke is, wat hy onder die opskrifte van konteks, kultuur en kognisie kategoriseer: “problem-solving, planning, inferencing, schematising, mapping, comparing, evaluating, decision-making, intuition, forming rules and strategies and so on”.

Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat vertaling 'n komplekse proses is wat 'n verskeidenheid denkprosesse betrek, en dat vertalers nie meganisties optree nie: hulle pas nie bloot 'n stel reëls toe wanneer hulle die bronteks in 'n doelteks omskep nie – die komplekse aard van die proses veroorsaak onsekerheid. Omdat die proses deur onsekerheid gekenmerk word, is vertaling 'n proses wat besluitneming en oordeel verg. Die vertaalproses vind boonop in 'n dinamiese omgewing plaas, wat 'n veelheid elemente behels wat elk 'n mindere of meerdere onsekerheid veroorsaak, en 'n invloed op die besluite wat gemaak moet word, het.

3.3 ONSEKERHEID TYDENS VERTALING

Wanneer vertalers twyfel oor die betekenis van 'n uitspraak, of oor die geskiktheid van 'n besluit, of as hulle huiwer, ervaar hulle, volgens Darwish, 'n toestand van onsekerheid (2008: 60). Onsekerheid verwys na 'n merkbare toestand van besluiteloosheid (Angelone, 2010: 17, 18; Angelone & Shreve, 2011: 108). Omdat onsekerheid sekere gedrag ontlok, kan dit bestudeer word. Die duidelikste fisiese teken van onsekerheid is 'n onderbreking van die aktiwiteit, soos 'n pouse in die skepping van die doelteks, die uitwissing van teks wat reeds getik is, hersienings, herposisionering van die merker, en gedrag wat met die soeke na inligting verband hou, soos 'n internetsoektog of raadpleging van 'n woordeboek. Ander, minder merkbare reaksies is verandering in pupilgrootte, oogbewegings en sekere tipes breinaktiwiteit (Angelone, 2010: 18; Amirian & Baghiat, 2013: 225, 236).

Angelone noem die oomblik wanneer 'n vertaler huiwer, 'n probleemneksus in die vertaling, en verduidelik dat onsekerheid op drie vlakke kan voorkom: begrip, oordrag of produksie (in Amirian & Baghiat, 2013: 223, 226); PACTE Group² (2011: 325) stel voor dat dié onsekerheid met kognitiewe prosesse verband hou. Onsekerheid op die vlak van begrip behels enigiets wat met die verstaan van die teks verband hou, en die vertaler kan die onsekerheid òf artikuleer (“Hm, ek het 'n probleem”), òf nie, byvoorbeeld, deur te stop

² Lede van hierdie groep is A. Beeby, M. Fernández, O. Fox, A.H. Albir, A. Kuznik, W. Neunzig, P. Rodríguez, L. Romero en S. Wimmer. Die hoofnavorsers is Albir.

om te dink en iets op te soek. Onsekerheid op oordragvlak kom voor wanneer die vertaler nie 'n geskikte ekwivalente vorm (kollokasie, term, sinsnede ensovoorts) kan kry om in die doelteks te gebruik nie. Onsekerheid op produksievlak hou verband met redigeringsaktiwiteite, soos huiwering, uitwissing, byvoeging, omruiling en hersiening. Die vertaler volg drie stappe om hierdie onsekerheid te hanteer, dit is, deur die probleem te erken, deur oplossings voor te stel, en om moontlike oplossings te evalueer (Amirian & Baghiat, 2013: 226–227).

Amirian en Baghiat (2013: 236) wou vasstel hoe professionele en ander vertalers (vertalers in opleiding) onsekerheid bestuur, ten einde onder meer te bepaal a) wanneer onsekerheid gedurende die vertaalproses voorkom (by begrip, oordrag of produksie); b) wanneer onsekerheid opgelos word (by probleemherkenning, by die voorstel van 'n oplossing, of by die evaluering van die oplossing); en c) watter vlak van die teks die meeste onsekerheid veroorsaak (byvoorbeeld, leksis, kollokasie, frase, sin of op makrovlak). Hulle vertrekpunt was dat vertaling 'n metakognitiewe aktiwiteit is waartydens 'n reeks aktiwiteite onafhanklik in 'n vertaler se gedagtes plaasvind, en dat onsekerheid 'n onlosmaaklike en inherente deel is van die kognisie van die vertaler (Amirian & Baghiat, 2013: 235–237). Omdat dit moeilik is om metakognitiewe aktiwiteite waar te neem, het hulle die deelnemers se gedrag soos wat dit op rekenaarskerm sigbaar was, opgeneem, en die deelnemers gevra om verbaal terugvoer te gee deur middel van sogenaamde “think-aloud protocols”. Amirian en Baghiat het bevind dat vertalers in opleiding meestal onsekerheid op die vlakke van begrip en oordrag ervaar het, dit wil sê, op die vlak waar hulle ekwivalente moes vind en struktureer, terwyl professionele vertalers se onsekerheid op die produksie- en oordragvlakke voorgekom het. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat professionele vertalers onseker is op die produksievlak omdat ervare vertalers meer bewus is van diskoers en konteks, en vertalers in opleiding op die vlak van begrip onseker is weens gapings in hulle kennis en ervaring. Professionele vertalers het onsekerheid reeds by probleemherkenning hanteer, terwyl minder ervare vertalers die bestuur van onsekerheid uitgestel het tot 'n later stadium. Roberts en Newton (2003: 23) beweer dat kreatiwiteit beperk word deur 'n gebrek aan kennis oor die fundamentele elemente van 'n

taak (in hierdie geval, op die “laer” vlakke van die vertaalproses, waar onervare vertalers probleme ondervind het).

Angelone en Shreve (2011: 105–106) rapporteer soortgelyke bevindinge. Hulle vind verder ook dat professionele vertalers meer dikwels probleme herken, wat beteken dat hulle ervaring hulle help om probleme raak te sien. Aan die ander kant het studentevertalers meer dikwels betrokke geraak by die evaluering van oplossings – hulle kon nie so maklik soos meer ervare vertalers oordeel of ’n oplossing ’n goeie oplossing was nie.

3.4 BESLUITNEMING

Vertaling is veronderstel om ’n doelbewuste, bewustelike en rasonele aktiwiteit te wees (Darwish, 2008: 47), en daarom sou ’n mens verwag dat alle besluite op die rede en logika, en die verwagting van duidelikheid, koherensie en konsekwentheid gebaseer sal wees. Ons aanvaar dat professionele vertalers nie lukraak ’n woord, frase of ander teks sal kies nie, maar die keuses wat hulle maak sal onderwerp aan die vereistes van onder meer geldigheid en begrip (Darwish, 2008: 47). In die werklike lewe word ’n probleem egter nie gewoonlik opgelos deur elke moontlike oplossing te ondersoek en dan ’n suiwer rasonele besluit oor die beste oplossing te maak nie. Inteendeel, die menslike oordeel word gekenmerk deur ’n sekere mate van gissing, en ’n neiging om kortpaaie te vat en praktiese reëls te ontwikkel.

Roberts en Newton (2003: 23) verduidelik dat mense nuwe metodes en beginsels ontdek na aanleiding van suksesse wat hulle met besluite behaal, en dat mislukking sulke ontdekkings verhoed. Daar is egter ’n saak te maak vir die idee dat mislukking en gevolglike vermydingsgedrag beskou kan word as bepalend vir die vaslegging van ’n voorkeur vir ’n sekere strategie.

Thunes (2011: 88–89) stel in tipologie vir inligting voor waarvolgens besluite oor struikelblokke in ’n vertaalopdrag gemaak kan word. Sy stel drie dimensies van inligting voor: a) linguistiese en ekstralinguistiese bronne van inligting; b) algemene en

taakspesifieke bronne van inligting; en c) inligtingsbronne wat na een taal (bron- óf doeltaal), of na twee tale (bron- én doeltaal en die verhouding tussen hulle) verwys.

Vertaling is dus 'n dinamiese aktiwiteit en besluite behels 'n verskeidenheid elemente, waaronder die skrywer van die bronteks, die vertaler, die vertaalopdraggewer, die teks self (in sowel die bron- as doeltteks), die leser van die doeltteks, en die maatskaplike omgewing waarin die vertaler werk en die doeltteks bestaan. As 'n mens al hierdie elemente in ag neem (en aanvaar dat nog, ander, elemente ook die aktiwiteit beïnvloed), besef 'n mens dat vertaling in 'n toestand van onsekerheid in 'n omgewing van onvoldoende inligting plaasvind – sogenaamde beperkings (“constraints”) (Darwish, 2008; Nord, 2010: 121). Wilss (1996: xi) verwys na die doelbewuste en maatskaplike dimensies van vertaling, wat die twee taalgemeenskappe wat betrokke is, verbind en meewerk in die vertaalproses. Wotjak (1997: 103–104) lys 'n aantal elemente wat 'n rol in besluite speel, en stel voor dat “stratification of successive and mutually inclusive levels of equivalence” betrokke is, naamlik, dat besluite oor betekenis op opeenvolgende en inklusiewe vlakke plaasvind. Benewens die elemente wat hierbo genoem is, verwys Wotjak ook na die nie-linguistiese semiotiese inligting wat in die bronteks vervat is, ekstratekstuele toestande wat by die tweetalige kommunikasie betrokke is, en die kennis waaroor die doeltaalgemeenskap as 'n geheel beskik, of wat uniek is tot die individuele ontvanger van die doeltteks (Wotjak, 1997: 103).

Die interaksie van die elemente maak van besluitneming 'n ingewikkelde en komplekse taak. Vervolgens bespreek ek van die elemente, waaronder faktore wat met die tale betrokke verband hou, die doel van die kommunikasie, die vaardigheidsvlak en persoonlike eienskappe van die vertaler, verskille tussen die twee kulture betrokke en verwagtinge van 'n verskeidenheid rolspelers. Al hierdie faktore dien as beperkings in die vertaalproses, en beïnvloed die keuses en besluite wat 'n vertaler maak, sowel as die uiteindelijke sukses van die vertaling (Darwish, 2008: 114).

3.5 OORSAKE VAN ONSEKERHEID

3.5.1 Inleiding

Nord (1997: 11) verklaar dat vertaling nie 'n een-tot-een oordrag tussen tale is nie, en dus kan die vertaalproses nie net in terme van linguistiekteorie verduidelik word nie – hoewel Chernov (2004: 1) verklaar dat linguistiek nie geïgnoreer kan word nie. Torop (1997: 34) stem saam dat data oor linguistiek nooit 'n volledige verduideliking van die vertaalproses kan gee nie – die manier waarop 'n vertaling in 'n kultuur werk is nie net afhanklik van die verbale eienskappe van die teks nie. Pereira, Ekel, Palhares en Parreiras (2015: 41) beweer dat die eerste neiging sal wees om beskikbare kwantitatiewe data te gebruik om onsekerheid te verminder, maar dat verdere verwysing na kwalitatiewe data, waaronder kennis, ervaring en intuïsie, nodig kan wees vir “multicriteria decision making under information uncertainty”.

Weens al die elemente wat by kommunikasiesituasies betrokke is – en volgens Nord (1997: 11) ook die verhoudings tussen “verbalized and non-verbalized situational elements” – is dit onvermydelik dat vertalers onsekerheid ervaar, en moet hulle doelbewus of onwillekeurig strategieë aanwend om hierdie onsekerheid uit die weg te ruim. Nord (1991: 115) beskou egter nie alle probleme wat vertalers ervaar as “probleme” nie – sy reserveer die term probleem vir objektiewe probleme, wat elke vertaler, ongeag vaardigheidsvlak of tegniese situasie, as sodanig sou ervaar. Sy gebruik die term “difficulties” om na subjektiewe struikelblokke te verwys, wat met die individuele vertaler en spesifieke omstandighede te doen het.

Bogenoemde bevestig Pym (2015: 68) se bewering dat vertaling die snypunt van twee hoofvaardighede is, naamlik, die vermoë om vir elke bronteks 'n doelteks van meer as een geskikte term te genereer, en die vermoë om vinnig en met geregverdigde bekwaamheid een doelteks uit hierdie moontlikhede te kies – dié keuse is meer as 'n meganistiese proses, en dit is die oomblik van die vertaalproses wat aanleiding gee tot onsekerheid by die vertaler, en besluitneming van die vertaler vereis.

3.5.2 Sosiolinguistiese verskille tussen bron- en doeltaal

Navorsers het besef dat verskillende kulture verskillende benaderings, tradisies en konvensies vir vertaling ontwikkel het, wat vertalings op 'n individuele vlak rig (Abdulla, 1994: 35). Gebruikers van onderskeidelik doel- en brontekste is in twee verskillende kommunikatiewe situasies geanker, wat elk onderworpe is aan riglyne wat gestel word deur die kulture wat deur elke taal verteenwoordig word (Müller & Feinauer, 2008: 126).

Nida (1998) bespreek 'n verskeidenheid sosiolinguistiese beperkings wat vir vertaling geld, veral vir godsdienstige, regs- en klassieke tekste. Hy verduidelik dat sensitiwiteit vir sosiolinguistiek daartoe lei dat vertalers radikale verskille tussen bron- en doeltale aanvaar ten einde seker te maak dat hulle aan die doeltaalleser se verwagtinge voldoen (Nida, 1998: 130). Byvoorbeeld, lesers van godsdienstige tekste verwag dat die teks minder as optimaal verstaanbaar sal wees – hulle redeneer dat duidelikheid tot nadeel van die spirituele en mistieke aard van die teks is – en Engelse lesers verwag dat klassieke tekste in argaïese taal weergegee word. Nida stel dat “classical texts are often severely burdened with false ideas about language” (1998: 127). Dit is ook logies dat verskillende mense wisselende waarde aan hierdie beperkings heg. Lesers wat glo dat tekste deur goddelike diktee tot stand gekom het, verwag 'n letterlike vertaling, terwyl ander 'n meer verklarende, duideliker teks verlang (Nida, 1998: 135).

Polat (2005) het ondersoek hoe kultuur en taal saamwerk in die vertaling van narratiewe tekste. Vertalers wil kommunikasie tussen lede van verskillende kulture bewerkstellig, en nie net die taal word gekommunikeer nie, maar ook sogenaamde bronkulturele waardes. Die vertaler besluit tot watter mate die brontekskultuur oorgedra moet word, en tot watter mate die teks tot die doelkultuur georiënteer moet word (Polat, 2005: 140). Volgens Polat het vertalers 'n kulturele beweegruimte (“leeway”) waarbinne hulle kan besluit hoeveel van die bronkultuur behoue sal bly in die vertaalde teks (2005: 142). In sy analise van narratiewe vertalings in Turks en Duits het hy gevind dat elke taal as doel- en brontaal verskillende kulturele beweegruimtes besit (Polat, 2005: 145). In Turks is gebare en gesigsuitdrukking baie meer belangrik as in Duits; in Turks is skelwoorde meer aanvaarbaar as in Duits; 'n Turkse verteller praat direk met die leser, terwyl die verteller

dikwels in Duits afwesig is. Hierdie verskille is verder baie groter tussen die taalpaar Duits en Turks as wat dit tussen Duits en Engels is. (Kyk ook die bespreking van lokalisering in paragraaf 3.6.2.)

Darwish (1999: 15–16) verduidelik dat die vertaler se besluite gerig word deur die interaksie en verhoudings in die konteks van die vertaalgebeure en -sisteem. Die konteks sluit 'n hiërargie van faktore of beperkings in: a) op mikrovlak is die beperkings wat deur die teks, die vertaler se vaardigheid en die idiosinkrasieë van die twee linguïstiese entiteite gestel word; b) op mesovlak is, byvoorbeeld, eksterne groepstandaarde, spesifikasies en waardes; en c) op megavlak is beperkings wat die samelewing as geheel stel.

3.5.3 Verhouding tussen taal en kultuur

Die betekenis van 'n teks behels veel meer as semantiek (Tymoczko, 2014: 275); dit verwys na gevoel en denke, en kan oppervlakkig en simbolies, en konkreet en geïmpliseer wees (Tymoczko, 2014: 283). Five Graces Group (2009) verduidelik die kenmerke van taal wat taal 'n komplekse sisteem maak. Ek verwys na 'n paar van dié kenmerke hieronder, en verwys na die bespreking van kompleksiteit in paragraaf 2.4.

- Taal bestaan op twee vlakke: in individue (as idiolekte) en in gemeenskappe van gebruikers (as gemeenskaplike taal). Veranderinge in laasgenoemde is nie noodwendig in individuele taalgebruik merkbaar nie, en die dinamiese aard van taal word gekompliseer en beïnvloed deur 'n groot verskeidenheid faktore (Five Graces Group, 2009: 15).
- Taal word gekenmerk deur intrinsieke diversiteit. Daar bestaan geen standaard of ideaal vir die taal nie – elke gebruiker wend dit op 'n ander manier aan, weens elke individu se unieke blootstelling en ervaring van taalgebruik (Five Graces Group, 2009: 15).
- Sowel persoonlike idiolekte en gemeenskaplike tale verander voortdurend. Op die individuele vlak verander die taal elke keer wat dit gebruik word (Five Graces Group, 2009: 15–16).

- In taal werk 'n verskeidenheid faktore op 'n onvoorspelbare wyse mee om 'n sekere soort verandering te veroorsaak. Sommige faktore is negatief, ander positief, sommige versterk 'n tendens, ander beperk dit (Five Graces Group, 2009: 16).
- Taal ontstaan uit voortdurende menslike sosiale interaksie, idiosinkratiese vermoë om inligting te proses, kognitiewe beperkings, patroonherkenning en geheue – kommunikasie deur taal is dus hoogs afhanklik van kognitiewe funksionering (Five Graces Group, 2009: 17–18).

Die konsep linguistiese relatiwiteit verwys na die idee dat kultuur, deur taal, die manier waarop ons dink, bepaal (of ten minste beïnvloed). Pütz en Verspoor (2000: ix–x) verduidelik dat, volgens dié idee, wat onder meer as die Sapir-Whorf hipotese bekend staan, 'n sekere taal 'n stel grammatikale en leksikale kategorieë verskaf waarvolgens sprekers verskynsels beskou – só beïnvloed taal kultuur en die wyse waarop sprekers die wêreld sien, hoe hulle dink en hoe hulle optree (House, 2015: 41). Whorf het beweer dat 'n taal se linguistiese form 'n “tyrannical” houvas het op die manier waarop ons dink, en omdat enige vertaling dus formeel van die oorspronklike teks sal verskil, kan dit nie as 'n vertaling beskou word nie, maar as 'n “transfiguration”. Hieruit lei House (2015: 44) af dat linguistiese relatiwiteit impliseer dat vertaling onmoontlik is – 'n idee wat sy verwerp. Sy beweer dat taalgebruikers se kreatiwiteit, kognitiewe vaardighede en buigzaamheid, en die feit dat taal voortdurend verander, en daarmee saam ons ervaring en interpretasie van die wêreld om ons, beteken dat taal nie die oorweldigende invloed op sy gebruikers het wat Whorf beweer het nie (2015: 47).

Darwish (2008: 24) en Hild (2011: 249) verwys ook na die aanname dat 'n taal inherente, sistemiese beperkings kan hê wat die skep van 'n vertaalde teks problematies maak, en dit moeilik of, in 'n uiterste geval, onmoontlik maak om die bronteks heeltemal in die doeltaal weer te gee. Volgens Darwish (2008: 23) is navorsing oor vertaling egter behep met die idee van “vertaalbaarheid”, dit is, die vraag of dit enigsins moontlik is om 'n teks te vertaal. Hy stem met Jacobson saam (House, 2000: 71; 2015: 51) wat beweer dat enigiets wat deur 'n mens gesê kan word, vertaal kan word: “All cognitive experience and its classification is conveyable in any existing language” (vergelyk ook Aleksandrova & Schwartz, 2013: 158). Hoewel geen enkele mens 'n taal ten volle kan bemeester nie, is

dit net 'n kwessie van tyd voor 'n toegewyde, hardkoppige of opmerksame vertaler, taalkenner of kommunikeerder 'n taalkundige ekwivalent vir 'n nuwe of onbegryplike konsep of idee in 'n sekere taal ontdek of skep (Darwish, 2008: 23).

Tymoczko (2014: 297–298) verwys na kulturele en linguistiese ongelykmatighede wat op elke vlak van teks kan voorkom. Dit is die verskynsel dat verpligte eienskappe van een taal nie noodwendig met die verpligte eienskappe van 'n ander ooreenstem nie. Dus, as 'n brontaal 'n linguistiese onderskeid maak wat nie in die doeltaal voorkom nie, sal die doeltteks aanvullende inligting bevat (“overdetermination”), en as die doeltaal onderskeid vereis wat nie in die brontaal voorkom nie, sal die bronteks minder inligting bevat as die bronteks (“underdetermination”). (Verwys na Moindjie (2016) se vergelyking van hoe die aktief en passief in Engels, Frans en Arabies aangewend word.)

Gottlieb (2005: 57) gebruik die term linguistiese integriteit as hy verwys na die waarskynlikheid dat 'n sekere doeltteks idiomaties weergegee sal kan word, en nie eienskappe van die brontaal sal bevat nie. Dit hou verband met die beroep van vertaalkundiges dat die tekskonvensies van die doeltaal in vertalings in ag geneem moet word (Horn-Helf, 2005: 99). Torop (1997: 26–27) verduidelik dat dit baie makliker is om twee tekste in twee natuurlike tale met mekaar te vergelyk, as om 'n literêre teks en, byvoorbeeld, 'n film te vergelyk. Om dit te kan doen, glo Torop, moet die vertaler 'n sogenaamde globale siening van die bronteks hê, en 'n verskeidenheid metatekstuele eienskappe van die teks in ag neem.

Vandepitte en Hartsuiker (2011) het ondersoek ingestel na die manier waarop kruislinguistiese verskille vir studente van vertaling probleme veroorsaak, veral ten opsigte van idiomatiese taalgebruik – in die geval van hulle studie, metonimiese verskynsels. Hulle wou bepaal of eienskappe van die brontaal die tyd wat dit neem om die vertaling te doen, en die vorm daarvan, beïnvloed (2011: 70). Hulle stel voor dat die struktuur van die brontaal vertalers instel (“prime”) om 'n sekere (soms onaanvaarbare) struktuur na die doeltaal oor te dra, maar weens, onder meer, metodologiese probleme, kon hulle nie 'n ondubbelsinnige gevolgtrekking bereik nie.

Baker (2011: 5) erken dat sy die term ekwivalensie vir bloot praktiese doeleindes gebruik om te onderskei tussen die vlakke waarop verskille tussen bron- en doeltale vertaaluitdagings kan stel. In 'n handleiding vir die opleiding van vertalers stel sy 'n raamwerk voor vir die ordening van potensiële oorsake van onsekerheid gedurende vertaling. Sy onderskei, van laag tot hoog (van mikro tot makro, van teks tot konteks), woorde, grammatika, tematiese en inligtingstrukture, kohesie en pragmatiek as vlakke waarop vertaalprobleme kan voorkom.

- Op woordvlak het Baker verskeie voorstelle vir wat 'n vertaler kan doen as daar geen woord in die doeltaal bestaan wat dieselfde betekenis het as die woord in die brontaal nie (Baker, 2011: 9).
- Ten opsigte van grammatikale ekwivalensie tussen tale verduidelik Baker dat verskillende tale aspekte van ervaring (byvoorbeeld, tyd, geslag of getal) op verskillende maniere kan voorstel, en hierdie verskille kan vereis dat inligting verskillend aangebied kan word (Baker, 2011: 95).
- Tematiese en inligtingstrukture verwys na die wyse waarop diskoers georganiseer is, dit wil sê, die volgorde waarin inligting in verskillende tale aangebied word (Baker, 2011: 132–133).
- Kohesie verwys na oppervlakkige verhoudings wat woorde en uitdrukkings in die teks verbind (Baker, 2011: 191).
- Pragmatiek is die studie van taal soos dit gebruik word – nie die betekenis soos deur die linguistiese stelsel vasgestel nie, maar deur dit wat deur die situasie waarbinne kommunikasie plaasvind, bepaal word (Baker, 2011: 230).

Pragmatiek is dus die veld wat ondersoek instel na die manier waarop hoorders van 'n boodskap leidrade en seine gebruik om te bepaal wat die spreker (of skrywer) se bedoeling met die boodskap is (Capone, Lo Piparo & Carapezza, 2013: xi) (verwys na paragraaf 3.5.6 vir 'n bespreking van pragmatiek). Aleksandrova en Schwartz (2013: 158) verduidelik dat vertaling van grappies waarvan die komiese effek van woordspeling afhanklik is, moeilik, maar moontlik, is en tog die doelkultuur se stereotipiese situasies, nasionale mentaliteit en samelewingswaardes kan verteenwoordig. (Vergelyk House

(2000: 70) se verduideliking van Wundt se konsep van *Völkerpsychologie*.) Norberg (2011: 219) stel voor dat vertalers saamwerk om die vereiste humoristiese effek te verkry.

Om afleidings te maak oor wat die skepper van 'n teks bedoel, hou natuurlik risiko's in. Daar is geen waarborg dat die betekenis wat die aanhoorder aflei die een is wat die teksskepper bedoel het nie (Sperber & Wilson, 2012a: 262). Die feit dat die bedoeling van die skepper van die teks selde gewaarborg kan word, is een van die redes waarom vertalers dikwels deur onsekerheid gekonfronteer word wanneer hulle betekenis akkuraat in 'n ander taal moet weergee.

Catford (1965: 99) het 'n verskeidenheid gevalle waar verskille tussen tale onsekerheid by die vertaler kan veroorsaak ontleed, maar kom tot die gevolgtrekking dat *kulturele* onvertaalbaarheid 'n groter probleem skep as *linguistiese* onvertaalbaarheid.

Skrywers wat artikels aan die akademiese tydskrif, *Nature* (s.a.), wil stuur vir publikasie, word gemaan om hulle teks te laat nagaan om seker te maak dat hulle taalgebruik (in die geval van *Nature*, van Engels) op standaard is. Die riglyn dui aan dat hierdie voorstel veral van toepassing is op skrywers wie se moedertaal nie Engels is nie. As 'n mens aanvaar dat die skrywer dus deur 'n proses van vertaling die Engelse teks geskep het, is dit moontlik dat taalfoute in die Engelse teks (die doelteks) linguistiese gebruike in die brontaal (die skrywer se moedertaal) sal weerspieël – die verskille tussen die twee tale het onsekerheid by die vertaler/skrywer veroorsaak. Dit is die taak van die teksredigeerder om te verseker dat die doelteks nie tekens van die brontaal bevat nie.

3.5.4 Die aard van die teks

Gottlieb (2005: 34) verduidelik dat tradisionele vertaalstudie hoofsaaklik aan geskrewe of gesproke “verbale” tekste aandag gegee het, asof die tekste monosemioties was, blote abstrakte verbaliserings van boodskappe, “just waiting for someone to read them, hear them, translate them”. Min tekste is egter “net woorde” – die meeste tekste is baie meer kompleks (dink aan 'n film), en behels 'n verskeidenheid faktore benewens dié wat met linguistiek verband hou. Vertaling vereis dus, benewens kennis van linguistiek, ook ander

kognitiewe insette, en die relevansie van hierdie insette hou met die vertaler se ekstralinguistiese kennis en ervaring verband (Lederer, 2003: 98).

Izquierdo (2000: 284) verduidelik dat tekste volgens 'n aantal kriteria geklassifiseer kan word, en stel voor dat kennis oor die tipe teks 'n vertaler help om te besluit oor 'n geskikte vertaalstrategie. Nord (1997: 37–38) verduidelik die tekstipologie wat deur Reiss ontwikkel is om die verskillende soorte tekste waarmee 'n vertaler gekonfronteer kan word, te onderskei (vergelyk paragraaf 2.3.6).

- Die hoofdoel van *informatiewe* tekste is om lesers oor werklike verskynsels en objekte in te lig. Die linguistiese of stilistiese formaat wat gebruik word, is ondergeskik aan die funksie van die teks, wat universeel is, dit wil sê, dit het dieselfde doel vir sowel die bron- as teikengehoor. Met sulke tekste moet die vertaler poog om so volledig en akkuraat moontlik te werk te gaan, en moet die doeltteks by die dominante norme van die doeltaal en -kultuur inskakel.
- By *ekspressiewe* tekste word die mededelende aspek aangevul, of selfs oorheers, deur estetiese aspekte. Die vertaler se stilistiese keuses dra by tot die betekenis van die teks, en dié keuse word gewoonlik deur die bronteks voorgeskryf.
- Die hoofdoel van *operatiewe* tekste is om dieselfde reaksie by die bron- en doelgehoor te bewerkstellig. Inhoud en vorm van dié soort teks is ondergeskik aan die ekstralinguistiese effek wat die teks probeer bewerkstellig, en dis moontlik dat die vertaler die inhoud of styl van die bronteks sal moet aanpas om dieselfde effek te kry.

Thunes (2011: 185) verduidelik dat tekstipes verskil ten opsigte van kenmerkende linguistiese eienskappe, én ten opsigte van wat as die optimale eienskappe van 'n vertaling beskou word, en gevolglik verskillende eise aan vertalers stel. Met 'n informatiewe teks sal die inligting in die bronteks gewoonlik in die doeltteks behoue bly – die vertaler hoef dus nie juis besluite te maak oor wat om in te sluit nie. In die geval van 'n ekspressiewe teks kan die inligting egter as ondergeskik aan die behoud en oordrag van die estetiese of pragmatiese eienskappe van die teks beskou word, en die vertaler moet veel meer ondernemingsgees aan die dag lê, en tussen opsies besluit in die skepping

van optimale teks. Volgens Thunes veroorsaak hierdie variasies uitdagings vir die vertaler, en kan dit die kompleksiteit van die vertaalopdrag verhoog.

Vir die doeleindes van teksredigering onderskei Van de Poel et al. (2012: 518–519) twee breë tekstipes, elk met subtipes: beskrywende tekste (onderverdeel in informatiewe, argumenterende, instruktiewe en narratiewe tekste) en appellatiewe tekste (met evaluerende, rigtinggewende en retoriese tekste as onderafdelings).

Han (2012: 303–304) vra of gespesialiseerde tekste moeiliker is om te vertaal – spesifiek of “gewone” tekste makliker is om te vertaal as “letterkundige tekste”, soos poësie, en tegniese tekste, soos regs- en mediese dokumente. Hierdie soort tekste bevat gewoonlik terminologie en konsepte wat met die onderwerp verband hou en aan sekere gebruikskonvensies onderworpe is. Letterkundige tekste vereis dat ’n vertaler aan sowel die aanduidende as die konnotatiewe (by-) betekenis aandag gee, en aan tekselemente soos ritme, klank en versmaat (Newmark, 2004). Volgens Han is die teksstruktuur van gespesialiseerde tekste meer rigied, en aanwysings vir patrone is eksplisiet (2012: 5). Han se antwoord op die vraag oor die relatiewe moeilikheidsgraad van gespesialiseerde vertaling is ’n verwysing na Newmark (2004) se uiteensetting van die verskillende waarhede waarmee vertaling gemoed is, en die noodsaaklikheid dat ’n vertaler sensitief is vir die gepaste waarheid vir ’n sekere teks. Die eerste waarheid is feitelike waarheid, wat beteken dat die feite in die bronteks ooreenstem met dié in die doelteks en in die realiteit – hierdie is hoofsaaklik die domein van nie-letterkundige tekste. Allegoriese waarheid behels die samesmelting van verbeelding en etiek in die vertaling van literêre werke. Estetiese waarheid verwys na ’n literêre werk se skoonheid en klank, en nie-literêre werk se aanvaarbaarheid en gemak van uitdrukking. Logiese waarheid plaas ’n teks in die konteks van ’n kousale opeenvolging gebaseer op die rede, klank en ruimte. Linguistiese waarheid verwys na die aanvulling van idioome van een taal deur ontbrekende ekwivalente van die ander taal.

In teenstelling met ’n geskrewe teks wat vir ’n vertaler aangebied word, is die teksinset vir tolke gewoonlik natuurlike spraak. Dié teks kan elemente bevat wat nie op die oog af semantiese waarde het of ’n kommunikasiefunksie vervul nie – dink aan pouses, of die

spreker wat 'n sin begin, en onvoltooi laat, of hakkel. Hierdie elemente kan egter ook bydra tot die aard van die boodskap (deur, byvoorbeeld, onsekerheid aan te dui) (Hild, 2011: 120).

Tekstipes kan van taal tot vertaal verskil (Izquierdo, 2000: 291). Torop (1997: 27) is van mening dat vertaling twee prosesse behels, naamlik, tekstuele en metatekstuele vertaling. Tekstuele vertaling is wat tradisioneel as vertaling beskou word – die weergee van een volledige teks in 'n sekere natuurlike taal (Torop noem dit 'n prototeks) in 'n volledige teks in 'n ander natuurlike taal. Metatekstuele vertaling behels die weergee van 'n prototeks in 'n ander kultuur, waarby 'n verskeidenheid tipes metakommunikasie ook betrokke kan wees. Neubert en Shreve (1992: 126) verwys na “first... [and] second-order understanding”: Eersgenoemde behels herkenning van linguistiese patrone van 'n teks, en laasgenoemde verwys na minder eksplisiete sosiale aspekte wat met die teks verband hou. Sowel Neubert en Shreve (1992: 127) as Tymoczko (2014: 283–284) verduidelik dat 'n vertaler nie net die teks nie, maar ook die sosiale konteks en die interteks (ander tekste), in ag moet neem om die betekenis van 'n teks te bepaal – die betekenis van 'n teks lê nie net in die teks self nie, maak ook in 'n verskeidenheid elemente en hulle verhoudings in die omgewing, en afleidings oor die betekenis van die teks moet op inligting uit 'n verskeidenheid bronne gebaseer wees.

Gerzymisch-Arbogast (2005: 7) herinner ons dat 'n doelteks nooit al die eienskappe van 'n bronteks kan inkorporeer nie, en daarom moet 'n vertaler besluite maak oor wat oorgedra gaan word, en wat nie. Dié idee hou verband met Torop (1997: 24) se konsep van volledige vertaling (“total translation”), waardeur al die vlakke van die bronteks in die doelteks weergegee word, maar wat 'n onderskeid maak tussen inhoud en uitdrukking (“expression”). Torop verduidelik dat die twee elemente gedurende die proses van vertaling afsonderlik oorweeg word en dan weer saamgevoeg word, want die totaliteit van die doelteks behels die volledige inhoud, én die volledige uitdrukking – die twee is, behalwe in 'n abstrakte sin, onskeibaar. Al die eienskappe van die bronteks word wel in die doelteks weergegee: “though total *replacement* is involved it is not replacement by *equivalents* at all levels” (Catford, 1962, aangehaal deur Torop, 1997: 24).

Die tradisionele idee dat daar 'n ongebalanseerde magsverhouding tussen die bron- en doeltteks bestaan – dat die bronteks, as die oorspronklike teks, noodwendig superieur is bo die “minderwaardige” doeltteks, wat 'n soort kopie is – is vandag vervang deur ander standpunte oor die magsbalans tussen die twee weergawes van die teks. Deesdae is die heersende siening dat 'n bron- en doeltteks dieselfde status kan hê; en die twee tekste bestaan as die onderskeie en unieke produkte van onderskeidelik die skrywer en vertaler se kreatiwiteit. Die doeltteks is inderwaarheid 'n nuwe oorspronklike. Die vertaler word deesdae nie meer beskou as iemand wat bloot meganies taalreëls toepas om 'n spieëlbeeld van die bronteks in die doeltaal te genereer nie, maar as iemand wat onafhanklik en kreatief tussen twee kulture onderhandel en die bronteks openlik manipuleer om 'n nuwe skepping daar te stel wat 'n eie bestaansreg het (Bassnett, 2013: 5–6, 10). Dit beteken nie dat die spanning tussen die twee tekste, en tussen die verskeie menslike agente betrokke, nie meer bestaan nie. Dit beteken bloot dat nuwe verduidelikings gevind moet word vir die manier waarop die spanning hanteer moet word (Marais, 2014: 17).

Varela (1998: 21) het ondersoek ingestel na die beperkings wat tekste aan vertalers wat oorklanking doen, stel. Hy identifiseer vier beperkings wat op die genre van visuele narratief van toepassing is, en rangskik die beperkings in 'n hiërargie. Heel bo aan dié hiërargie is formele beperkings wat met sinkronisasie verband hou, byvoorbeeld beweging van lippe en ander kinetika. Die volgende beperking hou met inhoud verband, en skryf die verbale subteks voor wat in verhouding tot die storie wat visueel vertel word, moet sin maak. Die derde beperking verwys na die verband tussen visuele en verbale subtekste, en stel dat die som van die twee subtekste, op die ou einde, die betekenis op 'n koherente wyse moet oordra. Semiotiese beperkings is die vierde en laagste beperking in die hiërargie, en skryf voor dat vertalers sogenaamde “mikrotekens” moet ontsyfer en aanpas vir die verbale vertelling.

Shreve, Lacruz en Angelone (2011) het ondersoek ingestel na die probleme wat vertalers ervaar wanneer hulle 'n geskrewe doeltteks verbaal moet weergee (“sight translation”), eerder as in 'n geskrewe teks. Hulle rapporteer 'n verskeidenheid faktore wat die potensiaal het om die proses te ontwig, hoofsaaklik die vereiste onmiddellikheid van

begrip, produksie en oordrag, en inmenging in kognitiewe prosesse deur die visuele teks (2011: 93, 118). Die bykomende beperkings is nie net nadelig vir die gehalte van die vertaling self nie, maar ook vir die vlotheid van die aanbieding. Shreve et al. glo dat ontleding van die foute wat vertalers maak, lig kan werp op die kognitiewe prosesse wat by die vertaling betrokke is (2011: 94). Vertalers is voortdurend besig om te assesseer wat hulle weet en nie weet nie, en te oordeel, te herhaal en regstellings te toets (Hild, 2011: 118).

Moontlike vertaalstrategieë wat aangewend kan word om liedjies in Disney films van Engels na Turks te vertaal, is deur Metin Tekin en Isisag (2017) ondersoek. Hulle beweer dat die vertaling van lirieke op herskryf neerkom. Semantiese ooreenstemming is selde 'n hoë prioriteit, en die hoofdoel is om 'n ooreenstemmende "effek" te behaal. Die navorsers gee 'n lys voorskrifte vir die vertaling van lirieke: respekteer die ritme, respekteer die betekenis, respekteer die styl, respekteer die rym, respekteer die klank, respekteer die luisteraars, en respekteer die oorspronklike weergawe (Kelly, in Metin Tekin & Isisag, 2017: 133). Metin Tekin en Isisag se gevolgtrekking is dat, vir hierdie teksgenre, die verwagtings en behoeftes van die doelkultuurgehoor meer belangrik is as die van die bronteks (2017: 146). My vraag is egter of voldoening aan al hierdie "tegniese" vereistes aanleiding sal gee tot 'n doeltaalweergawe wat (soos die bronteks) 'n essensieel ekspressiewe funksie vervul (verwys na paragraaf 3.5.4 vir 'n verduideliking van ekspressiewe teks).

Nord (1997: 38) verduidelik dat die veronderstelling is dat verskillende vertaalbenaderings vir verskillende tekstipes nodig is. Volgens haar maak hierdie tipe klassifikasie 'n vertaler meer bewus van linguistiese merkers van 'n teks se kommunikasiefunksie (vergelyk ook paragraaf 2.3.6, waar Nord se model van teksfunksies bespreek word).

Nog 'n denkfout is om te aanvaar dat 'n bronteks altyd foutloos is en geskryf is deur iemand met bogemiddelde taal- en kommunikasievaardighede. Brontekste is dikwels swak geskryf en selfs doelbewus vaag (Lederer, 2003: 113); boonop word ingewikkelde diskoers dikwels gekenmerk deur 'n mate van onsekerheid (Darwish, 2008: 24). Die

vertaler moet dus die ware bedoeling van die skrywer uitwerk, en besluit of hierdie gebreke ook in die doeltaal weergegee moet word.

3.5.5 Doel of funksie van die vertaling

In die lig van *Skoposteorie* verduidelik Nord die kompleksiteit van 'n vertaalopdrag in terme van sy doel (1997: 27–28). 'n Vertaler moet die doel van die vertaling in ag neem by die besluite wat aanleiding gee tot die optimaalste vertaling – en optimaal word bepaal deur die mate wat die vertaling aan sy doel voldoen. Nord onderskei drie tipes doelwitte: a) 'n algemene doel wat die vertaler nastreef (byvoorbeeld, om geld te verdien); b) 'n doel wat met kommunikasie deur die teks verband hou (byvoorbeeld, om mense in te lig); en c) 'n doel wat met 'n sekere vertaalstrategie verband hou.

Ilyas (1994: 45–51) gee 'n oorsig van historiese klassifikasies van die doel van 'n vertaling, onder meer dié van Dryden in die 17de eeu, naamlik a) “metaphrase” (woord vir woord); b) “paraphrase” (betekenis vir betekenis); en c) “imitation” (nastreef van 'n algemene ooreenkoms tussen twee tekste). Hy stel dan die volgende parameters voor wat in ag geneem moet word by die bepaling van die doel: a) die agent (menslik of masjien); b) die medium (verbaal, geskrewe of kombinasies hiervan); c) die register (poëties, wetenskaplik, polities, godsdienstig, en so meer); d) die sisteem (waar Jakobson (1959: 233) se klassifikasie van intrataal, intersemioties en intertaal (verwys paragraaf 2.2) ter sprake kom); en e) oriëntasie (tot òf brontaal òf doeltaal).

Onsekerheid ontstaan wanneer vertalers nie weet wat die doel is nie, en dus nie weet of die riglyne waarvolgens hulle die vertaling aanpak, tot 'n optimale vertaling sal aanleiding gee nie. Van die kwessies wat onsekerheid kan veroorsaak, is of die doelteks 'n vrye of 'n letterlike vertaling moet wees, en tot watter mate die doelteksleser se konteks in ag geneem moet word (Nord, 1997: 29–30).

'n Duidelike uiteensetting van die opdraggewer se verwagtinge kan help om die vertaler se onsekerheid te beperk, hoewel Tirkkonin-Condit (2000: 124) verklaar dat niemand waarlik die doel van die doelteks vooraf kan weet nie. Sy beweer dat die doel eers sy finale karakter ontwikkel gedurende die prosesse wat in die vertaler se gedagtes

plaasvind. Pedersen noem ook dat 'n vertaalopdrag (“translation brief”) in sekere kontekste (in sy geval, ondertitels vir visuele tekste) baie seldsaam is (2005: 126).

Een manier om vertaalbesluite te benader, is om te oorweeg wie se verwagtings deur die doeltteks bevredig moet word – 'n soort rangordening van die verskeidenheid verwagtings betrokke. Pym verduidelik in 'n artikel getitel, *Translation as risk management* (2015: 69–72), dat daar tradisioneel 'n gedeelde verwagting bestaan dat die bron- en doelttekste die een of ander vorm van ooreenstemming moet toon. Die ergste wat kan gebeur, is dat die vertaling nie aan hierdie verwagting voldoen nie. Die vertaler se rol is om risiko's te neem om die vier tipes etiese verhoudings wat die vertaalproses betrokke is – duidelikheid, waarheid, begrip en vertrouwe – te maksimeer en seker te maak dat die verwagtings van almal wat by die vertaling as kommunikasiegebeurtenis betrokke is, nagekom word. Die verskillende kontekste en vertaalopdragte behels verskillende vlakke van kommunikasierisiko, en bepaal dus die mate van risikobestuur wat 'n vertaler as strategie in besluitneming moet toepas (Pym, 2015: 72) (vergelyk paragraaf 3.6.3).

Pedersen (2005: 126) bespreek die konsep van parateks met verwysing na Nord (1997: 59) se idee van vertaalopdrag. Hy verduidelik dat “[it] is not *in* the text, but rather *about* the text”. Hy verduidelik dat, in die geval van ondertitels vir oudiovisuele media, inligting oor hoe 'n vertaling aangepak moet word dikwels buite die teks self geleë is.

Wadensjö (2011: 14–16) vertel dat haar siening oor die rol van die tolk en die funksie van die teks mettertyd verander het. Aanvanklik was haar standpunt dat 'n tolk inhoud op 'n redelik onpersoonlike wyse in een rigting, van die sender na die ontvanger, oordra – haar professionele gedrag is gerig deur idees van wat 'n tolk “moet doen” of “nie moet doen nie”. (Dié benadering tot vertaling stem ooreen met wat Chesterman (2011: 24) as 'n letterlike vertaling beskou: “one that is formally close to its source but nevertheless grammatical”.) Dit is veral Wadensjö se betrokkenheid by gemeenskapstolking (in situasies soos howe of hospitale, gewoonlik konsekatief), wat haar laat besef het dat haar rol nie net dié van neutrale medium is nie, en dat sy 'n aktiewe rol moet speel om die funksie van die teks (waarvan albei tale betrokke bron- en doelweergawes het) duidelik te maak.

3.5.6 Pragmatiek

Pragmatiek is die veld wat ondersoek instel na die manier waarop aanhoorders van 'n boodskap leidrade en seine gebruik om te bepaal wat die spreker (of skrywer) se bedoeling met die boodskap is (Capone et al., 2013: xi). Sperber en Wilson (2012b: 1) beskryf pragmatiek as die studie van taalgebruik, teenoor die studie van taalstruktuur.

Die filosoof, Paul Grice, se teorie oor diskoers, en veral sy verduideliking van diskoersimplikatuur (“discourse implicature”), het 'n beduidende rol gespeel in die ontwikkeling van denke oor pragmatiek. Grice het probeer om 'n formele verduideliking te gee van die verskil tussen die letterlike betekenis van woorde, en dit wat ons met daardie woorde wil kommunikeer – die verskil tussen “linguistic and speaker meaning” (Chapman, 2013: 153, 159). Ten einde die manier waarop mense teks, waarvan die letterlike betekenis op die oog af nie voldoende is om die bedoelde betekenis oor te dra nie, verstaan, het Grice 'n stel beginsels geskep wat belangrike eienskappe van diskoers uiteensit (Grice, 1975: 45), naamlik diskoersimplikatuur. Sy doel was om 'n teorie van kommunikasie daar te stel wat op logika gegrond is, en nie net verduidelik *wat* gebeur nie, maar ook *waarom* dit gebeur (Chapman, 2013: 185–186).

Die samewerkingsbeginsel is 'n algemene en rasonele kommunikasiebeginsel, en dit stel dat mense wat aan diskoers deelneem hulle bydraes volgens sekere vereistes of grondbeginsels maak: a) Hoeveelheid: Mense gee die vereiste hoeveelheid inligting (nie te veel nie, nie te min nie); b) Gehalte: Mense gee inligting wat akkuraat is; c) Verwantskap: Mense gee inligting wat relevant is vir die diskoers van daardie tydstop; en d) Wyse: Mense toon duidelik wat die bydrae is wat hulle maak, en doen dit dadelik (vermy dubbelsinnigheid, omslagtigheid, onsamehangendheid, vaagheid). Die belangrikheid van die beginsels wissel volgens kommunikasie- en kulturele konteks; soms bots die beginsels en moet een noodwendig ondergeskik gestel word, en soms raak 'n sekere beginsel eers belangrik as 'n ander bevredig is (Grice, 1975: 45–47). 'n Voorbeeld van nog 'n beginsel is, “wees hoflik” (Grice, 1975: 47), en Baker (2011: 245) verduidelik hoe dit in sommige kulture of omstandighede meer belangrik as enige van die ander beginsels is.

Die belangrikheid van die samewerkingsbeginsel vir 'n vertaler is dat dit lig werp op die betekenis van teks wat bo en behalwe die letterlike betekenis daarvan is – die sogenaamde diskoersimplikatuur (Baker, 2011: 238–239). Om die volle betekenis van 'n teks te verkry, moet die vertaler dus die linguistiese betekenis dekodeer, én die spreker se bedoeling ontsyfer. As 'n vertaler met meer as een linguisties moontlike betekenis van 'n teks gekonfronteer word, moet die een gekies word wat tot die grootste mate met die samewerkingsbeginsel en sy grondbeginsels ooreenstem. As dit blyk dat sekere grondbeginsels in kommunikasie oortree is, moet die vertaler aflei wat die spreker of skrywer bedoel het (Sperber & Wilson, 2012b: 2–3).

Aanvanklik was die idee dat linguistiese dekodering ooglopend was, maar oor die afgelope 30 jaar het filosofiese begin voorstel dat selfs die eksplisiete inhoud van die boodskap, net soos die implisiete inhoud, meer as die linguisties geënkodeerde betekenis behels, en ook pragmatiese implikatuur vereis. Dit is op hierdie punt waar die gaping tussen die “linguistic and speaker meaning” vernou, dat relevansieteorie van Grice se benadering verskil (Sperber & Wilson, 2012b: 3, 5). Relevansie word gedefinieer as 'n eienskap van insette van kognitiewe prosesse. Die insette kan eksterne stimuli wees wat waargeneem en in ag geneem kan word, of dit kan interne voorstellings wees, wat gestoor, herroep en aangewend kan word. 'n Inset is relevant vir 'n persoon as dit verband hou met beskikbare kontekstuele veronderstellings en positiewe kognitiewe gevolge het – dit wil sê, as dit bestaande veronderstellings versterk of hersien, of as dit egte kontekstuele implikasies het. Hoe sterker die positiewe kognitiewe gevolge, en hoe kleiner die verstandsinspanning wat nodig is, hoe meer relevant sal die inset op daardie tydstip vir die persoon wees (Sperber & Wilson, 2012b: 6).

3.5.7 Vertaalnorme

Ten spyte van bewerings dat “vry” vertalings ook aanvaarbare doeltekste kan daarstel, is vertaling tradisioneel gesien as 'n proses wat deur norme gerig is – hierdie voorskriftelikheid hou verband met die idee dat die bronteks die “standaard” gestel het in die evaluering van die vertaling (Pei, 2010: 29). Vertalers moes aan hierdie norme gehoor gee terwyl hul kreatief te werk gaan om logiese raaisels op te los (Gorlée, 1994: 77). Dit

is steeds 'n aanvaarde eienskap van vertaalaktiwiteit dat hulle aan norme onderworpe is, en volgens Pei (2010: 29) is die rede waarom vertalers aan sosiokulturele norme aandag gee, dat hulle vertalings wil skep wat volgens die een of ander eksterne standaard "aanvaarbaar" is.

Vik-Tuovinen (2011: 303) verwys na vier soorte norme wat op die tolkproses van toepassing is, naamlik, a) etiese norme; b) intertekstuele norme (met betrekking tot die bron- en doelteks); c) intratekstuele norme (wat verwys na die manier waarop die ontvanger wat nie die bronteks verstaan nie, die doelteks ontvang); en d) instrumentele norme (wat verband hou met vertaling as 'n diens aan kliënte).

Met verwysing tot teksredigering spesifiek, haal Van de Poel et al. (2012: 65) vir Carstens (2011) aan, wat drie tipes taalnorme onderskei: a) universele norme, wat vir alle tale van toepassing is, byvoorbeeld om dubbelsinnigheid te vermy; b) taalspesifieke of interne norme, byvoorbeeld, waar 'n werkwoord in dieselfde sin in Afrikaans en Engels geplaas sal word; en c) situasionele of eksterne norme, wat na pragmatiek verwys, en waarvan register 'n voorbeeld is.

In 'n algemene sin is norme sosiokulturele beperkings op menslike gedrag; dit is gedeelde waardes en idees wat voorskryf hoe mense moet optree, dink, vertaal ensovoorts in 'n sekere konteks en vir 'n sekere groep mense (Meylaerts, 2008: 91). Thunes (2011: 96, 97) verwys na tekstuele norme of konvensies wat woordkeuse, styl of teksstruktuur voorskryf – sy beskou dié norme as ekstralinguisties, omdat kenmerkende eienskappe van genres of tekstipes nie in die taalsisteem geleë is nie. Verskillende norme kan byvoorbeeld op 'n algemene teks en 'n tegniese teks van toepassing wees, en verskil van taal tot taal. Toury (1995: 45) beskryf sosiokulturele norme as wisselend in voorskriftelikheid tussen twee uiterstes: aan die een kant is daar algemene, relatief absolute reëls, en aan die ander, suiwer idiosinkrasieë. Tussen die twee pole lê 'n reeks intersubjektiewe faktore wat as norme bekend staan. Norme is onstabiel, en wissel in voorskriftelikheid oor tyd – wat 'n dekade gelede 'n absolute reël was, kan vandag as bloot 'n moontlikheid beskou word – en volgens die groep waarop dit van toepassing is (Toury, 1995: 45, 63).

Strukturele of generatiewe linguistiek het, deur die onderliggende struktuur van taal te probeer bepaal, probeer om 'n suiwer wetenskaplike benadering tot taal te volg en taal op 'n meetbare, kwantifiseerbare en voorspelbare manier te bestudeer (Lederer, 2003: 91). Deur dit te doen is die essensiële karakter van taal egter geïgnoreer, naamlik dat dit in konteks aangewend word, en dit net betekenis verkry as dit deur denkende individue gebruik word. Mansell (2005: 3) stem saam dat benaderings tot vertaling wat te eng op norme as beperkings klem lê, vergeet dat dit, op die ou einde, individuele vertalers is wat die besluite maak. Hy stem hieroor met Darwish (2008: 35–36) saam, wat herinner dat elke vertaalsituasie uniek is, en dat verskillende vertalers telkens 'n unieke produk sal skep. Dit beteken nie dat norme nie bestaan nie, of onnodig is nie. Darwish erken dat enige sisteem, as dit gaan werk, aan sekere standaarde of reëls onderworpe is, wat die manier waarop mense wat daarby betrokke is, onder sekere omstandighede optree, rig. Darwish haal vir Toury en Hermans aan, wat verklaar dat vertaalnorme geïnternaliseerde gedragsbeperkings is (1999: 12).

Meylaerts (2008: 94, 100–101) verwys na die spanning tussen “structure and agency”, en die verwagting dat vertalers moet uitwerk hoe hulle keuses gaan maak tussen gemeenskaplike en individuele norme, en hoe hulle die spanning tussen verwagte keuses en onverwagte variasies gaan hanteer. Vertalers moet dus besef dat daar norme bestaan, en hulle moet ook weet watter norme op 'n sekere situasie van toepassing is – Wilss verwys na situasionele toepaslikheid. Hy verduidelik dat vertalers moet bewus wees dat taalsisteme, kulture en situasies saamwerk om die vertaler se besluite te bepaal (1996: 42). Darwish waarsku ook dat ons moet onderskei tussen taalspesifieke norme en vertaalnorme. Taalspesifieke norme reguleer taalgebruik, en is soms kultureel bepaal (Darwish, 1999: 13).

Met verwysing na tolking, identifiseer Chernov (2004: 75–76) verskeie bronne van norme wat tolke moet in ag neem wanneer hulle doeltekste skep, naamlik, die gehoor, die spreker, die doel van die kommunikasiegeleentheid en die forum waar die kommunikasie plaasvind.

Pedersen (2005: 113) verwys na Toury (1995), en verduidelik hoe 'n vertaler bewus word van onderliggende norme. Volgens Toury kan 'n sekere eienskap van 'n teks 'n krisis veroorsaak, en dit dien as draaipunt in die vertaling en dwing die vertaler om na die toepaslike norm te verwys en 'n besluit te maak. Voorbeelde van sulke problematiese eienskappe is woordspelings, poësie of aanhalings – gewoonlik kulturele verwysings waarvoor daar in die doeltaal geen amptelike ekwivalent bestaan nie. Sulke krisispunte ontbloom die werking van norme soos lokalisering (verwys na paragraaf 3.6.2) en die funksionele doel van die teks. Vertalers sou nooit eers aan die norme gedink het as hulle nie die krisis ervaar het nie, wat impliseer dat norme merendeels in die onderbewussyn lê, en net opgeroep word wanneer dit nodig is.

Künzli en Ehrensberger-Dow (2011) het probeer vasstel of die aanvaarde norme vir ondertitels vir films (byvoorbeeld, dat die teks nie meer as twee reëls of 80 karakters lank moet wees nie) geldig is. Hulle het filmkykers se ikoniese aandag (die beeld), verbale aandag (dialoog) en narratiewe aandag (die algemene situasie) waargeneem in gevalle waar die ondertitels of volgens die konvensies was, of nie. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat kykers meer tekstuele inligting as wat verwag word, kan verwerk sonder dat hulle aandag van die ander elemente van die film afgelei word. Hoewel sommige kykers aangedui het dat hulle korter ondertitels verkies het, het hulle dieselfde hoeveelheid inligting ingeneem as dié wat langer ondertitels verkies het (Hild, 2011: 197). Dié bevinding stel voor dat norme vir ondertitels voortdurend hersien moet word om aan die veranderende behoeftes van spesifieke teikengehore te voldoen.

In teenstelling met konvensionele wysheid, beperk norme nie kreatiwiteit nie, maar maak norme kreatiwiteit nodig (Riccardi, 1998: 171). Volgens Toury (1980, aangehaal deur Darwish, 2008: 35–36) moet die vertaalproses twee tale en twee kulture in ag neem, en dit is logies dat die vertaler die norme van òf die brontekskultuur òf die doeltekskultuur onderskryf.

3.5.8 Persoonlike veranderlikes in die vertaler

Net soos wat die betekenis van die teks nie net uit die linguistiese elemente daarvan afgelei kan word nie, is die besluite wat die vertaler maak ook nie net op elemente buite

die vertaler geleë nie. Torop (1997: 27–28) sê daar is feitlik geen “suiwer” tekste in ’n kultuur nie, omdat die skrywer, die vertaler en die leser elk ’n “tekstuele geheue” het wat ’n invloed het op die manier wat die teks geskep, vertaal en ontvang word. Dit beteken dat geen besluit in ’n vakuum gemaak word nie, maar dat elke besluit deur ’n groot aantal faktore beïnvloed word – Cifuentes-Férez en Fenollar-Cortés (2017: 73), Hubscher-Davidson (2009: 176) en Bolaños-Medina (2014: 197) verwys na die sinergie tussen vertalers se persoonlikheid, houdings en gedrag. Mansell (2005: 3) herinner ons dat ’n vertaler ’n intelligente, denkende wese is – iemand wat keuses maak en tekste skep of, soos Pym (1993: 28) dit stel, iemand wat twyfel uit die weg ruim. Vertalers maak gebruik van ervaring, intuïsie en kreatiwiteit, dit wil sê, onderliggende kennishulpbronne, wanneer hulle vertaalbesluite maak (Wilss, 1996: 3). Wanneer ’n vertaler deur ’n bronteks gekonfronteer word, verwys die vertaler altyd na ’n verbeelde werklikheid, wat persoonlik en uniek, en noodwendig subjektief is (Lederer, 2003: 98). Mense het dus verskillende benaderings tot besluitneming, en dié verskille kan verband hou met kulturele verskille, intelligensie, kognitiewe style en persoonlikheid (Darwish, 2008: 61). Reiss (2000, aangehaal deur Hubscher-Davidson, 2009: 178) beweer dat sekere persoonlikheidstipes beter sal vaar met vertaling as ander; tog bestaan daar nie ’n enkele ideale tipe nie, maar eerder ’n verskeidenheid komplekse persoonlikheidstipes.

Wanneer ons vertaalbesluite ondersoek, kan ons die vertaler se verstandelike strategieë ondersoek (Wilss, 1996: 37; Hubscher-Davidson, 2009: 177), maar ons moet ook beseef dat vertalers nie algeheel onafhanklike wesens is nie, en dat nie alle gedrag ’n oorsprong in die vertaler self het nie (Wilss, 1996: 43). Elke vertaler volg ’n ander inherente benadering om die teks wat vertaal moet word, te verstaan, verduidelik, regverdig en interpreteer, en dit is een van die redes waarom twee vertalers nooit ’n bronteks op presies dieselfde manier sal vertaal nie (Amirian & Baghiat, 2013: 224).

Wilss (1996: 39) beskryf vertaalintelligensie as die vermoë om vertaalprestasie volgens sekere beginsels te rig, en om oor die kennis te beskik om op ’n manier op te tree wat by die situasie pas. Newmark (1978, in Wilss, 1996: 48) verklaar dat vertaling ’n vaardigheid sowel as ’n kuns en ’n wetenskap is, wat impliseer dat verskillende tipes intelligensie vir vertaling nodig is. Schwenke (2015: 122) lys ’n aantal eienskappe wat deur die Registry

of Interpreters for the Deaf beskou word as noodsaaklik vir gebaretaaltolke. Benewens die nodige linguistiese, kognitiewe en tegniese vaardighede, moet gebaretaaltolke oor fisieke stamina, emosionele stabiliteit en deursettingsvermoë beskik (vergelyk ook Bontempo, Napier, Hayes en Brashear (2014: 24) vir 'n oorsig van wenslike eienskappe van gebaretaaltolke).

Die vertaalaktiwiteit word gewoonlik gekenmerk deur komplikasies; daarom is dit nie uitsonderlik vir 'n vertaler om van sogenaamde rasionele gedrag af te wyk nie. Terwyl vertalers besig is om te ontleed, te interpreteer, te vergelyk, afleidings te maak, moontlikhede teen mekaar op te weeg, te beplan, te kombineer, te standaardiseer en probleme op te los in die skepping van 'n doelteks, is hulle beweegredes en besluite nie noodwendig rationeel nie (Wilss, 1996: 37, 43). Dit kan selfs gebeur dat raamwerke van riglyne, soos dié wat vir vertalers van oorklankings voorgeskryf word (paragraaf 3.5.4), verontagsaam word wanneer 'n vertaler in die werklike situasie besluite moet neem.

Vervolgens bespreek ek faktore wat die besluitnemingsproses beïnvloed, en wat hoofsaaklik met vertalers verband hou, naamlik hulle persoonlike eienskappe, hulle kennis en ervaring, agentskap en persoonlike besluitnemingstyl.

3.5.8.1 Persoonlike eienskappe

Hubscher-Davidson (2009) het die individuele eienskappe van studentevertalers ondersoek om te bepaal hoe hulle persoonlikhede hulle vertaalbesluite beïnvloed. Die veronderstelling is dat sekere persoonlikheidseienskappe 'n geneigdheid tot sekere gedrag impliseer (Matthews et al., 2003 in Hubscher-Davidson, 2009: 177). Sy het onder meer die gehalte van 'n toetsvertaling bepaal, en die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI) toegepas. Dié psigometriese toets doen metings op vier subskale: a) Introversie teenoor ekstraversie; b) "Sensing" ('n geneigdheid om die praktiese feite van die werklikheid waar te neem) teenoor "intuition" (die geneigdheid om moontlikhede, verhoudings en die betekenis van ervaring te sien); c) "Thinking" teenoor "feeling"— die mate waartoe besluite onderskeidelik objektief en onpersoonlik of subjektief en persoonlik is; en d) "Judging" teenoor "perceiving" ('n neiging om onderskeidelik op 'n beplande of 'n spontane wyse op te tree). Hoewel ek nie hier 'n diepgaande bespreking van die MBTI kan onderneem nie,

is dit beduidend dat Hubscher-Davidson (2009: 184–187) onder meer bevind het dat vertalers met hoë tellings vir “intuition” beter gevaar het as dié met hoë “sensing” tellings. Die verwagting is dat “sensing” tipes ’n praktiese benadering verkies, en ongemaklik voel as ’n taak verbeelding vereis, terwyl “intuitives” geneig is om meer oorspronklik en kreatief te wees, en sensitief is vir die behoeftes van doeltaallesers. Die korrelasies wat Hubscher-Davidson tussen persoonlikheidstipes en vertaalprestasie gevind het, lei tot die gevolgtrekking dat individuele persoonlikheidsverskille tog ’n invloed op besluitneming het, en dat vertalers opgelei moet word om bewus te wees van hul eie sterk- en swakpunte (2009: 188).

Volgens Henderson (1984: 3–6) en Bontempo et al. (2014: 30) is die tradisionele siening dat tolke ekstraverte is (en, volgens Henderson, vertalers introverte). Henderson se studie het egter nie bevind dat daar merkwaardige verskille tussen vertalers en tolke op dié skaal was nie. In ’n ondersoek na persoonlikheidstipes van gebaretaaltolke, het Bontempo et al. (2014: 34) bevind dat ekstraversie net in vryskuttolke ’n voorspeller van kundigheid was.

Studies stel voor dat ’n bekwame vertaler dubbelsinnigheid en onsekerheid moet kan hanteer. Omdat elke vertaalopdrag deur beperkings gekenmerk word, sal ’n vertaler altyd deur ’n mate van onsekerheid gekonfronteer word, en sal hy/sy altyd die een of ander tipe besluit moet maak – Tirkkonen-Condit (2000: 123) beweer dat vertalers waarneembare patrone van onsekerheidsbestuur as vertaalstrategieë toepas. ’n Ondersoek na verdraagsaamheid van onsekerheid as ’n persoonlike eienskap van suksesvolle vertalers deur Tirkkonen-Condit (2000: 141) het bevestig dat vertaling groot potensiaal vir die hantering van dubbelsinnigheid het. Elke vertaler ontwikkel ’n unieke stel strategieë om besluitneming te bestuur, omdat elke individu ’n teks en die konteks waarbinne dit voorkom op ’n ander manier interpreteer: “There are as many different products as there are translators” (Tirkkonen-Condit, 2000: 124). Bolaños Medina (2015: 147) ondersoek verdraagsaamheid van dubbelsinnigheid as ’n faktor wat ’n rol speel in besluitneming deur vertalers, en kom tot die gevolgtrekking dat dié persoonlikheidseienskap verdere ondersoek verdien. Nog ’n ondersoek na die vermoë van professionele en studentevertalers en -tolke om onsekerheid te verdra, is dié van Rosiers en Eyckmans

(2017: 63), wat gevind het dat die vermoë om onsekerheid te verdra veral by professionele tolke teenwoordig is. Hulle gevolgtrekking is dat dit die aard van die werk is wat dié vermoë ontwikkel.

Munková, Hodáková en Welnitzová (2014) het ondersoek ingestel na die verband tussen vertalers se behoefte aan struktuur (’n sielkundige eienskap wat ook kousale onsekerheid genoem word) en die manier waarop hulle reageer op ongestruktureerde of onvoorspelbare situasies, en dit hanteer. ’n Mens se vermoë om onsekerheid te verdra hou verband met die vermoë om dubbelsinnigheid te verwerk – ’n onvermoë om dit te doen kan lei tot stres, en die neiging om situasies wat dubbelsinnigheid en onsekerheid behels, te vermy. Aan die ander kant sal iemand wat ’n hoë verdraagsaamheid vir dubbelsinnigheid en onsekerheid het, aangetrokke voel tot sulke situasies; die inherente kompleksiteit van situasies word nie as nadelig beskou nie (Munková et al., 2014: 122). In hulle studie oor die verskynsel van kousale onsekerheid het dié skrywers die aanname gemaak dat daar ’n positiewe verband sou wees tussen kousale onsekerheid en die neiging om ’n doelteks te skep wat ’n letterlike vertaling is, en hulle het inderdaad statisties beduidende matige en negatiewe korrelasies tussen die veranderlikes gevind. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat vertalers met hoë kousale onsekerheid stereotipes verkies en laer vlakke van verdraagsaamheid van onsekerheid het. Hulle sal geneig wees om die “veilige” opsie te kies, wat meer voorspelbare gevolge het (Munková et al., 2014: 129). Daar word beweer dat ekspert vertalers onsekerheid beter kan verdra en hanteer, en dat nuwelingvertalers moet leer hoe om ’n moniteringsvaardigheid, wat terugvoer gee oor wat om te doen en hoe om sekere probleme op te los, toe te pas (Tirkkonen-Condit, 2000: 123; Amirian & Baghiat, 2013: 225–126). Bontempo et al. (2014: 36) se bevinding dat vaardigheid van gebaretaaltolke verband hou met openheid vir nuwe ervarings, hou moontlik met bevindinge ten opsigte van verdraagsaamheid van onsekerheid verband.

Varzande en Jadidi (2015) en Hubscher-Davidson (2009) het die rol van emosionele intelligensie – die vermoë om emosies in ander te herken en om ’n mens se eie emosies te reguleer – in die gehalte van vertaling, en in werkstevredenheid, loopbaansukses en ervaring van literêre vertaling ondersoek. Varzande en Jadidi (2015: 108) se verwagting was dat, omdat emosionele intelligensie positief korreleer met probleemoplossing en

besluitneming, en omdat dit twee elemente van vertaling is, vertalers wie se produk as “goed” beskou word, hoër tellings op ’n toets vir emosionele intelligensie sou behaal. Hulle het egter geen verband gevind nie.

Op haar beurt, verwys Hubscher-Davidson (2009: 133–135) na spekulasie dat emosionele intelligensie vertalers kan help om die verskeidenheid tekste wat vertaal moet word (waarvan sommige sterk emosionele reaksies kan uitlok – dink aan die tolk wat getuienis oor verkragting in ’n hof moet oordra), te hanteer; om beter te skryf, omdat ’n mens ander se perspektiewe kan begryp en op ’n sosiaal betekenisvolle manier kan weergee, om meer kreatief, geesdriftig, optimisties en gefokus (en dus meer suksesvol) te wees, en om spanning en frustrasie te hanteer. Hubscher-Davidson (2009: 144) bevind dat literêre vertalers effens meer emosionele intelligensie het as ander vertalers, en dat emosionele intelligensie ’n positiewe verband toon met werkstevredenheid en loopbaansukses.

Bayer-Hohenwarter (2013: 63) beskryf kreatiwiteit ten opsigte van vertaling as die skepping van ’n nuwe teks (dus, ’n nie-letterlike vertaling) en “leaving the path of least resistance”, dit wil sê, om vertaalprobleme vanuit ’n nuwe perspektief te benader. Kreatiwiteit verwys ook na hantering van kognitiewe “blokke”, probleemoplossing en vindingrykheid (Bayer-Hohenwarter, 2013: 64). Dié navorser het onder meer bevind dat kreatiwiteit en gehalte van vertaling nie in ’n direkte, liniêre verhouding staan nie, waarskynlik omdat ’n “minder kreatiewe” vertaling soms verkieslik of meer geskik is, en dat veral meer kundige vertalers hierdie oordeel besit (2013: 77).

Marais (2008: 118) stel ook voor dat vertalers nie net tegniese vaardigheid (dit wil sê, kennis van die tale betrokke, kennis van die stappe in die proses) en rasonale denke aanwend om doeltaaltekste te genereer nie, maar dat hulle ook ander eienskappe aan die dag moet lê om besluite te maak oor wat die “korrekte” woorde en sinne vir ’n betrokke teks is. Sy argument is dat taal so ideologies en kultureel gelaai is, en dat interkulturele kommunikasie so maklik verkeerd verstaan kan word, en dat vertalers sonder wat hy wysheid en professionele oordeel noem, nie in die vertaalopdrag sal slaag nie (Marais, 2008: 118–119). Marais (2009: 218) beskryf wysheid as die vermoë om die lewe en sy

kompleksiteit te hanteer, en beskou dit as 'n belangrike eienskap in die vertaler se vaardighedsarsenaal.

Cifuentes-Férez en Fenollar-Cortés (2017: 81) het 'n studie onderneem om te bepaal of daar 'n verband is tussen vertaalgehalte en studentevertalers se eiewaarde, strategieë om emosie te reguleer en emosionele uitdrukking. Hulle het geen verband gevind tussen gehalte van vertaling en eiewaarde nie; hulle kon ook nie die verwagting dat vertalers wat hulle emosies onderdruk, swakker vertalings sou lewer, bevestig nie. Hulle het wel gevind dat vertalers met negatiewe emosionele uitdrukking swakker presteer het as dié met positiewe uitdrukking. Die gevolgtrekking is dat negatiewe emosies eiewaarde, aandag en werksgeheue aftakel (Cifuentes-Férez & Fenollar-Cortés, 2017: 85–88). Bontempo et al. (2014: 36) het bevind dat eiewaarde 'n goeie voorspeller is ten opsigte van vaardighede van gebaretaaltolke.

Persoonlikheidseienskappe speel ook 'n rol in vertalers se hantering van stresvolle situasies. Schwenke (2015) het probeer vasstel of daar 'n verband is tussen uitbranding by gebaretaaltolke en eienskappe van perfeksionisme. Stres kan tot uitbranding lei, maar kan ook aanleiding gee tot optimale prestasie en werkstevredenheid (Schwenke, 2015: 124–125). Schwenke kom tot die gevolgtrekking dat perfeksionisme 'n veeldimensionele konstruk is waarvan die elemente op 'n kontinuum lê, en dat navorsers se bevindings of 'n tolk met perfeksionistiese neigings 'n groter kans het om uit te brand, afhang van hoe hulle perfeksionisme omskryf (Schwenke, 2015: 129).

3.5.8.2 Persoonlike besluitnemingstyl

In teenstelling met die geïdealiseerde idee dat vertaling 'n neutrale, onemosionele, onsigbare oefening is, tree die vertaler se persoonlike voorkeur tog dikwels na vore (Sun, 2014: 276). Abdulla verwys na 'n vertaler se persoonlike styl, wat hy beskryf as iemand se visie van die wêreld wat hy of sy deur verbale tekens laat realiseer (1994: 66). Hy bring dié eienskap met die doel van 'n vertaling in verband, en stel dat die vertaler, ten spyte van 'n persoonlike neiging of kognitiewe ingesteldheid, in sekere gevalle (byvoorbeeld, literêre vertaling) soms die bronteks se styl moet voorop stel en reproduseer in die doeltteks (Abdulla, 1994: 70–71).

Roberts en Newton (2003: 28) vra waarom sekere mense ruimtelike strategieë gebruik om afleidings te maak, en ander verbale strategieë? Waarom gebruik sekere mense algemeen toepaslike strategieë, en ander spesifieke strategieë? Dit is dus duidelik dat mense inherent verskil ten opsigte van voorkeure waarvolgens hulle probleemoplossingstake aanpak.

Sauter (1999: 109–110) verduidelik dat mense vier soorte besluitnemingstyle toepas.

- 'n Linkerbreinstyl lê klem op analitiese en kwantitatiewe tegnieke, en gebruik rasionele en logiese redenering. Probleme word in kleiner eenhede verdeel en elke subprobleem word deur toepassing van logika en inligting benader. Hierdie styl werk die beste wanneer al die veranderlikes beheer of voorspel kan word, en as al die nodige inligting beskikbaar is. Dié benadering is egter geneig om te veel op hoe dinge in die verlede gewerk het, te fokus, sonder om te bepaal of 'n historiese oplossing steeds geldig is. Komplekse kwessies word vereenvoudig en die onvoorspelbare word geïgnoreer.
- Die regterbreinstyl gebruik intuitiewe tegnieke en beskou gevoelens as meer belangrik as feite. Besluite word op 'n ongestruktureerde en spontane manier geneem deur na die probleem as 'n geheel te kyk, selfs as inligting onvoldoende is. Met dié styl is daar nie juis sprake van 'n sekere strategie nie, inteendeel, die besluitnemer eksperimenteer met alternatiewe en opsies. Die grootste probleem met hierdie styl is die gebrek aan metodologie wat getoets kan word.
- Iemand met 'n akkommoderende styl gee van nature voorkeur aan een van bogenoemde twee style, maar het uit ervaring geleer dat 'n sekere styl (al is dit nie die een wat gewoonlik gebruik word nie) soms vir 'n sekere probleem toegepas moet word.
- Die geïntegreerde styl kombineer linker- en regterbreinstyle. Analitiese denkprosesse word aangewend om inligting te ontleed, en intuïsie help om onsekerheid en kompleksiteit te hanteer (verwys na paragraaf 2.2 en die bespreking van abduksie). Die verskillende prosesse word siklies toegepas totdat 'n besluit gemaak word.

Hierdie is nie die enigste paradigma vir besluitnemingstyle wat bestaan nie, maar toon dat mense grootliks kan verskil ten opsigte van die manier waarop hulle besluite benader.

3.5.8.3 Kennis, ervaring en kundigheid

In hierdie studie is my vertrekpunt dat sowel kennis as ervaring nodig is vir kundigheid – kennis en ervaring is inderwaarheid hulpbronne wat deur 'n vertaler aangewend word om 'n aanvaarbare vertaling daar te stel. 'n Vertaler se kennis en ervaring word ook gevorm deur subjektiewe sosiale, politieke en kulturele faktore, wat beteken dat vertaling altyd 'n subjektiewe aktiwiteit sal wees (Sun, 2014: 277). Sun beweer dat subjektiwiteit nie van ervarings geskei kan word nie, en gevolglik word vertalings beïnvloed deur 'n komplekse emosionele verhouding wat 'n vertaler met die bronteks het (2014: 281).

Volgens Lederer (2003: 100) word 'n doelteks altyd op 'n subjektiewe manier geformuleer, en dit is waarom geen twee vertalers ooit identiese weergawes van 'n doelteks skep nie. Nog 'n rede waarom dit onwaarskynlik is dat dit ooit sal gebeur, is omdat verskillende vertalers verskillende aspekte van 'n vertaaltaak moeilik vind (Séguinot, 2000: 145) – dit kan die gevolg wees van variasies in kennis- en ervaringsvlakke van verskillende vertalers (sien ook PACTE Group, 2011).

Hoe beter vertalers se vaardigheid, hoe meer hulpbronne het hulle om die problematiese situasie te hanteer. Namate vertalers meer vaardig word, is aspekte wat vroeër as problematies ervaar is, nie meer problematies nie, en deskundige vertalers kan besluit wanneer om hul rede in te span, byvoorbeeld wanneer 'n besonder moeilike vertaalprobleem opgelos moet word, of wanneer 'n vertaalbesluit vir die kliënt of opdraggewer verduidelik moet word (Chesterman, 2000: 79). Aan die beginstadiums van vaardigheidsontwikkeling is die rede deurentyd betrokke; later word dit selektief as 'n moniteringsmeganisme aangewend.

Die PACTE Group (2011: 319–320) onderskei 'n aantal vaardighede wat hulle as van toepassing op vertaling beskou, naamlik strategiese vaardigheid, instrumentele vaardigheid en kennis van vertaling. Onder die tipes kennis wat Lederer (2003: 113) en Vik-Tuovinen (2011: 303) noem wat vertaalbesluite kan beïnvloed, is die vertaler se

algemene kennis, kennis van die doeltaal, kennis van die onderwerp van die teks en die vermoë om die styl van die bronteksskrywer weer te gee.

Thunes (2011: 86) en Vik-Tuovinen (2011: 305) onderskei ook tussen tipes kennis waarvoor 'n vertaler beskik, en wat uiteraard persoonlik of subjektief is. Dié kennis behels byvoorbeeld kennis van die bron- en doeltale en hoe die sisteme van die twee tale by mekaar inskakel, wat Vik-Tuovinen praktiese kennis noem, 'n verskeidenheid tipes agtergrondkennis (volgens Vik-Tuovinen, "tacit knowledge"), vaardighede wat met die interpretasie en skepping van 'n teks verband hou, sowel as kennis van die pragmatiese faktore wat die onderlinge verhoudings tussen linguistiese vorms en tekstuele kontekste beïnvloed. Al die deelnemers (N=11) aan Vik-Tuovinen se studie rapporteer dat hulle praktiese kennis gedurende opleiding, van hulle dosente, opgedoen het, agt het kennis gedurende gesprekke met kollegas en kliënte opgedoen, twee elk het dit deur oefening of waarneming of uit geskrewe bronne opgedoen, en vyf deur selfstudie (2011: 309). Chandler (2008: 35) verduidelik dat kennis van populêre kultuur van sowel die bron- as die doeltaal noodsaaklik is vir vertalers van videospeletjies. Verdere kennisuitdagings hou verband met die subkultuur van mense wat videospeletjies speel en tegniese voorskrifte van die programmatuur waarin die vertaling geïnkorporeer moet word.

Hild (2011) het die rol van persoonlike ervaring en vaardigheid in simultane tolking ondersoek – haar vraag is of kundige tolke oor superieure kennis of strategieë beskik om komplekse linguistiese strukture te hanteer. Sy kom tot die gevolgtrekking dat kundige (ervare) tolke minder deur linguistiese kompleksiteit beïnvloed word as onervare tolke. Dit is nie die ingebore werksgeheue wat die kundige en beginnertolke onderskei nie, maar die beskikbaarheid van verworwe vaardighede en kennis (Hild, 2011: 64–65). Tiselius en Jensen (2011: 292) het ook bevind dat die verwerkingstrategieë wat tolke aanwend deur kundigheid beïnvloed word, maar dat die strategie ook van die taak afhang. Die verskille tussen tolke met geen en baie ondervinding was aansienlik groter as tussen dié met min en baie ondervinding (PACTE Group, 2011: 291).

Die lees- en luistervaardighede van onderskeidelik vertalers en tolke bepaal ook hoe hulle besluite maak. As te veel van beperkte verstandshulpbronne aangewend moet word om

die bronteks te lees/hoor, is daar nie genoeg oor om aan hoërvlakprosesse, soos die maak van afleidings of integrasie van inligting, te bestee nie, aldus De Groot (2000: 55). Volgens De Groot kan opleiding en ervaring help om dié bron van onsekerheid uit die weg te ruim. Vertalers kan leer om woorde outomaties te herken, sodat hulle die maksimum hoeveelheid verstandshulpbronne op daardie take wat nie outomaties kan plaasvind nie, kan rig.

Chesterman (2000: 77–79) beskryf vertaling as 'n vaardigheid wat, soos enige ander vaardigheid, aangeleer kan word. Hy beskryf 'n aantal fases waardeur 'n vertaler beweeg op die pad na bevoegdheid, soos deur Dreyfus en Dreyfus (1986) voorgestel. Die eerste fase behels dat die vertaler met volle bewustheid leer hoe werk die verskillende elemente van die vertaalproses, hoewel sonder konteks. Chesterman noem die vertaler in die tweede fase 'n gevorderde beginner, wat ooreenkomste kan raaksien en begin veralgemeen. Hoewel gedrag steeds bewustelik plaasvind, begin die vertaler die elemente van die proses met mekaar in verband bring, en begin konteks 'n rol speel. In die derde fase begin die vertaler prioriteite ontwikkel, en begin hy/sy elemente van die situasie ontleed en in 'n hiërargie rangskik, volgens elemente wat geïgnoreer kan word en ander wat voorkeur moet kry – dit is hier wat besluitneming 'n rol begin speel. Die vertaler bereik in die vierde fase bevoegdheid. Tot dusver het die vertaler reëls toegepas, inligting ontleed en rasonele besluite gemaak, maar op dié vlak begin persoonlike ervaring en intuïsie 'n groter rol speel. Die laaste fase is dié van deskundigheid, waar intuïsie by die rede oorneem. Oordenking behels nadink oor intuïsie, en omdat intuïsie voortdurend getoets en oorweeg word, word dit verfyn. Rasonele gedrag kan willekeurig geaktiveer word wanneer monitering nodig is. Hierdie geleidelike vordering na deskundigheid kan beskryf word as die outomatisering van intuïsie, wat noodwendig tot 'n groter mate deur meer ervare vertalers aangewend word.

Nog 'n tipe kennis is selfkennis. Bolaños-Medina (2014: 198) verwys na Bandura se begrip van doelmatigheid (“self-efficacy”), wat verwys na iemand se wete dat hy/sy in staat is om take suksesvol uit te voer, wat beheer oor die omgewing impliseer, en verband hou met selfversekerdheid. Bolaños-Medina (2014: 21—212) bevind onder meer dat vertalers met hoë tellings op doelmatigheid onsekerheid beter kan verdra, meer

sukksesvol is in soeke na inligting, en besef wanneer dit tyd is om op te hou soek na oplossings en 'n besluit te neem – hierdie wete impliseer metakognisie en selfbewussyn. Tirkkonin-Condit (2000: 141) stel voor dat vertalers oor die eienskappe deursettingsvermoë – uitgedruk as die wil om aan te hou soek na 'n oplossing wanneer 'n oplossing hom nie onmiddellik voordoen nie – en verdraagsaamheid van dubbelsinnigheid moet beskik, omdat die werk self hulle hierdie eienskappe laat aanleer het.

Weens die spoed waarteen globale kommunikasie plaasvind, is die menslike omgewing vandag minder voorspelbaar en stabiel as in die verlede, en daar is nie altyd tyd om data en verhoudings te ontleed nie. 'n Besluitnemer het nie altyd toegang tot inligting wat sal help om 'n goeie besluit te maak nie, en aanvaarde benaderings tot besluitneming is soms onbevredigend (Sauter, 1999: 109). Dié besef het Sauter aangespoor om die rol van intuïsie in die besluitnemingsproses te ondersoek. Sy beskryf intuïsie as iets nuut wat skielik en onverklaarbaar te voorskyn tree. Die meeste mense beskou dit as 'n skielike ervaring van verheldering – 'n geval van mense wat weet van feite of verhoudings, maar nie kan verklaar hoe hulle dit weet nie. (Vergelyk Sauter se beskrywing van die aard van intuïsie met die beskrywing van Peirce se konsep abduksie in paragraaf 2.2.) Daar bestaan natuurlik die gevaar dat intuïsie verwar kan word met emosie of gewoonte (Sauter, 1999: 110–111).

3.5.8.4 Die aard van denkprosesse

Evans, Over en Handley (2003: 3) beweer dat mense 'n unieke vaardigheid besit, naamlik hipotetiese denke, wat behels dat ons moontlikhede kan analiseer, en hul implikasies kan oorweeg. Dié skrywers verwys na die tweeledigeprosesesteorie (“dual process theory”), wat voorstel dat ons kan onderskei tussen twee tipes denke: implisiet en eksplisiet; wat elkeen deur duidelike denksisteme gekenmerk word. Die rol van die implisiete sisteem is om pragmatiese, implisiete, heuristiese prosesse te gebruik om die huidige omgewing, in die lig van agtergrondkennis en -idees, outomaties te kontekstualiseer (Evans et al., 2003: 3, 4). Op sy beurt behels die eksplisiete denksisteem menslike bewustheid, en vereis dit werksgeheue, en is dit opeenvolgend en daarom beperk ten opsigte van verwerkingskapasiteit. Evans et al. (2003: 3, 4), op hulle beurt, stel voor dat die eksplisiete sisteem

se vermoë om te redeneer en abstrak te dink, dit in staat stel om die implisiete sisteem se pragmatiese invloede te verwerp indien hulle irrelevant is. Dit beteken nie dat die rol van outomatiese agtergrondidees nie vir denke nuttig is nie, want ons sou tog alle beskikbare inligting wou aanwend om besluite te maak.

Evans et al. se idees oor hoe menslike denke werk en hoe ons besluite neem, is net een moontlike verduideliking, gebaseer op 'n enkele een van 'n groot aantal modelle en teorieë wat probeer om die verskynsel te verduidelik. Op hulle beurt beweer Roberts en Newton (2003: 24), byvoorbeeld, dat individuele benaderings tot redenering die poging om 'n universele meganisme te identifiseer, in die wiele ry. Selfs vir eenvoudige deduktiewe probleme pas verskillende mense verskillende metodes toe, en Roberts en Newton beweer daar is geen fundamentele meganisme vir besluitneming nie. Dié en ander skrywers se gevolgtrekkings oor die aard van besluitneming bevestig dat die rol van persoonlikheid in die manier waarop besluitneming plaasvind, uiters kompleks is, en dat konsensus oor die meganismes nog nie bestaan nie.

3.5.8.5 Die vertaler se agentskap

Tymoczko (2014: 300) verduidelik hoe moeilik die besluite is wat vertalers moet maak wanneer hulle gekonfronteer word deur kontekstuele veronderstellings, dubbelsinnig-hede en gapings wat die betekenis van 'n teks op verskeie vlakke – linguisties, kultureel of ideologies – kan beïnvloed. Vertalers kan nie 'n lys verskaf van die moontlike betekenis of alternatiewe interpretasies nie, maar moet hulleself verbind tot 'n besluit oor een weergawe bo 'n ander, en daardeur soms ideologiese of etiese posisies inneem. Rojo (2015: 739–740) verduidelik dat daar in die 21ste eeu al hoe meer van vertalers verwag word om in kulturele en ideologiese kwessies standpunt in te neem. As daar van vertalers verwag word om sulke besluite te maak, beteken dit die vertaler het agentskap en mag, en volgens Tymoczko, moet vertalers bemagtig word om dié moeilike besluite, wat soms ver bo die vlak van taal lê, te maak. Dit beteken ook dat die vertaler nie 'n neutrale posisie inneem nie, maar 'n ideologiese agenda verteenwoordig. Dié agenda kan aan verskeie agente behoort, en weerspieël gewoonlik die belange, posisie en mag van die opdraggewer. Ongeag of vertalers hierdie agenda ondersteun, bly vertalers

aanspreeklik vir hul eie werk (Tymoczko, 2014: 303), en dus vir die besluite wat hulle geneem het. Volgens Cappelen (2008: 23) is die tradisionele idee dat tolke nie kreatiewe deelnemers aan die kommunikasiesituasie is nie – die tolk is nie die persoon wat besluit of 'n sekere vertaling korrek is nie. Cappelen verwys egter na die konsep van inhoudsrelativisme, en stel daardeur voor dat tolke medeskeppers van inhoud is (2008: 41). Hierdie idee impliseer dat vertalers agentskap het om oor die “beste” vertaling te besluit.

Way (2016: 1041) verwys ook na die manier wat die rol van die vertaler oor die jare verander het. Sy verduidelik dat vertalers in 'n sosiale konteks werk en dat hulle rol varieer volgens die interaksie wat hulle met die ander rolspelers het. Vertalers is deesdae 'n integrale deel van die kommunikasieproses, aangesien hulle 'n “bevoorregte” posisie beklee omdat hulle waarskynlik die meeste inligting oor moontlike hindernisse in die kommunikasiesituasie het. Dus kan vertalers op 'n gelyke grondslag met ander rolspelers handel, wat op agentskap dui.

Marais (2014: 89, 95) verduidelik dat agentskap beteken dat individuele optrede 'n uitwerking het op ander individuele of sosiale gedrag – en dat 'n besluit om nie op te tree nie ook 'n effek kan hê. Nog 'n persoonlike eienskap wat besluite beïnvloed, is die houding van die vertaler teenoor die oortuigings van die bronteksskrywer, en die vertaler se kennis van die verwagtings van lesers van die doelteks (Tirkkonen-Condit, 2000: 123). Dié houding, ongeag of dit positief of negatief is, as verteenwoordiging van agentskap, beteken dat 'n vertaler die doelteks kan beïnvloed.

3.5.9 Praktiese oorwegings

Vertaling is geneig om 'n normatiewe proses te wees wat van vertalers vereis om 'n optimale of beste doeltaalweergawe te skep (Levý, 2004: 143–144). Benewens vereistes van die vertaalopdrag wat met die oordrag van betekenis van een taal na 'n ander verband hou, word vertalers egter ook met praktiese uitdagings gekonfronteer, soos dié wat met produksieskedules en tegniese vereistes verband hou (Chandler, 2008: 34). Vertalers is geneig om die praktiese aspekte van 'n besluit as basis vir besluitneming te gebruik – hulle baseer besluite op 'n begeerte om met die minste inset die beste effek te verkry –

Levý noem dit die “minimax” strategie. Hy verduidelik dat ’n vertaler ure kan wy aan eksperimentering en die herskryf van potensiële doelteksweergawes, maar dat dit selde in die praktyk so gebeur. Oor die algemeen is vertalers geneig om tevrede te wees as hulle ’n doelteks kan skep wat ’n aanvaarbare weergawe is, wat bloot die kernbetekenis en stylwaardes van die bronteks weergee. Wanneer hulle besluite neem oor die skepping van ’n geskikte doelteks, ontgin vertalers dus nie ál die kennis waaroor hulle beskik nie – hulle voer net die nodige hoeveelheid analise uit om afleidings vir daardie spesifieke opdrag te maak (Thunes, 2011: 87). (Die vertrekpunt van Thunes (2011: 122) se studie van die kompleksiteit van vertaling is die vereistes, veral ten opsigte van inligting, wat vir die vertaalproses nodig is.)

Tirkkonen-Condit (2000: 123) verwys ook na tyd en geld as praktiese oorwegings wat die skepping van ’n teoreties optimale vertaling in die wiede ry. Praktiese oorwegings veroorsaak dikwels dat vertalers “òf òf” besluite maak, dit wil sê, hulle sal òf stilistiese voorskrifte gehoorsaam, òf linguistiekreëls, en besluite word gewoonlik deur die verwagtings van die lesers van die doelteks gerig (Levý, 2004: 146).

Toking, teenoor geskrewe vertaling, het unieke beperkings, waarvan tyd die belangrikste ekstralinguistiese beperking is (Riccardi, 1998: 173). Omdat die tolk onder druk is om die doelteks binne ’n beperkte tyd weer te gee, kan hy/sy nie altyd nadink oor die bronteks nie, en kan hy/sy nie meer as een moontlik aanvaarbare weergawe genereer voordat die doelteks vir oorweging deur die gehoor aangebied word nie.

Vir ’n professionele vertaler wat onder druk werk, kan praktiese oorwegings ’n groter rol speel in die besluite wat gemaak word as enige van die ander oorwegings hierbo genoem.

3.6 VERTAALSTRATEGIE

3.6.1 Wat is strategie

Volgens Pharos se Verklarende Afrikaanse Woordeboek beteken die woord strategie sorgvuldige beplanning, en ’n aanvalplan of krygskuns (Labuschagne & Eksteen, 2010: 1242), terwyl die Oxford Dictionary of English (Stevenson, 2010: 1761) dit as “a plan of

action designed to achieve a long-term or overall aim” definieer. Tirkkonen-Condit (2000: 125), op haar beurt, definieer strategie as ’n sistematiese manier om ’n doel na te streef en hindernisse uit die weg te ruim, terwyl Zapico en Godo (2005: 31) spesifiseer dat ’n “beste” strategie gekies word uit die moontlike alternatiewe, met inagneming van beskikbare kennis oor die situasie, en die besluitnemer se voorkeur ten opsigte van gevolge. Die PACTE Group (2003: 44) se definisie van vertaling impliseer dat strategie ’n noodsaaklike deel is van vertaling – volgens dié navorsers is vertaling ’n aktiwiteit wat kommunikasie ten doel het en wat besluitneming en probleemoplossing behels. ’n Vertaaldoel behels ’n aantal tegnieke, prosedures en metodes wat gedurende die vertaalproses aangewend word (Darwish, 1999: 18), en impliseer dat die vertaler op ’n “cognitive, hermeneutic, [and] associative” manier dink (Wilss, 1996: 30). Roberts en Newton (2003: 25) onderskei tussen ’n strategie en ’n “non-strategy”: ’n strategie sal meer moeite behels om te implementeer as “non-strategy”. Hulle, en Way (2016: 1022), wys ook daarop strategie meer met beplanning te doen het as met prosedure of oplossing van individuele vertaalprobleme.

Volgens Lörcher (1991, in Darwish, 1999: 18) kan ’n vertaalstrategie gedefinieer word as ’n globale prosedure bestaande uit ’n versameling kleiner probleemoplossingstappe wat deur die vertaler aangewend word om ’n doelteks te skep. Die stappe of kleiner besluite word op sekere maniere gekombineer om ’n uitset daar te stel; elke stap beperk ander besluite wat op hiërargies laer vlakke van uitsetvoorskrifte te vinde is. Daar bestaan eintlik net twee strategieë: aan die een kant ’n strategie wat ’n letterlike en getroue vertaling behels (eenvoudig gestel, ’n bronteksgeoriënteerde vertaling), en aan die ander kant ’n strategie wat ’n vrye, natuurlike, deursigtige weergawe van die boodskap behels (’n doelteksgeoriënteerde vertaling) (Tardzenyuy, 2016: 48). Tardzenyuy beweer dat ’n besluit oor die oorkoepelende strategie wat gebruik gaan word, inderwaarheid gemaak word voor die vertaling ’n aanvang neem – besluite wat tydens die vertaling gemaak word om onsekerhede gedurende die proses uit die weg te ruim, is vertaaltegniek en operasionele besluite, eerder as strategie. In teenstelling, verduidelik Roberts en Newton (2003: 34) dat nuwe strategieë kan ontstaan terwyl ’n taak uitgevoer word – gewoonlik in

reaksie op òf sukses òf mislukking. Vik-Tuovinen (2011: 302–303) stem saam dat strategieë op verskillende tye aangewend kan word: voor, gedurende en na die opdrag.

In die konteks van tolking definieer sowel Chang (2005: 6) as Bartlomiejczyk (2006: 152) strategie as enige doelgeoriënteerde, potensieel bewustelike toepassing van taktiek, met die doel om verwerkingsprobleme wat tolke gedurende simultane tolking konfronteer, te hanteer. In sy bespreking van taktiek en strategie in tolking verduidelik Gile (2009: 201) dat hy die term gebruik om te verwys na doelbewuste besluite en gedrag wat ten doel het om probleme te voorkom, en nie na spontane gedrag nie. Chang (2005: 7) sê egter dat professionele tolke strategieë outomaties toepas, omdat die strategieë deel geword het van hul vanselfsprekende kennis – dit is net wanneer probleme in die tolkproses opduik dat dié kennis weer eksplisiet word. Bartlomiejczyk (2006: 151) en Kirchhoff (2002: 144) beweer dat herhaalde en suksesvolle toepassing van 'n strategie kan veroorsaak dat dit outomaties word, en in so 'n geval help die outomatiese aanwending van strategiese prosesse om die kognitiewe las van tolking te verlig (vergelyk ook Kirchhoff, 2002: 114). Uit persoonlike ervaring beveel Zhong (2005) aan dat tolke, voordat hulle met 'n tolkopdrag begin, doelbewus planne formuleer om 'n spesifieke doeltteksituasie te hanteer, en om nie op 'n outomatiese manier te reageer nie.

Volgens Wilss (1996: 32) weet selfs relatief onervare vertalers intuïtief dat vertaling 'n sekere doel het, selfs al het hulle nie duidelike instruksies van 'n kliënt ontvang nie; dit is dikwels hierdie doel wat die grondslag van die vertaalstrategie vorm. Nord (1997: 27–28) onderskei drie moontlike doelwitte van enige vertaling, naamlik, die algemene doel van die vertaler, die kommunikatiewe doel van die teks in die sekere situasie, en die onderliggende doel van 'n sekere vertaalstrategie. Nord se vraag is egter wie die doel van 'n vertaling bepaal. Sy kom tot die gevolgtrekking dat dit, op sy eenvoudigste vlak, die persoon is wat die vertaalproses aan die gang sit -- dit is, volgens Nord, die kliënt of opdraggewer wat die kriterium verskaf waarvolgens die vertaling uitgevoer moet word. Hierdie instruksie of vertaalopdrag wat die kliënt gee behels inligting oor die doel van die vertaling, die mense op wie die doeltteks gerig sal wees, en die tyd, plek, medium en geleentheid van die beplande kommunikasie van die doeltteks (Nord, 1997: 30).

Gerzymisch-Arbogast (2005: 7) se beskrywing van konsekwente besluitneming (teenoor ad hoc besluite) om vertaaluitdagings te hanteer, suggereer die toepassing van strategie. Sy glo nie dat 'n strategie vertalers se individualiteit (soos uitgedruk deur kreatiwiteit en subjektiwiteit) beperk nie, maar hulle help om konsekwente en sinvolle besluite te maak oor die hantering van die teks. Hierdie konsekwentheid, tesame met die verwagting dat 'n vertaler besluite kan regverdig (verwys na die verduideliking van Gerzymisch-Arbogast se voorstel dat vertalers met intersubjektiewe deursigtigheid optree, in paragraaf 3.5.7), verduidelik waarom dit aanvaarbaar is as verskillende vertalers verskillende doeltekste vir dieselfde bronteks aanbied.

Omdat vertaling 'n doelbewuste proses is, kan ons verwag dat die strategieë wat vertalers ontwikkel en toepas, doelbewus en bewustelik aangewend word (Thoma, 2004: 18). Gottlieb (2005: 48) bevraagteken egter of dit in die praktyk so gebeur. Hy beweer dat selfs uiters professionele en begaafde vertalers selde doelbewus tussen alternatiewe opsies kies, en selde eers bewus is van die belangrike faktore wat betrokke is. Volgens hom is vertalers gewoonlik net te bly as hulle 'n enkele oplossing vir 'n probleem ontdek; die idee dat vertalers verskillende opsies opweeg is wensdenkery. “[M]ost translators see themselves as common soldiers on the battlefield, rather than armchair strategists calmly considering their next move” (Gottlieb, 2005: 37). Ook Roberts en Newton (2003: 25) spekuleer oor die mate waartoe besluitnemers doelbewus op strategieë besluit. Hulle haal vir Siegler en Stern (1998) aan, wat voorstel dat mense strategieë ontdek en implementeer voordat hulle bewus is daarvan.

Strategieë wat vir ander velde en dissiplines ontwikkel is, is ook al op vertaling toegepas – een van dié benaderings tot probleemoplossing is spelteorie. Sommige van die idees onderliggend aan spelteorie is reeds in die 18de eeu ondersoek, maar dit is eers waarlik sedert die 1940s deur wiskundiges en ekonome ontwikkel. Sedertdien word dit hoofsaaklik in die veld van ekonomie toegepas, maar ook in sekere sosiale en gedragswetenskappe (Osborne, 2004: 3). Levý (2004: 135) verduidelik dat 'n vertaler op enige tydstip in die vertaalproses tussen alternatiewe moet kies, soos iemand wat 'n speletjie speel en moet besluit watter een van 'n aantal skuiwe die beste sal werk. Hierdie moontlike skuiwe word deur die vertaler volgens sekere kriteria gerangskik, wat dan in ag

geneem word by besluitneming. Die vertaler kies die optimale skuif op grond van linguistiese, kulturele or persoonlike oorwegings, of die tekstipe (Levý, 2004: 141). Elke keuse bepaal 'n hiërargie van skuiwe wat later in die “spel” gemaak word, en genereer 'n stel reëls vir toekomstige skuiwe. Elke besluit behels sekere kostes en kompromieë – geen besluit is reg of verkeerd nie, en besluite is dinamies, omdat hulle herroep en verander kan word (Holmes, in Darwish, 2008: 34).

Spelteorie impliseer egter dat die vertaler met iemand (of iets) meeding, en dus dat daar wenners en verloorders is (Donovan, 2012: 67). As vertaling 'n spel is wat 'n kompetisie en konflik impliseer, wie is die vertaler se opponent? Is dit die skepper van die bronteks (wat met die vertaler meeding vir erkenning), ander vertalers wat meeding vir werk, die bronteks self, die tale en kulture betrokke, die opdraggewer, of kritici (in die geval van literêre vertalings), of lesers van die doelteks (wat dit kan verwerp)? Donovan (2012: 68) spekuleer dat vertalers dalk met hulself kan meeding, en stry teen onbewustelike neigings wat die styl en inhoud van 'n bronteks tot 'n onaanvaarbare mate kan verwring. Darwish glo dat vertaling eerder 'n aktiwiteit is wat van samewerking afhanklik is, en nie 'n individuele spel tussen individue wat elkeen sy/haar eie doelwit nastreef nie (2008: 33).

Dis aanloklik om spel as 'n metafoor vir vertaling te beskou. In sowel spel as vertaling is strategie belangrik en word besluite op 'n sistematiese en doelbewuste manier gemaak, daar is by albei 'n normatiewe element betrokke, deelnemers aan albei aktiwiteite neem risiko's, en daar is 'n eindpunt waarheen hulle mik. Maar, soos Gorfée (1994: 70) ons herinner, is daar 'n moontlikheid dat besluite op subjektiewe voorkeure gebaseer is, en dat konteks (in plaas van vaste reëls) grootliks die strategie bepaal, wat nie die manier is waarop spel gewoonlik benader word nie.

3.6.2 Waarom strategie nodig is

Elke vertaling behels dus een of meer strategieë wat vertaalbesluite, wat gemaak word om onsekerheid te hanteer, rig. Elke vertaalsituasie vereis 'n ander strategie, en elke individuele vertaler sal voorkeur verleen aan 'n sekere strategie of stel strategieë

(Darwish, 1999: 17). Volgens Tirkkonen-Condit (2000: 123) ontwikkel vertalers herkenbare patrone vir die bestuur van onsekerheid.

Vik-Tuovinen (2011: 302), met verwysing na *tolking*, verklaar dat toepaslike strategieë noodsaaklik is indien tolke hul opdragte suksesvol wil uitvoer. Mohatlane (2014: 149) beweer dat vertalers, in die geval van Engels-Sesotho, meer aanvaarbare vertalings kan lewer indien hulle “goeie” besluite maak as wanneer hulle “swak” besluite maak. Die veronderstelling is dat “goeie” besluite die gevolg is van doelgerigte, kreatiewe ingryping deur middel van ’n strategie (Tirkkonen-Condit, 2000).

Zhong (2005) beveel aan dat, indien simultane tolke tolkdienste wil lewer wat akkuraat, omvattend en objektief is, hulle die taak strategies moet benader deur ’n versameling gepaste tegnieke toe te pas om die beperkings wat in die tolksituasie voorkom, te bowe te kom. Dit word selfs belangriker om ’n doelbewuste strategie en tegniek te hê as die tolk met ’n situasie gekonfronteer word waarin die suksesvolle produksie van ’n doeltteks bykans onmoontlik is (byvoorbeeld, as die spreker te vinnig praat). In so ’n situasie kan ’n kombinasie van strategieë en tegnieke ten minste keer dat die opdrag in ’n “mission impossible” ontaard (Zhong, 2005).

Die repertorium van strategieë wat op ’n sekere oomblik vir ’n besluitnemer beskikbaar is, is afhanklik van kennis, en dié kennis kan verkry word uit vorige ontmoetings met identiese of soortgelyke take. Daar is egter, soos Roberts en Newton (2003: 33) erken, geen betroubare manier om presies te bepaal wat ’n persoon se strategieë behels voordat hy/sy met ’n taak begin nie. Wat wel afgelei kan word, is dat ervare vertalers meer opsies sal hê waaruit hulle kan kies, as nuwelinge.

Pedersen (2005: 115–121) sê strategieë hou verband met gebrek aan ekwivalensie by sogenaamde kultuurgebonde verwysings (verwys na paragraaf 3.5.2) en dat ’n vertaler ’n kultuurgebonde verwysing in die doeltaal kan weergee deur die amptelike ekwivalent, wat deur die een of ander amptelike liggaam bepaal is, te gebruik; deur die brontaal net so oor te dra (met of sonder die gebruik van aanhalingstekens of kursief); deur te spesifiseer, dit wil sê, om die brontaalweergawe te behou, maar om ’n verduideliking by te voeg; deur direk te vertaal (soos dikwels gedoen word vir die name van instellings of tegnologiese

toerusting); deur 'n meer algemene term te gebruik; deur die brontaalverwysing met iets heel anders te vervang; of deur die verwysing weg te laat (ook Baker, 2011: 23–44, vergelyk ook paragraaf 3.5.2). Vir Chesterman (2011: 24) kan 'n vertaler se strategie behels dat net dele van, of die geheel van 'n teks, letterlik vertaal word (verwys na paragraaf 3.5.5 vir sy beskrywing van wat 'n letterlike vertaling is).

Lokalisering as strategie het in die 1980s, tesame met die behoefte om rekenaarprogrammatuur te vertaal, na vore getree. In die lig van globalisering kom vertalers deesdae dikwels voor die keuse van vervreemding of lokalisering te staan, en daarom gee ek 'n aantal voorbeelde van navorsing en standpunte oor dié strategie. Lokalisering verwys breedweg na die aanpassing van 'n teks vir 'n sekere gebied (Sandrini, 2005: 131), hoewel daar nie noodwendig geografiese verwydering tussen die bron- en doeltale is nie – albei tale kan in dieselfde gebied bestaan. Hoewel die term lokalisering steeds met hoëtegnologietekste geassosieer word (O'Hagan, 2005: 76) verwys dit ook na vertaalstrategieë wat ten doel het om 'n doelteks maksimaal geskik te maak vir 'n doeltaalgehoor (Ghafarian, Kafipour & Soori, 2016: 1419). 'n Vertaalstrategie wat op vervreemding gebaseer is, sal 'n letterlike vertaling oplewer. Die brontaalskrywer, bronkultuur en brontaal self word nader aan die doeltaalleser gebring; daar word nie probeer om die taal aan te pas ten einde begrip by die doeltaalleser te bevorder nie (Tardzenyuy, 2016: 48). Op sy beurt is lokalisering 'n doelteksgeoriënteerde vertaling wat die doelteks se norme respekteer (Tardzenyuy, 2016: 49).

Elnaili (2016: 23–24) vergelyk uiterste menings oor lokalisering en vervreemding as moontlike vertaalstrategieë, en haal vir Venuti (1995) aan, wat vervreemding beskou as 'n wenslike strategie omdat dit as 'n tipe weerstand teen etnosentrisme, rassisme, kulturele narsisme en imperialisme kan dien. In teenstelling ondersteun Nida (2007, in Elnaili, 2016: 24) lokalisering (verinheemsing), omdat die bronteks nie met die doeltaal moet inmeng nie. Nida glo 'n suksesvolle vertaling is 'n doelteks wat die kulturele verwagtinge van die doelteksleser bevredig. Robinson (2007, in Elnaili, 2016: 24) glo egter dat verinheemsing kan veroorsaak dat 'n bronteks, die skepper daarvan en selfs die kultuur, “seem childish, backward, primitive, precisely the reaction foreignization is

supposed to counteract". 'n Besluit om lokalisering as strategie aan te wend is dus soms eerder op politieke as linguistiese oorwegings gebaseer.

Ghafarian et al. (2016) het ondersoek ingestel na die strategieë wat vertalers gebruik het om 40 restaurantspyskaarte van Persies na Engels te vertaal; die navorsers het spesifiek ondersoek ingestel na die voorkoms van lokalisering en vervreemding, en die sukses van elk. Ghafarian et al. (2016: 1418, 1419) verduidelik dat dit moeilik is om kostermes te vertaal, veral as daar 'n gaping tussen die bron- en doelkulture is. Spyskaarte is vir toeriste 'n medium om sekere aspekte van 'n vreemde kultuur te ontdek – vertaling is dus 'n boublok in die proses van kruiskulturele kommunikasie. 'n Onakkurate of (vir die doelteksleser) onaanvaarbare vertaling van 'n spyskaart kan die restaurant se klante mislei en 'n negatiewe uitwerking hê op die restaurant se beeld en selfs op die kultuur van die betrokke land (in dié geval, Iran). Ghafarian et al. se navorsing het bevind dat 80% van die items op die spyskaarte deur 'n strategie van vervreemding vertaal is, en 20% deur 'n strategie van lokalisering. Statistiese analise het getoon dat pogings om, deur die strategie van lokalisering die bronkultuur nader aan die doelkultuurleser te bring, eger oor die algemeen minder suksesvol was om die boodskap oor te dra, as wat die strategie van vervreemding was (Ghafarian et al., 2016: 1427). Gegewe die kulturele diversiteit van die doelteksleser, is dit moontlik dat vervreemding as strategie nooit volkome suksesvol sou wees nie – vir watter kultuur, uit die dosyne kulture van toeriste wat Iran besoek, is die bronteks dan juis aangepas?

Volgens Sandrini (2005) bepaal tekstipe ook die manier waarop lokalisering aangepak moet word; sy voorbeeld is 'n webblad. Die teks van 'n webblad bevat 'n verskeidenheid elemente, nie net teks nie, maar ook prente, multimedialêers en programmatuur. Die teks self is nie liniêr nie, en die leser kan kies hoe om tussen brokkies teks te beweeg. Tegnieiese beperkings, soos die grootte van die rekenaarskerm, rig die omvang van die teks, en die aard van die internet as medium beteken teks het 'n relatiewe kort leeftyd. Verder moet die vertaler die behoeftes van die leser met die bemarkingsdoel van die webblad in verband bring. Na aanleiding van dié elemente van 'n internetteks, stel hy 'n funksionalistiese vertaalstrategie voor (Sandrini, 2005: 132–133).

Horn-Helf (2005) het ondersoek hoe lokalisering gebruik kan word om grafiese figure volgens die doeltaal se kulturele tekskonvensies aan te bied. Sy rapporteer dat daar (op daardie stadium) nog nie strategieë hiervoor was nie, en dat figure normaalweg net soos in die bronteks in die doelteks aangebied word, met hoogstens die verbale byskrifte wat vertaal is (Horn-Helf, 2005: 101). Indien doeltekste in die doelkultuur geskep word, word figure ook waarskynlik aangepas, dit wil sê, die doelkultuur se tekskonvensies word in ag geneem, maar as die doelteks in die bronkultuur geskep word, word net die byskrifte vertaal (Horn-Helf, 2005: 111). Sy kom tot die gevolgtrekking dat lokalisering van figure selde toegepas word, hoofsaaklik weens praktiese oorwegings, waaronder koste. Hierdie strategieë is egter oor die algemeen net op spesifieke probleme gerig, en behels nie 'n oorkoepelende benadering tot 'n vertaalopdrag nie.

3.6.3 Keuse van 'n strategie

Roberts en Newton (2003: 30) bespreek hoe mense tussen 'n verskeidenheid strategieopsies 'n keuse maak, en hoe dit toekomstige keuses beïnvloed. Hulle waarsku dat keuses afhanklik is van beskikbare strategieë, en dat die keuses soms deur die aard van die evaluering wat die besluitnemer toegepas het, afhanklik is. 'n Voorbeeld hiervan is 'n oorlewingstrategie, wat toegepas word wanneer iemand besluit dat die opsies beperk is, gewoonlik omdat die taak te kompleks is, of omdat daar onduidelikheid is oor verwagtings, en moontlike oplossings hulle nie voordoening nie (Roberts & Newton, 2003: 27).

Die vraag is verder hoe afhanklik die keuse van strategie van ervaring, eise wat deur huidige opdragte gestel word, en prestasie is. Vik-Tuovinen (2011: 302) beweer dat vertalers hul persoonlike kennis, kennis wat met die betrokke opdrag verband hou, én kennis van wat 'n vertaling (spesifiek tolking) sal wees, aanwend. Sy sê die belangrikste faktore wat 'n tolk sal help om 'n strategie te kies, is, a) situasionele faktore; b) die vertaler se kognitiewe potensiaal; en c) norme.

Pym (2015: 71–72) verklaar dat onsekerheid nie noodwendig vermy moet word nie. Hy glo dat die neem van risiko's (as 'n manier om onsekerheid te hanteer) as strategie positiewe gevolge kan hê. Gorfée (1994: 80) is ook van mening dat menslike oordeel (en

dus, by implikasie, vertaling) nie volgens 'n benadering soos spelteorie, met sy klem op suiwer rasionele denke, bestudeer kan word nie. Gorrée se mening hieroor is in teenstelling met dié van Zhong (2005), wat glo dat van die beginsels van spelteorie, wat oorspronklik vanuit wiskundebeginsels ontwikkel het, en dus suiwer rasioneel is, met vrug op 'n vertaalsituasie toegepas kan word. Wilss (1996: 31) beweer dat die era waarin ons leef eerder 'n benadering van wetenskaplike relativisme vereis, waarin skeptisisme verkies word bo absolute waarheid, en waar die gees van “òf òf” (“either or”) vervang is deur die gees van “sowel as en”. Gerzymisch-Arbogast (2005: 7) stel voor dat vertaalbesluite nie objektief kan wees nie, maar tog deursigtig gemaak kan word vir ander. Sy stel voor dat die oogmerk van objektiwiteit met intersubjektiewe deursigtigheid (“intersubjective transparency”) van vertaalbesluite vervang word.

Künzli (2004) het probeer bepaal wat student- en professionele vertalers doen wanneer hulle met onlogiese, dubbelsinnige inligting in 'n bronteks gekonfronteer word. Hy het bevind dat sowel studente as professionele vertalers die dubbelsinnigheid in die teks opgemerk het, maar dat die studente meer bereid was om risiko's te neem in hulle hantering daarvan, terwyl die professionele vertalers meer versigtig was. Künzli stel 'n aantal moontlike verklarings vir dié verskynsel voor, naamlik, dat studente nie bekommerd is oor hulle eie geloofwaardigheid indien hulle 'n fout sou maak nie, dat studente nog nie weet dat hulle by ander mense om hulp kan aanklop nie, dat studente bang is om besluiteloos (en dus onkundig) voor te kom, en dat hulle nog nie geleer het waar risiko's geneem, en waar dit vermy moet word nie. Op hulle beurt het Tiselius en Jensen (2011: 292) bevind dat ervare tolke 'n strategie van oorveralgemening aanwend, terwyl tolke met geen ervaring nie kreatiewe tolking en weglaat van inligting as strategieë toepas nie.

Roberts en Newton (2003: 37) noem die voorbeeld van 'n situasie wat 'n keuse tussen spoed en akkuraatheid vereis, en spekuleer dat onduidelikheid oor die taak se doel of funksie tot minder optimale strategieë aanleiding kan gee. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die keuse van strategie verband hou met die waarskynlikheid dat die keuse tot sukses aanleiding sal gee (2003: 31).

Besluitneming is, volgens Ben-Haim (aangehaal deur Roberts & Newton, 2003: 33), selde 'n geslote, eenrigtingproses, maar een is wat gekenmerk word deur metakognisie, iterasie, ontdekking, leer en evaluering. Die besluitnemer moet kies uit die repertoire van strategieë waaroor hy/sy beskik, en wat as toepaslik vir 'n sekere situasie beskou word. By die aanvang van 'n taak het 'n mens gewoonlik 'n redelike idee van die strategieë waaruit 'n mens kan kies. Dié moontlikhede is gewoonlik die gevolg van toepaslike vorige ervaring met soortgelyke take, wat vir Roberts en Newton (2003: 33) tot die gevolgtrekking lei dat, vir 'n sekere ervaringsdomein (in ons geval, vertaling), deskundiges oor meer relevante kennis sal beskik as beginners, omdat eersgenoemde in die verlede al deur soortgelyke of identiese take gekonfronteer is.

Dit word deur Eraković (2013) bevestig, in 'n studie wat ondersoek ingestel het na studentevertalers se begrip van vertaalprobleme, strategieë en probleme. Die studente (N=16) is gevra om op vier geleenthede te reflekteer oor die probleme wat hulle met vertaalopdragte ervaar het, en te rapporteer hoe hulle die probleme benader het. Aanvanklik was dit vir hulle moeilik om probleme óf oplossings te beskryf, weens 'n gebrek aan terminologie. Later kon hulle wel probleme beskryf, en die prosedures wat hulle gebruik het om dit op te los, noem, hoewel nie een van die deelnemers aan dié studie ooit na 'n oorkoepelende of globale strategie verwys het nie. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die idee dat 'n mens 'n sekere strategie kies vir 'n sekere opdrag, 'n idee is wat te abstrak was vir die studentevertalers (Eraković, 2013: 155). Dié studie het nie ondersoek of ervare vertalers meer bewus is van die strategieë wat hulle toepas nie. Verdere navorsing oor die metakognitiewe prosesse betrokke by vertaling sal moontlik antwoorde in hierdie verband kan verskaf.

3.7 SLOT

Hierdie hoofstuk het, aan die hand van die literatuur, vertaling as 'n komplekse proses gekonseptualiseer. Die doel van hierdie ondersoek is om te illustreer dat die besluite wat tydens die vertaalproses geneem moet word, deur 'n groot aantal faktore van diverse oorsprong, waaronder die vertaler, die opdraggewer, die teks, die tale en kulture betrokke, en aard van die werklikheid waarbinne vertaling plaasvind, beïnvloed word.

Die gevolgtrekking wat ek na aanleiding van die inligting wat ek in dié hoofstuk aanbied, kan maak, is dat vertaling 'n uiters komplekse proses is, wat deur moeilike besluite gekenmerk word. Die veronderstelling is dat, in 'n poging om die onsekerheid wat hulle ervaar en die besluite wat hulle moet maak te verminder, vertalers hulle kan wend tot die toepassing van een of meer strategieë. Die idee is dat die toepassing van 'n strategie beteken dat vertalers nie, elke keer wanneer hulle 'n sogenaamde “probleemneksus” (Angelone in Amirian & Baghiat, 2013: 223, 226) in 'n sekere vertaalopdrag ervaar, opnuut 'n besluit daarvoor hoef te maak nie. Ek is egter nie oortuig dat dit moontlik is om sekere “standaardbesluite” vir “standaardprobleme” toe te pas nie, weens die aard van die realiteit waarbinne vertaling plaasvind.

Nord (1997: 111) verklaar dat, sodra daar twee of meer moontlike oplossings vir 'n vertaalprobleem is, 'n vertaler 'n besluit moet maak, en elke vertaler sal ander faktore in 'n ander kombinasie van belangrikheid in ag neem. Met die teoretiese vertrekpunt van kompleksiteitsdenke, word dit duidelik dat meer rasionele verklarings vir beweegredes agter vertaling, nie altyd die proses volledig sal kan beskryf nie – die aard van die komplekse adaptiewe sisteem waarbinne dit plaasvind vereis 'n ander tipe besluitneming, wat verder in hoofstuk 5 ondersoek word.

In die volgende hoofstuk gee ek aandag aan 'n aantal metodologiese vraagstukke wat deur kompleksiteitsdenke aan die lig gebring word, en ek verduidelik my benadering om dié vraagstukke in hierdie studie te hanteer.

HOOFSTUK 4: METODOLOGIE

4.1 INLEIDING

'n Navorsingsontwerp is die plan of struktuur van die ondersoek wat uitgevoer word om bewyse bymekaar te maak en antwoorde op vrae te vind. Dié plan behels 'n aantal besluite, gegrond op die navorser se filosofiese aannames en die navorsingsprobleem, oor die prosedures wat gebruik gaan word, en die metodes wat aangewend gaan word om data in te samel, te ontleed en interpreteer (Creswell, 2014). In hierdie hoofstuk verduidelik ek waarom ek besluit het om 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp te gebruik om antwoorde op die navorsingsvraag te ondersoek. Ek verwys na die unieke navorsingsuitdagings wat gestel word deur die aanvaarding van die filosofie van kompleksiteitsdenke, en ondersoek maniere om, in die afwesigheid van die positivisties-geïnspireerde maatstawwe van geldigheid, betroubaarheid en veralgemeenbaarheid, steeds 'n empiriese studie te onderneem en geloofwaardige bevindinge aan te bied. Ek verduidelik die outo-etnografiese navorsingsmetode, en motiveer my keuse om dié metode vir dié studie te gebruik.

'n Kwantitatiewe navorsingsontwerp is op soek na “feite”. Dit probeer om, deur middel van die voorkomssyfer van 'n verskynsel, 'n verteenwoordigende en “ware” beeld van 'n verskynsel te ontwikkel (Barnham, 2016: 838, 851); in teenstelling het 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp 'n meer dubbelsinnige oogmerk. Barnham (2016: 838–140) verduidelik dat die vraag van kwantitatiewe navorsing, “wat?” is, en dié van kwalitatiewe navorsing, “waarom?” en “hoe?”. Laasgenoemde twee vrae word beantwoord deur te verstaan hoe mense hul wêreld verstaan en beskryf. In die soeke na antwoorde op die vrae “waarom?” en “hoe?” sal navorsers noodwendig ook inligting insamel wat die “wat?” vraag beantwoord, en soms in selfs meer diepte as in die geval van kwantitatiewe navorsing. Kwalitatiewe navorsing probeer dus om ervarings in groot detail te ondersoek, en om die betekenis wat daaraan geheg word, te verstaan deur erkenning te gee aan die invloed van die konteks op navorsingskwessies (Babbie & Mouton, 2001: 272; Hennink, Hutter & Bailey, 2011: 8–9). 'n Kwalitatiewe benadering aanvaar subjektiwiteit en 'n veelvoud van perspektiewe en werklikhede, erken dat navorsing 'n effek het op sowel

die deelnemers as die navorsers, en is selfs bereid om politieke agendas in ag te neem. Dit word gedoen deur die toepassing van induktiewe en deduktiewe denke, sowel as abduksie (Saldanha & O'Brien, 2013: 15) (verwys na paragraaf 3.2 vir 'n verduideliking van die proses van abduksie).

Terwyl 'n positivistiese navorsingsparadigma, en 'n kwantitatiewe benadering, klem lê op objektiwiteit, neutraliteit en veralgemeenbaarheid, is die doel van kwalitatiewe navorsers eerder om verskynsels – gewoonlik mense se handelings, besluite, praktyke, rituele en so meer – te ondersoek deur hulself doelbewus binne die verskynsels wat ondersoek word, te plaas. Die navorser wat 'n kwalitatiewe studie onderneem is meer as 'n waarnemer, maar eerder 'n aktiewe deelnemer (Babbie & Mouton, 2001: 271).

Williams en Chesterman (2002: 51–55) onderskei tussen drie navorsingsmodelle wat algemeen vir navorsing in die veld van vertaling aangewend word: a) Vergelykende modelle fokus hoofsaaklik op die verskille tussen bron- en doelt tekste; b) Prosesmodelle ondersoek veranderinge oor tyd, en poog om denke te verstaan; en c) Oorsaaklike modelle wil bepaal waarom vertaling op 'n sekere manier gedoen word. Oorsaaklike modelle ondersoek hoofsaaklik drie dimensies van oorsaaklikheid, naamlik denke (soos kennis, houdings, vaardigheid, die vertaler se persoonlikheid), eksterne faktore van die vertaalgebeurtenis (soos spertye, die opdrag, toegang tot hulpbronne, vergoeding), en sosiaal-kulturele faktore betrokke by vertaling (soos ideologie, tradisies, status van tale). Die oorsaaklike model is die kragtigste, want dit sluit die ander twee modelle se oogmerke in (Saldanha & O'Brien, 2013: 6). Hierdie studie het dan ook 'n oorsaaklike model toegepas.

4.2 NAVORSINGSUITDAGINGS VAN KOMPLEKSITEITSDENKE

Kompleksiteitsdenke vereis 'n navorsingsbenadering wat gekenmerk word deur metodologiese, paradigmatische en teoretiese pluralisme (Cohen, Manion & Morrison, 2011: 29; Short, Turner & Grant, 2013: 3). Hedendaagse navorsers, nie net dié wat kompleksiteitsdenke as vertrekpunt vir navorsing oor vertaling gebruik nie, moet opnuut dink oor tradisionele navorsingsontwerpe. Nuwe voorstellings van die werklikheid vereis heroorweging van navorsingsbenaderings – Short et al. (2013: 3) verwys na die ontstaan

van skeptisisme oor positivisties-geïnspireerde sogenaamde “grand narratives”, met hulle bewerings dat objektiwiteit, gesag en neutraliteit ook vir kulturele en maatskaplike verskynsels moet geld. Vrae hieroor gee aanleiding tot die verwerping van die veronderstelde universele teenwoordigheid van stabiele betekenis wat onafhanklik van kultuur, maatskaplike konteks en die navorser se gedrag en interpretasie bestaan.

Scott (2000: 2) het nege denkfoute in opvoedkundige navorsing geïdentifiseer, wat ook op hierdie studie van toepassing kan wees:

- Epistemiese denkfoute, wat ontologie en epistemologie saamvoeg, sodat transitiewe metodes gebruik word om relatief ontransitiewe strukture te beskryf;
- Die denkfout van homogeniteit, wat aanvaar dat die eienskappe van ’n groep mense ook op individue in die groep van toepassing is;
- Die denkfout van oorsaaklikheid, waardeur waargenome gedragspatrone as oorsaaklike patrone vertolk word;
- Die denkfout van essensialisme, wat voorkoms met essensie verwar, en dus nie dieper kyk nie;
- Die denkfout van neutraliteit, wat vergeet dat elke verskynsel met waardes gelaai is;
- Die denkfout van toekomsgerigtheid, wat retrospektiewe en toekomstige gedrag integreer – kennis van wat gebeur het, beteken nie ons kan voorspel wat in die toekoms gaan gebeur nie;
- Die denkfout van reduksionisme, waardeur menslike eienskappe gereduseer word tot veranderlikes wat nie verder afgebreek kan word nie; dit veroorsaak ook die idee dat, as veranderlikes weer saamgevoeg word, hulle die essensie van die verskynsel verteenwoordig;
- Die denkfout van determinisme, wat menslike kreatiwiteit en motivering ignoreer; en
- Die denkfout van pragmatisme, waardeur navorsers so gefokus is op die praktiese element van navorsing dat hulle dit nie met die ontologiese en epistemologiese in verband bring nie.

Die aanvaarding van 'n filosofiese onderbou, in hierdie geval, kompleksiteitsdenke, beteken dat dit 'n invloed het op die metodologiese keuses wat in navorsing gemaak word (vergelyk ook Fetterman, 1998: 494). Kompleksiteitsdenke verwerp liniêre, universele, deterministiese, stabiele, versplinterde, modernistiese, meganistiese, beheerde, geslote sisteme van reëlgebaseerde gedrag wat moontlik in 'n laboratorium nageboots kan word, maar wat nie werklik in die realiteit van die sosiale omgewing bestaan nie. Al sou 'n eksperiment oor die verskynsel wat bestudeer word, uitgevoer word, sal die toepaslikheid van die bevindinge vir die praktyk van 'n voortdurende, ontspringende, interaktiewe, verhoudingsgebaseerde en oop sisteem beperk wees – wat inderwaarheid gemeet word, is geskiedenis (Cohen et al., 2011: 29).

Kompleksiteitsdenke vereis dat verskynsels volgens 'n holistiese benadering ondersoek moet word. Eenvoudige, liniêre metodologieë, direkte oorsaaklikheid en die idee dat 'n enkele of eenvoudige oorsaak tot 'n enkele of eenvoudige gevolg aanleiding gee, word verwerp. Die dinamiese interaksie tussen die dele en vlakke van die komplekse sisteem kan nie afgelei word van 'n ondersoek na die versplinterde elemente van 'n verskynsel nie. In die plek hiervan, moet die navorsingsbenadering op interaksie gebaseer en kwalitatief en interpreterend van aard wees (Cohen et al., 2011: 28, 29).

Kuhn (in Cohen et al., 2011: 29) stel die volgende riglyne voor vir navorsing vanuit 'n kompleksiteitsparadigma:

- Omdat die werklikheid dinamies, ontspringend en selforganiserend is, en omdat daar nie net een “regte” standpunt oor die werklikheid bestaan nie, moet die navorser oorweeg om 'n veelvoud van perspektiewe deur middel van meer as een metode in te win;
- Die verhouding tussen die een wat weet en dit wat bekend is, is ook dinamies, ontspringend en selforganiserend;
- Hipoteses vir navorsing moet verband hou met tyd en konteks;
- Dit is onmoontlik om oorsaak en gevolg te skei, aangesien elemente mekaar voortdurend beïnvloed en vorm; en
- Ondersoeke sal altyd deur waardes beïnvloed word.

Een van die probleme is dat dit moeilik is om 'n onderafdeling van 'n verskynsel van die geheel te isoleer en dit die middelpunt van die navorsingsfokus te maak, omdat alles, volgens kompleksiteitsdenke, met mekaar verbind is. Nog 'n uitdaging is om die grense van 'n komplekse, oop sisteem te definieer (Baghdadi, 2017: 11).

Baghadi (2017: 11) haal vir Van Gelder en Port (1995) aan, wat drie benaderings voorstel om hierdie uitdagings te hanteer, naamlik kwantitatiewe modelle, kwalitatiewe modelle, en dinamiese beskrywings. Rekenaarsimulasie kan vir beide die eerste twee benaderings aangewend word – dit maak onder meer manipulasie van groot hoeveelhede inligting oor 'n groot verskeidenheid interafhanklike veranderlikes makliker. Die sogenaamde dinamiese (“dynamical”) model kan gebruik word om te verstaan hoe nieliniêre stelsels oor tyd verander. Verder kan etnografiese metodes nuttig wees om 'n volledige beeld van sosiale verskynsels te verskaf (Atkinson, 2002, aangehaal deur Baghdadi, 2017: 12). 'n Etnografiese benadering word gewoonlik gebruik wanneer 'n navorser 'n holistiese en binnekringbeeld van 'n verskynsel wil verkry, of die kulturele betekenis van die navorsingsonderwerp wil verstaan (Fetterman, 1998: 474; Hennink et al., 2011: 47).

In die lig van die bespreking in hierdie afdeling, het ek besluit om hierdie navorsing in die vorm van 'n outo-etnografiese studie aan te pak. Ek sal dus nie net na ander se gedrag kyk en dit krities ontleed nie, maar my eie ervarings ondersoek, insluitende verklaring van my ideologiese vertrekpunt en inagneming van die spesifieke konteks waarbinne die ervarings opgedoen is (vergelyk die kritiek wat Marais, 2014: 82 op etnografie as navorsingsmetode vir vertaling het). 'n Outo-etnografie is 'n kwalitatiewe navorsingsmetode wat in 'n verskeidenheid dissiplines aangewend word, en waardeur navorsers outobiografiese en kontekstuele data gebruik om 'n hermeneutiese insig in verskynsels te kry (Chang, 2011: 13).

Die manier waarop outo-etnografiese vertellings aangebied word, word reeds in hierdie hoofstuk toegepas, deur die kursiewe, ingekeepte formatering van persoonlike kommentaar, motivering en narratief (verwys na paragraaf 4.4 vir 'n meer gedetailleerde verduideliking).

4.3 AUTO-ETNOGRAFIE AS METODOLOGIE EN METODE

Die fokus van navorsing oor die vertaalproses is dikwels die kognitiewe prosesse wat by die uitvoering van die vertaalaktiwiteit betrokke is, die probleme wat opduik, hoe vertalers die probleme erken en oplos, hoe hulle onsekerheid bestuur en watter strategieë hulle toepas (Shreve, 2006, in Saldanha & O'Brien, 2013: 111). Daar bestaan egter nie tans 'n navorsingsmetode wat direk toegang gee tot vertalers se kognitiewe prosesse nie, en dus is die meeste navorsing indirekte ondersoeke na metakognisie (Saldanha & O'Brien, 2013: 113). Darwish (1999: 3) verduidelik dat vroeë pogings om die verskynsel van vertaling te beskryf, nie veel insig in die meganika van die proses – dit wil sê die denkprosesse wat betrokke is – opgelewer het nie. Hy spekuleer dat dit die gevolg kan wees van 'n te eng fokus op die samestellende elemente, eerder as die vertaalaktiwiteit as 'n geheel, en 'n neiging om, wat hy noem “translation forensics” uit te voer – dit wil sê, om die vertaalproses te probeer verduidelik aan die hand van die artefakte van vertaling. 'n Vertaler se denkprosesse kan nie waargeneem word nie, so dit is inderdaad problematies om direkte insig te kry in hoe vertalers dink en werk (Chesterman, 2011: 1).

Auto-etnografie is 'n soort etnografie (Lunceford, 2015: 48), en is die term wat gebruik word vir 'n hedendaagse kwalitatiewe navorsingsmetodologie en -metode, waarin die navorser en dit wat nagevors word gewoonlik in dieselfde persoon geleë is (Short et al., 2013: 1). Volgens Reed-Danahay (in Lunceford, 2015: 48) verwys *outo* na die self, *etno* na kultuur, en *grafie* na navorsing, en elke navorser se klem op die verskillende elemente sal verskil.

'n Auto-etnografiese studie behels die insluiting van elemente van die navorser se eie lewenservaring (Reed-Danahay, 1997: 6), vereis dat die navorser intense en veelvlakkige selfondersoek doen (Short et al, 2013: 1), en gee aanleiding to persoonlike, kreatiewe, gedetailleerde, plaaslike en stemmingsvolle beskrywings van ervarings. Hierdie verslae is selde chronologies of liniêr, maar kan vorentoe, agtertoe of sywaarts vorder. Namate die storie vertel word, ontvou, verander en ontwikkel dit deur die skrywer se oorlewering: “it is in principle infinite, open and unlimited in every direction” (Short et al., 2013: 2).

Short et al. (2013: 2) se definisie is gebaseer op en haal dié van Ellis (2004) aan, naamlik, dat 'n outo-etnografiese benadering die outobiografiese en persoonlike aan die kulturele en sosiale koppel, die eienskappe van introspeksie, betrokkenheid, selfbewustheid en emosie toon, en selfs die konvensies van die letterkunde kan navolg. Die data wat aangebied word is uiteraard subjektief en die navorser is nie besonder besorg oor (wat Ellis noem) die verouderde konsepte van geldigheid, waarheid en veralgemeenbaarheid nie (vergelyk paragraaf 4.3.1). Die wenslikheid van waardeneutrale, abstrakte teorieë en redegebaseerde kategorieë word verwerp, en die emosionele, die ineen van politieke standpunte, en maatskaplike aktivisme word aangegryp (Short et al., 2013: 4).

Die outo-etnografiese metode is nie sonder sy probleme nie. Die navorser wat 'n outo-etnografiese benadering volg, moet waak teen narsisme en solipsisme. In teenstelling, moet die navorser aanvaar dat mense ervarings deel, en dat die self en kultuur elk deur hul verhouding verstaan word – geeneen bestaan onafhanklik van die ander nie. 'n Outo-etnografiese ondersoek vereis van die navorser diepgaande en uitdagende nadenke uitvoer ten opsigte van persoonlike, relasionele, kulturele, teoretiese en politieke verskynsels, en oor die manier wat sosiaalkulturele kragte en diskursiewe praktyke die navorser se ontspringende subjektiwiteit beïnvloed (Short et al., 2013: 4–5).

By 'n etnografiese (en outo-etnografiese) benadering word die storie nie deur die tegnieke wat aangewend word, bepaal nie, maar deur die navorser se vermoë om die situasie te beskryf – Hennink et al. (2011: 49) en Ellis et al. (2010) praat van “thick descriptions” wat die kulturele betekenis agter die verskynsel ontbloot.

4.3.1 Geldigheid, betroubaarheid en veralgemeenbaarheid

In kwantitatiewe navorsing word geldigheid deur statistiek verskaf. In die geval van 'n kwalitatiewe studie is dit moeilik, indien nie onmoontlik nie, om “feite” te verskaf, omdat bevindinge van verskillende studies en navorsers gewoonlik verskil – dit behels 'n interpretasie wat, hoewel handig en interessant, bloot 'n konstruksie in die gedagtes van die navorser is. Volgens Denzin (1997: 5) kan taal en spraak (beskrywing) ervaring nie direk weerspieël nie, en kan daar nooit 'n finale, akkurate weergawe wees van wat gebeur het, of wat iemand gesê het nie. Al waarop ons kan reken, is verskillende tekstuele

weergawes van ervarings – geldigheid kan nie verklaar word omdat 'n weergawe “feitelik” is nie.

Barnham (2016: 240–241) verduidelik dat ons dus ander metodes moet vind om die geldigheid van 'n kwalitatiewe studie te verseker. Denzin (1997: 7) waarsku egter dat die idee dat kwalitatiewe navorsing 'n alternatiewe stel kriteria vir geldigheid, betroubaarheid en veralgemeenbaarheid vereis, nie altyd tot 'n meer geskikte navorsingsparadigma aanleiding gee nie: die kriteria van meer positivistiese studies word steeds aanvaar, maar word net op 'n sekere navorsingskonteks toegepas. Dit stem ooreen met wat Ellis et al. (2010) beweer, naamlik, dat wanneer terme soos betroubaarheid, geldigheid en veralgemeenbaarheid op outo-etnografie toegepas word, die konteks, betekenis en nut van hierdie terme verander. Die geldigheid van die data in hierdie studie sal dus bepaal word deur die mate waarin dit die navorsingsvraag kan beantwoord. Geldige bevindinge sal dié wees wat so na as moontlik aan die realiteit is.

Weens die onstabiliteit en onvoorspelbaarheid van die (komplekse) realiteit, moet ons aanvaar dat daar meer as een weergawe van die realiteit bestaan, en dat 'n verskeidenheid teorieë bestaan wat gebruik kan word om verskillende standpunte oor die werklikheid te verduidelik (Saldanha & O'Brien, 2013: 28–29). Dié outers stel voor dat navorsers dus, eerder as om op geldigheid aan te dring, moet seker maak dat die data en verduidelikings verdedigbaar is – hulle term is “warrantability” (2013: 28–29). Verdedigbaarheid vereis dat ontledings van data “sound, principled and well-grounded on evidence” moet wees. Navorsers moet nadink oor die manier waarop hulle weergawes van die werklikheid konstrueer, deur refleksie en erkenning dat hul ontleding beïnvloed is deur 'n persoonlike en ideologiese agtergrond. Hoewel nadenke oor die implikasies van die invloed van die navorser op die navorsing in alle kwalitatiewe navorsingsontwerpe belangrik is, is dit veral die geval vir outo-etnografie, waar die verskeie identiteite van die navorser (as navorser en as lid van die sosiale wêreld) die sentrale fokus is (Hokkanen, 2017: 27).

Saldanha en O'Brien (2013: 38–39) haal vir Lather (1986) aan, wat vier metodes voorstel om geloofwaardigheid in kwalitatiewe navorsing in te bou. In die eerste plek, deur

triangulasie van metodes, databronne en teorieë (triangulasie word hieronder verder bespreek). Lather noem 'n tweede metode “reflexive subjectivity”, wat behels dat die navorser dokumenteer hoe die logika van die data aanleiding gee het tot bevindinge – die manier waarop ek data en gedagtes daarvoor gedokumenteer het, word in paragraaf 4.3.3 bespreek. In die derde plek kan siggeldigheid verkry word deur terug te verwys na kategorieë, ontledings en gevolgtrekkings. In dié studie doen ek dit deur telkens na die indelings in hoofstukke 2 en 3 te verwys wanneer ek die data bespreek. Die vierde metode word deur 'n term van Silverman (2007, aangehaal deur Saldanha & O'Brien, 2013: 40) beskryf, naamlik, “self reflexivity”.

Mossop (2011: 58) beskryf 'n studie waarin hy van vertalers verwag het om selfrefleksie toe te pas en dus as sowel “observed and observer” op te tree. Hy het van vertalers verwag om oor hulle eie taalproduksie vanuit 'n vertrekpunt in hulle eie gedagtes, gedurende die vertaalproses, te rapporteer deur gegewe woorde (byvoorbeeld, *fudging*, *guessing*, *fabricating*) op toepaslike plekke in 'n teks in te voeg. Mossop se oogmerk was om aspekte van vertaling bloot te lê wat nie aan eksterne waarnemers sigbaar sou wees nie.

Ek maak aantekeninge in 'n notaboek terwyl ek vertaal, tolk of teksredigering doen. Die aantekeninge kan die vorm aanneem van problematiese woorde, begrippe of ander verskynsels, of dit kan dien om my te herinner dat ek iets moet opsoek, navraag daarvoor moet rig of dit met kollegas moet bespreek (verwys na paragraaf 4.3.3). Dié aantekeninge dien as rekord van kwessies wat met onsekerheid en besluitneming verband hou.

'n Verdere metode om betroubaarheid te bepaal, is met verwysing tot die geloofwaardigheid van die verteller (Ellis et al., 2010). Die vraag is of die navorser wel die ervarings gehad het wat in die vertelling weergegee word, en of hy/sy voldoende kennis van die verskynsel het om geloofwaardige gevolgtrekkings te maak.

Aangesien ek daaglik as 'n professionele taalpraktisyn werk, en oor dekades ervaring in die veld opgedoen het, en oor bykans twee jaar 'n akademiese studie oor hierdie onderwerp gedoen het, glo ek dat ek 'n

geloofwaardige rapporteur van die gebeure is, en dat ek die skakels tussen die gebeure in die werklike lewe en die teorie sal kan uitwys.

Triangulasie is 'n algemene manier om die geldigheid van 'n kwalitatiewe studie soos dié te verbeter (Barnham, 2016: 140), en ek doen dít, in die geval van hierdie studie, deur die konseptualisering en literatuurstudie van hoofstukke 2 en 3. Triangulasie behels vergelyking van eie data met ander bronne van inligting (Fetterman, 1998: 494) (spesifiek dit wat in hoofstuk 2 en 3 aangebied is). Die narratiewe wat as data van hierdie studie dien, en my interpretasie daarvan, is ook krities deur my studieleier gelees. 'n Verdere manier van triangulasie, wat Barnham voorstel, is om die status van die metodologiese doel van 'n studie te wysig, en te erken dat absolute objektiwiteit of waarheid nie een van die oogmerke van die studie is nie (Barnham, 2016: 141) – wat dan inderdaad deur die gebruik van 'n kwalitatiewe studie geïmpliseer word. 'n Kwalitatiewe navorser poog dus eerder om 'n beskrywing van 'n verskynsel te gee vanuit 'n spesifieke oogpunt, in die geval van dié studie, my eie. Hierdie oogpunt kan nooit neutraal of objektief wees nie.

Die feit dat navorsingsresultate nie veralgemeen kan word nie, beteken nie dat die bevindinge nie waarde het nie (Saldanha & O'Brien, 2013: 35–36). Selfs navorsing wat elke voorskrif van die tradisionele, positivistiese wetenskaplike paradigma oortree, kan waarde hê, mits die navorser deursigtig te werk gaan om te toon hoe data ingesamel en ontleed is.

4.3.2 Toepassing van die outo-etnografiese metode

Na aanleiding van die kompleksiteit van die vertaalproses soos dit in hoofstuk 3 gekonseptualiseer is, en die beskrywing van die komplekse omgewing waarbinne vertaling plaasvind (hoofstuk 2), is dit duidelik dat die vertaalproses op geen manier as objektief en onveranderlik beskou kan word nie (Barnham, 2016: 851–852). Waar kwantitatiewe benaderings berus op die veronderstelling dat ons die wêreld volgens 'n reeks gefragmenteerde waarnemings kan verstaan, erken die kwalitatiewe benadering dat maatskaplike verskynsels altyd in interverhoudings tot mekaar staan, en dus nie in afsondering ondersoek kan word nie (Barnham, 2016: 852–853) – Ellis et al. (2010) verklaar dat verhoudingsbelange die belangrikste dimensie van 'n outo-etnografiese

ondersoek is. Die metodologiese tegniek wat aangewend word om die verskynsel te bestudeer, moet dus ooreenkomstig aangepas word, sodat die tegniek en die verskynsel parallel is. So verduidelik Hokkanen (2017: 28) dat die analise van 'n outo-etnografiese studie die twee parallelle elemente, naamlik, introspeksie en kulturele ontleding, kombineer.

Denzin (1997: 8) verduidelik dat outo-etnografiese waarnemings en verduidelikings tot spesifieke, gelokaliseerde begrip lei – dit is gebaseer op 'n blik op 'n dun skyfie van 'n sekere kulturele verskynsel; Muñoz Martin (aangehaal deur Saldanha & O'Brien, 2013: 110) gebruik die term “situatedness” om te beskryf hoe kennis op 'n sekere verskynsel in 'n sekere konteks van toepassing is. Enige kritiese begrip van 'n verskynsel is beduidend en gesaghebbend, want dit is 'n voorbeeld van 'n kulturele praktyk wat werklik op 'n sekere plek en tyd plaasgevind het. Dit kan nie na ander praktyke of plekke of tye veralgemeen word nie, maar verteenwoordig 'n stel werklike, veranderende en konflikterende kulturele betekenis.

Die proses van outo-etnografie behels dat navorsers retrospektiewelik en selektief skryf oor gebeurtenisse (Chesterman, 2011: 2) wat die gevolg is van, of moontlik gemaak is deur die navorser se deelname aan 'n sekere kulturele identiteit; dié narratief word vergesel van 'n ontleding van die ervarings, sodat ander mense, ook dié buite daardie spesifieke “kultuur”, 'n begrip van die verskynsels wat beskryf word, kan ontwikkel (Ellis et al., 2010).

Ellis et al. (2010) lys 'n aantal kategorieë van outo-etnografie, waaronder die volgende drie tipes: a) 'n narratiewe outo-etnografie integreer die skrywer se storie met dié van ander mense – die hoofokus is die studie van ander mense; b) 'n nadenkende etnografie behels dat die skrywer sy/haar eie ervarings in 'n kultuur gebruik om ondersoek in te stel na self-ander interaksie en om eie verandering te dokumenteer; en c) in 'n persoonlike narratief beskou die skrywer hom/haarself as deel van die verskynsel, en nooi lesers om dit wat hulle lees te gebruik om hulle eie lewens beter te verstaan. Ongeag die tipe outo-etnografie, behoort die vertelling nie vas te steek by die verteller nie – dit is belangrik dat

die persoonlike ervaring in die lig van die groter konteks waarbinne dit afspeel, beskou word.

Chang (2011: 14) stel ook voor dat 'n outo-etnografie volgens een van 'n aantal metodologiese benaderings aangepak word. Die eerste twee style word as meer “wetenskaplik” beskou: beskrywend-realistiese vertellings handel hoofsaaklik oor outo-etnografiese lewens en hul gedrag, terwyl analities-interpretiewe verhale gefokus is op 'n kulturele ontleding van outobiografiese ervarings wat gekoppel word aan teoretiese perspektiewe. Die twee ander style, naamlik, biegtend-stemmingsvolle en verbeeldend-kreatiewe, neig meer na kunstige uitbeeldings.

In hierdie studie het ek van 'n analities-interpretiewe styl van narratief gebruik gemaak: ek verskaf 'n beskrywing van my ervarings en koppel dit aan literatuur en teorie in 'n poging om 'n hermeneutiese verklaring vir die ervarings te verskaf. Die rol van ander mense en kulturele verskynsels en konteks word deurlopend by die beskrywing en poging om die gebeurtenis te verstaan, betrek.

'n Etnografiese beskrywing word hoofsaaklik induktief ontwikkel. Die navorser, wat intens by die verskynsel wat bestudeer word, betrokke is, begin om gebeure en ervarings so akkuraat en so volledig as wat moontlik is, te beskryf, en geleidelik, gedurende die proses, begin die navorser die verskynsels interpreteer (Babbie & Mouton, 2001: 284). Die navorser word deur 'n groot hoeveelheid inligting gekonfronteer en moet stukkie vir stukkie daarvan sin maak. Die betekenis wat die navorser aan die waarnemings of ervarings koppel, sal noodwendig tekens dra van die navorser se persoonlike, idiosinkratiese benadering, en beïnvloed en beperk word deur die teoretiese modelle wat as grondslag gekies is (Fetterman, 1998: 494). Wanneer die navorser intensief nadink oor die verbande tussen die gebeure en ervarings en die teoretiese raamwerk waarvolgens dit ontleed word, kan die proses van abduksie 'n rol speel wanneer die navorser 'n intuïtiewe sprong maak om die betekenis onderliggend aan die verskynsel te begryp (Saldanha & O'Brien, 2013: 15).

Daar is verskillende maniere waarop onderwerpe vir 'n outo-etnografiese beskrywing uit die beskikbare data gekies kan word. Lunceford (2015: 14) haal vir Chang (2008) aan wat 'n aantal riglyne verskaf oor hoe om 'n outo-etnografie te benader. Hy stel voor dat 'n navorser uitkyk vir onderwerpe, temas en patrone wat herhaaldelik opduik, soek na kulturele temas, uitsonderlike gebeure identifiseer, die hede met die verlede verbind, verhoudings tussen self en ander ontleed, eie gevalle met dié van ander mense vergelyk, breedweg kontekstualiseer, konstrunkte en idees uit die menswetenskappe vergelyk, en in terme van teorieë verduidelik. Uit dié lys voorstelle blyk dit dat die outo-etnograaf redelik vryheid het as dit kom by besluite oor watter persoonlike data om vir ondersoek aan te bied.

My keuse van onderwerpe of gevalle vir bespreking is gebaseer op die aantekeninge wat ek oor die afgelope paar jaar, sedert ek vir 'n Honneursgraad in taalpraktyk ingeskryf het, en bewustelik begin dink en lees het oor die kompleksiteit van die vertaalhandeling, in 'n reeks notaboekies gemaak het. Dit is die gevalle wat veroorsaak het dat ek daarvoor nagedink het, dit met kollegas bespreek het en skrywers se menings daarvoor nagevors het.

4.3.3 Motivering vir die gebruik van 'n outo-etnografiese benadering

In 'n poging om outo-etnografie as 'n geskikte navorsingsmetode vir verskynsels wat met kultuur verband hou, te regverdig, beskryf Chang (2008: 21–22) kultuur as 'n “work-in-progress”. Hieruit lei ek af dat kultuur 'n komplekse adaptiewe sisteem is, wat die eienskappe wat in paragraaf 2.4.4 beskryf word, besit: dit bestaan uit individue en groepe wat in komplekse, interafhanklike en paradoksale verhoudings met mekaar in interaksie is; die sisteem is dinamies, en nooit volkome in ewililibrium nie; gebeure is selde liniêr of onderworpe aan vaste wette; die sisteem is oop; en die sisteem is adaptief, dit wil sê, gekenmerk deur leer en antisipasie, en dit word gekenmerk deur die ontspringing van nuwe elemente (Larsen-Freeman & Cameron, 2008; Five Graces Group, 2009).

Die geskiktheid van die outo-etnografiese metode vir 'n ondersoek na verskynsels in 'n komplekse omgewing word ook weerspieël deur die manier waarop die ondersoek

ontvou. Die verhouding tussen die twee stappe van die proses, naamlik, introspeksie en kulturele ontleding, soos deur Hokkanen (2017: 27) beskryf, volg geensins op 'n liniêre wyse op mekaar nie, maar word iteratief na behoefte aangewend, en gekenmerk deur eksperimentering en kreatiwiteit. 'n Individue word gevorm deur interaksie met ander – individue en groepe – en help, op sy/haar beurt, om ander te vorm. Chang (2008: 27) verklaar: “Consequently, self becomes mirrored in others, and others become an extension of self.” Chang (2008: 33) verduidelik dat narratiewe oor die self nie eensydig is nie – dit handel nie net oor die verteller nie. Omdat die verteller nie van sy/haar omgewing geskei kan word nie, maar onlosmaaklik deel is daarvan, sal 'n vertelling noodwendig elemente bevat van die mense of groepe wat die verteller se storie beïnvloed het, of daarby betrek word.

In die geval van die data wat my persoonlike vertelling uitmaak, is dit dan ook die geval. Die data is nie net “myne” nie, maar behoort aan 'n groot verskeidenheid persone en groepe met wie ek in interaksie is in die bedryf van vertaling, byvoorbeeld, tolkmaats, met wie ek daaglik strategieë bespreek (voorafbeplanning én nabetraging), ander taalpraktisyne wat ek persoonlik, aanlyn of oor sosiale media raadpleeg om probleme op te los, interaksie met kliënte om die doel van 'n teks te bepaal, of interaksie met professionele verenigings of opleidingsinstansies om professionele standaarde uit te klaar. Hoewel ek as navorser nie formeel data van hierdie bronne ingesamel het nie, het hulle antwoorde op my vrae tog my eie denke oor problematiese verskynsels wat besluitneming van my vereis het, beïnvloed. Aantekeninge wat ek oor gebeure gemaak het, vorm die grondslag van die narratief.

Saldanha en O'Brien (2013: 29) is van mening dat erkenning van persoonlike vooroordele deur 'n outo-etnograaf die nodige verdedigbaarheid (as alternatief vir die positivisties-geïnspireerde term geldigheid) verskaf. Die navorser besit egter sekere eienskappe wat só intens deel vorm van identiteit (byvoorbeeld, gender en ouderdom), dat dit selfs nie deur diep nadenke, bewustheid en erkenning opsy geskuif kan word nie.

Die enigste oplossing is om te erken dat hierdie eienskappe moontlik 'n rol kan speel in die ontleding van data. Daarom probeer ek om die invloed wat 'n verskeidenheid persoonlike faktore, standpunte en idees op my interpretasie van die data kan hê, te verklaar.

Darwish (2008: 43) haal vir Jääskeläinen (1989) aan, wat sê dat professionele vertalers gedagtes ervaar en besluite maak wat hulle nie altyd in woorde kan beskryf nie. Van dié besluite vind outomaties plaas, en in die afwesigheid van bewustheid kan vertalers nie hulle beweegredes vir sekere besluite rapporteer nie. Dié probleem ten opsigte van introspeksie is ook een wat deur Saldanha en O'Brien (2013: 122–123) uitgelig word. Hulle waarsku ook dat nie alle potensiële deelnemers aan 'n studie noodwendig ewe goed hulle gedagtes verbaal sal kan weergee nie – sommige mense sal ongemak ervaar as hulle moet verduidelik hoekom hulle sekere besluite gemaak het (Saldanha & O'Brien, 2013: 125–126), of hulle het nie die besluit bewustelik gemaak nie.

Hierdie waarskuwing was een van die belangrikste beweegredes vir my besluit om my eie ervarings te beskryf, en nie ander metodes, soos onderhoude of vraelyste, te gebruik om ander mense se ervarings te ondersoek nie. Wanneer ek self in die verlede gevra is om inligting vir navorsing te verskaf, het ek uiteraard my bes probeer om vrae so volledig moontlik te beantwoord. Ek het egter nie juis veel tyd bestee aan nadenke oor my antwoorde nie. Wat dikwels gebeur het, is dat ek soms vir dae of selfs weke nadat ek byvoorbeeld 'n vraelys voltooi het, steeds oor die navorser se vrae en my antwoorde nagedink het, en dikwels beseft dat ek, na hierdie nadenke, veel meer sinvolle antwoorde sou kon verskaf as ek deegliker daarvoor nagedink het as wat die situasie wat die onderhoud of vraelys geskep het, toegelaat het. Teen die tyd wat ek by die “beter” antwoord uitgekom het, was dit egter te laat, en die antwoorde wat ek na hoogstens 'n paar minute se nadenke gegee het, is reeds as data vir 'n studie gebruik.

Vir hierdie studie het ek belang gestel om inligting aan te bied wat deur intensiewe, gefokuste nadenke, oor tyd, en met inagneming van 'n groot aantal faktore, ontwikkel het. Ek glo nie dat dit vir my moontlik sou wees om hierdie tipe inligting by 'n aantal ander mense te kry nie. Op grond waarvan sou ek van ander mense so 'n intensiewe inset kon verwag?

Aan die ander kant was ek was reeds met hierdie studie besig, te midde van daaglikse professionele betrokkenheid by die breë veld van vertaling. Die vraagstukke waaroor die studie handel, was voor in my gedagtes, en het al hoe meer aandag geniet namate die studie gevorder het en my eie kennis oor die onderwerp nuwe perspektiewe ontbloom het en nuwe moontlikhede voorgestel het. Ek is oortuig dat my eie beskrywings van ervarings die beste gehalte data vir hierdie studie is.

Op sy beurt waarsku Lunceford (2015: 2, 5–8) dat nie almal wat kan skryf, noodwendig suksesvol persoonlike ervarings aan die outo-etnografiese metode sal kan onderwerp nie, en die storie op sigself ons nie noodwendig gaan help om te bepaal wat iets werklik beteken nie. Nie alle vertellers verstaan die volle betekenis van 'n storie nie, en dít is wat outo-etnografiese ondersoek van alledaagse stories onderskei. Volgens Hokkanen (2017: 25) is die neerskryf van die ervarings meer as net rapportering. Sy haal vir Richardson aan, wat sê dat die navorser dit moet kan aanwend as 'n metode om ontdekkings te maak en te ontleed.

Of ek sukses behaal het met vertellings van persoonlike ervarings en of dié vertellings lig werp op die realiteit, is vir die leser om te besluit. Die feit dat ek oor dekades suksesvol in 'n loopbaan werk waar kommunikasie die belangrikste doel is, en dat ek van nature 'n introspektiewe en nuuskierige mens is, suggereer dat ek wel iemand is wat my ervarings en hulle implikasies deur middel van 'n etnografiese metode sal kan aanbied.

Lunceford verwys na die begrip etos, wat meer as geloofwaardigheid behels, en wat deur die diskoers geskep moet word. In vakkundige skryfwerk is ons is gewoond om weg te skram van emosie, en eerder ons stemme en stories op 'n abstrakte en onpersoonlike

wyse aan te bied – dit is immers wat 'n akademiese gehoor verwag. Lunceford haal vir Aristoteles aan, wat verklaar het dat die narratief oorendend moet wees, gebaseer op die verteller se persoonlike karakter, wat deur die vertelling ontspring. 'n Geslaagde outo-etnografie behoort die ervarings van die verteller só aan te bied dat die gehoor nie net aan die navorsingskwessies bekend gestel word nie, maar ook herinner word dat die ervarings dié is van “actually living, breathing human beings” (Lunceford, 2015: 8).

4.3.4 Kritiek teen die outo-etnografiese metode

Ellis et al. (2010) erken dat outo-etnografie vanuit akademiese kringe dikwels beskuldig word dat hulle beskrywings nie aan “wetenskaplike” standaarde voldoen nie – die narratiewe is nie teoreties of analities genoeg nie, en is te emosioneel, terapeuties en op estetika gerig. Outo-etnografie word gekritiseer omdat hulle “te min” veldwerk doen en omdat ander nie in voldoende getalle by data-insameling betrek word nie. Die gebruik van persoonlike data lei tot beskuldigings van vooroordeel, egosentrisme en narsisme. Vanuit 'n outobiografiese oogpunt word outo-etnografie weer beskuldig dat hulle narratiewe nie literêr genoeg is nie, dat hulle te hard probeer om as wetenskaplikes beskou te word, en dat slegs “baie goeie” skrywers (nie akademiërs nie) suksesvolle biografieë kan skryf.

Volgens Ellis et al. (2010) is hierdie kritiek op 'n denkfout gebaseer, naamlik, dat kuns en die wetenskap weerskante van 'n kontinuum geleë is. Outo-etnografie verteenwoordig 'n poging om hierdie binêre “of òf” benadering ongeldig te verklaar. Outo-etnografie glo dat navorsing sowel streng, teoreties en analities as emosioneel, terapeuties en inklusief ten opsigte van persoonlike en sosiale verskynsels kan wees.

Ellis et al. (2010) verwerp die idee dat outo-etnografie hoef te debatteer oor die geldigheid van die metode – kritici behoort te aanvaar dat outo-etnografie navorsing vanuit 'n verskillende perspektief benader. Outo-etnografie verwerp dus die idee dat die “waarheid” of “feite” die hoofdoel is van wetenskaplike navorsing – hulle probeer eerder om hulle ervaring en skakels met die kulturele sisteem te ondersoek (Băiaș, 2014: 26)

4.4 AANBIEDING VAN DIE DATA

Denzin (1997: 234–235) stel voor dat 'n teks nie alleen staan nie, maar in interverhoudings met ander tekste. Vir die doeleindes van hierdie studie onderskei hy twee basiese tipes teks. Die eerste is die teks wat ek as navorser genereer, en waardeur ek probeer om 'n sekere situasie, ervaring, proses of verskynsel te beskryf – Denzin noem dit die oorspronklike teks. Die tweede teks ontstaan binne en vanuit die oorspronklike teks, en bied nuwe interpretasies en betekenis van wat die oorspronklike teks aanbied – dit is 'n ontleding van die oorspronklike teks.

In hoofstuk 5, waar ek die narratief van dié studie aanbied, onderskei ek tussen die twee tipes tekste deur middel van formatering. Die vertelling van my ervarings word in kursief en ingekeep aangebied – soos hierbo – en die verduidelikende, ontledende of interpreterende teks in die normale formatering van dié dokument. In my analise van die oorspronklike teks verwys ek telkens na die teoretiese ondersoek wat ek in hoofstukke 2 en 3 onderneem het, om antwoorde te vind op die navorsingsvrae wat ek in hoofstuk 1 gestel het.

4.5 SLOT

In hierdie hoofstuk het ek verwys na literatuur oor navorsingsbenaderings en -metodologie wat vir 'n studie soos hierdie een – oor 'n komplekse proses wat nie direk waargeneem kan word nie, en wat in 'n komplekse omgewing plaasvind – aangewend kan word. 'n Verduideliking van die auto-etnografiese metode is die gevolg van 'n persoonlike motivering om dié metode te gebruik. In hoofstuk 5 sal ek die data aanbied, tesame met 'n ontleding van die betekenis daarvan, wat geskied aan die hand van die teoretiese modelle, funksionalisme en kompleksiteitsdenke, soos in hoofstuk 2 uiteengesit, en die konseptualisering van vertaling as 'n komplekse verskynsel, soos in hoofstuk 3.

HOOFSTUK 5: AANBIEDING EN BESPREKING VAN DATA

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk bied ek die narratief aan wat as data van dié ondersoek dien, en ek bespreek die implikasies daarvan, hoofsaaklik aan die hand van die teoretiese begronding (hoofstuk 2). Ek verwys ook na van die literatuur wat in hoofstuk 3 aangebied is – soos ek in paragraaf 4.3.1 verduidelik het, dien hierdie skakel tussen die data en die literatuur as 'n manier om triangulasie te doen. In hoofstuk 4 het ek ook verduidelik dat die metodologiese benadering wat ek volg, kwalitatief is, spesifiek, die outo-etnografiese metode. Deur hierdie metode toe te pas, verklaar ek dat die beste manier waarop ek 'n bydrae tot die navorsingsvraagstuk kan maak, is om die verskynsel van binne te ondersoek. Na aanleiding van Babbie en Mouton (2001: 271) is my rol dié van aktiewe deelnemer, eerder as dié van waarnemer.

In 'n poging om die navorsingsvraag te beantwoord, bied ek as data voorbeelde aan van geleenthede wat ek self as vertaler, as teksredigeerder van geskrewe teks, en as tolk onsekerheid ervaar het. My verwysing na dié drie tipes tekste hou verband met Jacobson (1959: 233) se drie tipes vertaling onderskeidelik, naamlik, a) Intratalige vertaling (verbale tekens in een taal word deur ander tekens (woorde) in dieselfde taal weergegee); b) Intertalige vertaling (interpretasie van verbale tekens in een taal in 'n ander taal; en c) Intersemiotiese vertaling of transmutasie, wat behels dat verbale tekens deur nieverbale tekens in 'n ander semiotiese sisteem vervang word (soos wat in tolking gebeur) (vergelyk paragraaf 2.2).

Ek analiseer hierdie voorbeelde aan die hand van die funksionalistiese benadering en kompleksiteitsdenke, en verwys na van die ooglopende redes waarom die verskynsel van vertaling as kompleks beskou word. My doel hiermee is om die bronne van kompleksiteit te isoleer en om te probeer bepaal waarna ek verwys as ek besluite maak in 'n poging om onsekerheid en kompleksiteit te verminder. Marais (2013: 731, 2014: 106, vergelyk paragraaf 2.4.6) beskryf vertaling as 'n ontspringende verskynsel wat die gevolg is van menslike interaksie, en dus lig die bespreking wat in paragraaf 5.2 volg, die menslike

interaksie uit wat veroorsaak dat vertaling as 'n komplekse adaptiewe sisteem beskou kan word.

Vertaling is 'n omvattende verskynsel, en ek bespreek net enkele voorbeelde van onsekerheid wat ek al self, in die situasies wat ek myself bevind, ervaar het. Ek het byvoorbeeld nie ervaring van literêre vertaling, gemeenskapstolking of van die skepping van ondertitels vir films nie, en daarom bespreek ek nie hierdie voorbeelde van vertaling nie. Ek probeer wel om na al drie tipes vertaling waarby ek betrokke is, te verwys. My persoonlike narratief word deur formaat van die bespreking onderskei.

Weens die ineengestremde aard van en interaktiewe verhoudings tussen die elemente van vertaling, was dit nie moontlik om die bespreking streng volgens 'n formele struktuur te orden nie – kompleksiteitsdenke is in elk geval nie ten gunste van 'n benadering waardeur 'n verskynsel in sy kleinste samestellende elemente opgebreek word in 'n poging om die geheel te verduidelik nie (Baghdadi, 2017: 10). Dit stem ooreen met Short et al. (2013: 2) se verduideliking dat 'n outo-etnografiese vertelling vorentoe, agtertoe of sywaarts kan vorder. In 'n poging om ten minste 'n breë raamwerk vir die inligting te verskaf, het ek besluit om die data aan die hand van die vyf kategorieë van eienskappe van 'n komplekse adaptiewe sisteem (vergeelyk paragraaf 2.2.4), en die breë trekke van die funksionalistiese benadering (paragraaf 2.3.2), te bespreek. Ek onderskei dus nie in paragraaf 5.2 tussen die elemente wat ek bespreek deur onderopskrifte nie – die bespreking verwys na eienskappe in die narratiewe en sommige aspekte word dus meer as een keer betrek. Die vyf breë kategorieë van eienskappe van komplekse adaptiewe sisteme, soos deur Larsen-Freeman en Cameron (2008) voorgestel, is soos volg:

- Komplekse sisteme bestaan uit heterogene elemente op verskillende vlakke;
- Komplekse sisteme is dinamies;
- Komplekse sisteme is nie liniêr nie;
- Komplekse sisteme is oop sisteme; en
- Komplekse sisteme is adaptief.

Die elemente van die funksionalistiese benadering waarna ek sal verwys, sluit in vertaling as 'n doelbewuste handeling, die tipologie van vertaling, ekwivalensie en geskiktheid, intertekstuele en intratekstuele koherensie en kultuurspesifisiteit (Nord, 1997).

5.2 ONTLEDING VAN BRONNE VAN ONSEKERHEID IN VERTALING AAN DIE HAND VAN KOMPLEKSITEITSDENKE EN FUNKSIONALISME

Nord (1997: 27–28) onderskei verskeie doele wat by 'n vertaalopdrag ter sprake is (paragraaf 3.5.5). Die vertaler kan byvoorbeeld die doel hê om 'n inkomste te verdien, terwyl die opdraggewer gewoonlik, implisiet of eksplisiet, 'n sekere kommunikasiedoel het. Daar is dus selde sprake van 'n enkele of eensydige doel, en hierdie besef gee reeds vir my 'n aanduiding dat vertaling nie net aan die hand van 'n enkele aspek daarvan ondersoek behoort te word nie (Marais, 2014: 74), maar dat ons 'n verskeidenheid interafhanklike agente op verskillende vlakke (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 29; Marais, 2014: 27) in ag moet neem. Hierdie eienskap van vertaling bevestig dat dit, as komplekse verskynsel, in 'n oop sisteem plaasvind – dis nie nét wat die opdraggewer as die doel beskou wat 'n rol speel in die manier waarop die vertaling aangepak en voltooi word nie, en daar is 'n groot aantal elemente wat oor tradisionele grense 'n invloed het.

Ek wil egter eers een tree terugstaan, want ek het al besef dat ek nie kan nie aanvaar dat die opdraggewer wel 'n doel vir die vertaling in gedagte het nie. Dit is ook eers sedert ek in 'n vertaalteorie-honneursmodule oor die funksionalistiese benadering geleer het, dat ek self, wanneer ek 'n opdrag kry, wonder oor die doel van 'n stuk werk – voorheen het ek net weggespring en begin werk (ek het nie voorgraads oor vertaalteorie geleer nie). Ek was dikwels baie onseker of ek dit reg doen, maar ek het, in my onkunde, nie besef dat ek vrae oor die doel moes vra nie, of dat die doel enigsins 'n kwessie is nie.

Opdraggewers het egter selde sulke kennis van vertaalteorie, en die enigste doel waarvan hulle bewus is, is om hulle bronteks in 'n doelteks te laat omskakel – 'n baie vae doel. Dié “doelloosheid” van die opdraggewer veroorsaak dat die vertaling nie liniêr kan gebeur nie; dit is 'n oorvereenvoudiging van die situasie om te aanvaar dat 'n vertaalsituasie uit stappe bestaan wat die een op die ander volg, naamlik, 1) 'n opdraggewer het 'n sekere, uitgesproke en uitvoerbare doel, 2) wat hy of sy dan aan die vertaler

oordra, 3) wat dan doen wat nodig is om die doel te bereik, 4) en die doeltaalweergawe aan die opdraggewer oorhandig, en betaling ontvang.

Die opdraggewer gee gewoonlik 'n algemene opdrag (“vertaal hierdie dokument/tolk hierdie aanbieding/kyk na die taal in hierdie dokument”), maar tensy die opdraggewer vir die vertaler sê wat die spesifieke doel van 'n spesifieke vertaalopdrag is, kan die vertaler onseker wees oor hoe om die vertaling aan te pak en te voltooi, soos ek in die narratief *Heen en weer* illustreer.

Heen en weer

Nie alle akademici wat vir my artikels stuur vir taalversorging sê vir my by watter tydskrif hulle dit wil voorlê vir publikasie nie. Sonder hierdie inligting is dit vir my onmoontlik om 'n produk te lewer wat aan die vereistes van 'n spesifieke tydskrif voldoen. Al hoe ek hierdie onsekerheid kan oplos, is om vir die skrywer uit te vra, en dan 'n internetsoektog te doen om uit te vind wat die voorskrifte van dié tydskrif is. Ek moet, byvoorbeeld, uitvind of Amerikaanse of Britse spelling vereis word, watter terme onaanvaarbaar is, en hoe die uitleg moet lyk. Dan, terwyl ek die artikel se taal versorg, duik daar gewoonlik vrae op oor die betekenis wat die skrywer wil oordra – as ek dit reguit mag stel: ek kan nie uitmaak wat die skrywer probeer sê nie.

Nog 'n bron van onsekerheid is dat ek nie al die kennis wat ek nodig het om die werk te doen, in my kop het nie. Ek moet 'n verskeidenheid bronne – mense, boeke, aanlynbronne – raadpleeg om alles waaroor ek onseker is, uit te vind: Is dit die regte spelling van Vajoczki? Is dit 'n feit dat geweld vandag erger is as ooit? Kan 'n mens sê Suid-Afrika het in 1994 onafhanklik geword?³

³ Hierdie is werklike vrae waarvoor ek in die maand voor ek dié voorbeelde hier getik het, antwoorde gesoek het.

Wanneer ek die artikel deurgewerk het, stuur ek dit vir die skrywer terug, wat van my vrae moet beantwoord, en dan die teks weer vir my stuur vir proeflees. Daarna word die artikel aan die tydskrif voorgelê, en ek sien die teks dikwels wéér wanneer dit met kommentaar van die tydskrif se redakteur af terugkom.

‘n Gebrek aan duidelikheid oor die doel van ‘n vertaalopdrag is duidelik ‘n bron van onsekerheid. Twee dinge is duidelik in hierdie narratief: die nie-liniêre aard van die vertaalsituasie, en die feit dat onsekerheid verminder kan word deur vrae te vra en inligting in te win. Die teks, en boodskappe daaroor, beweeg heen en weer tussen my en die opdraggewer en tussen die opdraggewer en die tydskrif en weer terug, en so vind ek al hoe meer uit oor die doel van die werk, en kry ek terugvoer wat my help om inhoudskwessies waaroor ek onseker is, uit te pluus. Namate onsekerheid verminder, verander die situasie, wat ‘n kenmerk is van die ontspringende aard van ‘n komplekse omgewing. Soos Larsen-Freeman en Cameron (2008: 59) en Marais (2014: 47) verduidelik, behels ontspringing dat sisteme (verskillende sisteme op verskillende vlakke) verander na aanleiding van interaksie met die omgewing en ander elemente in die sisteem betrokke én in ander sisteme, en hierdeur ontstaan nuwe verskynsels op ander vlakke op skynbaar onwillekeurige en toevallige maniere (vergelyk paragraaf 2.4.4.5). Ek besef dat ontspringing ook deur doelbewuste ingryping kan plaasvind, en beskou doelbewuste gedrag én onvoorspelbare, spontane gebeure as oorsake van ontspringing.

As ek te onkundig is om te besef dat ek iets moet vra, of wat ek moet vra, of as ek te skaam sou wees om vrae te vra, of bang sou wees dat die skrywer (soms ‘n “belangrike” persoon!) dink ek vra simpel vrae en weet nie wat ek doen nie, of (soos voor ek van funksionalisme geleer het) ek nie besef dat ek oor die doel van die opdrag moet uitvind nie, sou onsekerheid die oorheersende ervaring van die werk wees, en ek sou waarskynlik nie ‘n gehalte vertaling kon lewer nie. In my geval veroorsaak selfvertroue en ervaring (en waarskynlik ouderdom en persoonlikheid ook) dat ek nie omgee om selfs simpel vrae te vra nie (soos die vrae wat begin met “net 100% seker maak dat ek reg verstaan”). (Vergelyk Künzli (2004) se bewering (in paragraaf 3.6.3) dat jonger, minder

ervare vertalers nie altyd beseft dat vroeë nodig is nie, en dat hulle bang is om onkundig voor te kom.)

Deur ervaring het ek agtergekom dat sommige opdraggewers nog nooit daaraan gedink dat 'n vertaling 'n sekere doel het nie (net soos ek, voor ek van funksionalisme geleer het). Nietemin, selfs al kan die opdraggewer nie die opdrag formeel en verbaal uitdruk nie, en onseker is oor wat die doel is, kan ek gewoonlik deur 'n reeks vroeë genoeg inligting oor die verwagting of doel inwin om die vertaalopdrag met redelike sekerheid aan te pak – of ten minste met redelike sekerheid oor die doel, want ander aspekte kan verdere onsekerheid veroorsaak.

Ek stel dus voor dat 'n vertaler kompleksiteitsdenke met vrag in die vertaalproses kan aanwend om onsekerheid te verminder. Ek kan die moontlikhede wat die oop sisteem en nie-liniêre aard van die vertaalsituasie bied, gebruik om van die onsekerheid uit die weg te ruim en die kompleksiteit van die situasie te bestuur. Uit die narratief *Heen en weer* kan ek die volgende voorbeelde uitwys van maniere waar ek kompleksiteit kan gebruik om onsekerheid te verminder: a) Ek erken dat meer mense as net die opdraggewer/skrywer en vertaler in 'n binêre verhouding, én 'n verskeidenheid bronne van inligting, by die proses betrokke is, en ek ontgin die bydraes wat diverse elemente van die sisteem kan maak om probleme op te los; en b) As ek inligting nodig het om onsekerheid te verlig, laat ek my nie deur tradisionele, professionele, hiërargiese rolverdelings, of deur persoonlike vrese en onsekerhede dat mense my as onbekwaam sal beskou, inperk (of intimideer) nie – ek beskou die omgewing as oop, en ek kan oor grense van senioriteit kommunikeer.

'n Ander probleemgeval is dié waar daar wel 'n opdrag is, maar dat die vertaler steeds onseker is oor hoe om die taak aan te pak, of rede het om onwillig te wees om dié doel na te streef, soos in die geval wat ek volgende beskryf. Hierdie narratief verskaf 'n verdere voorbeeld van die faktore wat onsekerheid veroorsaak, en in hierdie geval is die wyse waarop die kompleksiteit bestuur kan word om onsekerheid te verminder, minder voor die hand liggend.

Die vertaalopdrag

Ek werk bykans elke dag as 'n tolk van akademiese lesings by 'n tersiêre instelling. By die betrokke instelling het die taalbeleid (tot einde 2016) voorgeskryf dat studente lesings in Engels óf Afrikaans kan bywoon. (Vandag geld dié voorskrif net vir sekere modules.) Die idee was dat elke lesing in Engels én in Afrikaans aangebied word, maar in die praktyk was dié dubbele aanbieding nie altyd moontlik nie. In gevalle waar 'n lesing net een keer, in een taal, aangebied word, help tolkdienste dat studente in die taal van hul keuse na die lesing kan luister.

Studente is nooit formeel in die klas (of in enige ander konteks, vermoed ek) ingelig oor die doel of aard van die tolkdienste nie. Ek sal hoogstens vinnige instruksies gee wanneer ek gehoorstukke uitdeel (byvoorbeeld, “turn this dial to adjust the volume”). Op hulle beurt het tolke aan die begin van die jaar by die tolkkoördineerder instruksies ontvang oor die mate van ekwivalensie wat nodig was. Ons opdrag was om die inhoud van die lesing presies oor te dra, en om selfs die unieke aanbiedingstyl van die aanbieder te probeer naboots, byvoorbeeld, om ook tussenwerpsels (“uhm”, “tipe van”) wat, volgens my, nie juis tot die inhoud bydra nie, te tolk. Ons moes selfs halwe sinne, feitefoute en verkeerde uitspraak van eiename of terme (wat nogal baie gebeur met aanbieders wat nie brontaal-moedertaalsprekers is nie) net so oordra.

Die rede vir hierdie instruksie was dat die een taalgroep nie bo die ander bevoordeel moes word nie. Die een groep studente se aanbieding moes nie vlotter, meer korrek of makliker wees om te verstaan as die ander s'n nie. As die een taalgroep sukkel om die aanbieder se aksent te verstaan, moet die ander taalgroep net so sukkel, aldus die opdraggewer, want dan trek ons niemand voor nie.

Nog voor ek gedink het of dit eers moontlik was om “verkeerd” te tolk, was my reaksie op hierdie instruksie verontwaardiging. Ek is trots op my

tolkvaardigheid, en nou sê hulle ek moet doelbewus soos 'n beginner klink, wat woorde verkeerd uitspreek, vashaak en met 'n nuwe sin begin voor die vorige een klaar is! Ek was nie bereid om so simpel te tolk dat die studente dink ek kan nie tolk nie – nee, ek gaan myself nie so in die verleentheid stel nie.

Volgens Reiss se klassifikasie (Nord, 1997: 37, 40–41) (sien paragraaf 2.3.6) is die tekstipe van 'n akademiese lesing 'n informatiewe teks, wat die hoofdoel het om feite aan ontvangers oor te dra. Die eksplisiete vertaalopdrag in die narratief hierbo was dus om 'n dokumentêre vertaling te lewer (vergelyk paragraaf 2.3.7). In hierdie geval moet twee groepe ontvangers, sover moontlik, dieselfde feitelike inhoud ontvang (verwys na Newmark (2004) se tipologie van die verskillende waarhede van vertaling, waarvan hierdie feitelike waarheid verteenwoordig), en tolke moet dié inhoud op presies dieselfde manier aanbied.

Die feit dat die opdraggewer die doel van die vertaalsituasie bepaal, is in ooreenstemming met Nord (1997: 27–28), wat tot die gevolgtrekking kom dat die opdraggewer, op die eenvoudigste vlak, die persoon is wat die vertaalproses inisieer, naamlik, die kliënt of opdraggewer, wat die kriterium verskaf waarvolgens die vertaling uitgevoer moet word.

Op die oog af is die doel van die opdrag wat ek in *Die vertaalopdrag* beskryf, nie een van die bronne van onsekerheid vir my en my tolkmaats nie. Die opdraggewer het 'n direkte opdrag gegee, wat spesifiseer dat daar 'n groot mate van ooreenstemming (of intertekstuele koherensie of getrouheid) (Nord, 1997: 32–33, vergelyk paragraaf 2.3.3) tussen die bron- en doeltekste moet wees, en dat die aanbiedingstyl van die tolk met dié van die brontaalspreker moet ooreenstem – die veronderstelling is dat besluite oor ekwivalensie en aanbiedingstyl reeds gemaak is, en dat dit nie 'n bron van onsekerheid vir die vertaler behoort te wees nie. Oënskynlik het die opdraggewer die vertaalstrategie wat die tolke moet toepas, voorgeskryf, en die opdrag behoort min onsekerheid op dié vlakke van uitvoering wat voorgeskryf word, te veroorsaak. Met ander woorde, as die duidelikheid van die vertaalopdrag die enigste faktor in die bestuur van onsekerheid was,

moes hierdie opdrag geen onsekerheid gewek het nie omdat dit so duidelik was, en sou dit nie nodig wees om dié faktor in ag te neem om onsekerheid te verminder nie.

Hoe langer ek egter oor die opdrag gedink het, hoe meer vrae het vir myself, my tolkmaats en die koördineerder daarvoor gevra, en hoe meer het ek begin twyfel oor die praktiese uitvoerbaarheid van die opdrag. Die vertaalopdrag was toe glad nie so voor die hand liggend soos ek aanvanklik gedink het nie, en dit was glad nie volledig nie: dit gee 'n instruksie ten opsigte *wat moet gebeur*, maar neem nie in ag *hoe* dit kan gebeur nie, en oorweeg nie *of* dit enigsins moontlik sal wees nie, en of die oorhoofse doel van die vertaling bereik sal kan word nie, in ag genome die kompleksiteit van die situasie. Die opdrag het met 'n ideologiese waarde verband gehou, en het nie in ag geneem dat dit waarskynlik nie in die tolke se vermoë was om dit konkreet te maak nie. As ek (of enigiemand anders, onder wie opdraggewer, ander tolke of ontvangers van die twee weergawes van die boodskap) gedink het dis 'n opdrag wat maklik uitgevoer sal kan word, was ek verkeerd. Die opdrag – en die botsing tussen ideologie en die praktiese realiteit van tolking – het dus nie die onsekerheid wat die vertalers ervaar, verminder nie, maar eerder nuwe onsekerhede na vore laat tree.

My redenasie oor die vertaalsituasie wat ek beskryf het, is dat die betrokke sisteem uit heterogene elemente op verskillende vlakke bestaan. Dié vlakke sluit in taal, kultuur en die breër maatskaplike omgewing, 'n persoonlike vlak van individuele deelnemers, die deelnemers as 'n groep, en ander rolspelers, en die verhoudings tussen hulle. Nog verdere vlakke het met praktiese uitvoerbaarheid te doen. Volgens Marais (2014: 27–29) is hierdie verskillende elemente op verskillende vlakke 'n kenmerk van komplekse sisteme.

As ek aanvaar dat vertaling in 'n komplekse sisteem plaasvind, beteken dit dat ek en ander vertalers al hierdie elemente (en ander, soos wat ek by besprekings van die oop aard van die sisteem verduidelik) in ag behoort te neem by besluitneming oor hoe om 'n vertaalopdrag aan te pak. Met ander woorde, vertalers kan nie nét na aanleiding van die opdraggewer se weergawe van die doel van 'n vertaling die werk aanpak nie, maar moet ook die menings, verwagtings en realiteite van ander elemente in die sisteem in ag neem.

Dié besef lei my na vroe oor die oorsprong van die doel wat in die vertaalopdrag hierbo vervat is. Dit is moontlik dat, in plaas daarvan om al die elemente op verskillende vlakke in ag te neem by die bepaling van die doel, die behoeftes van sekere elemente swaarder geweeg het. Ek lei af dat die opdraggewer, ten einde 'n oorhoofse doel op 'n ander vlak te bereik (meer hieroor later), skynbaar die behoeftes van, byvoorbeeld, die doeltaalontvangers, die brontaalaanbieder (die dosent), en die tolke ondergeskik gestel aan dié van die brontaalontvangers. Die idee was dat, as laasgenoemde benadeel sou word deur foute in die brontaalaanbieding, die ander taalgroep tot dieselfde mate benadeel sou word (ek gaan nie eers vra of dit moontlik is om die graad van bevoordeling wat deur die weglaat van 'n tussenwerpsel soos “uhm” of “tipe van” veroorsaak word, te bepaal nie).

Ek vra wel of dit nie in die instelling self se belang sou wees om 'n opdrag te gee wat lui dat die tolke die inhoud op die beste moontlike manier moet probeer oordra nie – al is daardie manier beter as die brontekeweergawe. Hierdie vraag hou verband met die aanname van kompleksiteitsdenke dat die werklikheid nie altyd logies of rasioneel is nie, en soms selfs paradoksaal (Marais, 2014: 22). Dit is immers in 'n akademiese instelling se belang dat soveel moontlik studente slaag. Baie tyd en moeite word by die eerste instelling bestee om aan studente 'n verskeidenheid hulpmiddels te bied wat help dat hulle die werk beter verstaan. 'n Enkele voorbeeld hiervan is my aanstelling as skryfkonsultant by die universiteit, waardeur ek studente help om die beginsels van akademiese skryfwerk tydens individuele, vrywillige konsultasiesessies, op hulle werkstukke toe te pas.

Dit lyk egter asof daar egter perke is aan die rol wat *vertalers* mag speel om studente se prestasie te verbeter. Dieselfde instansie wat die hulpmiddels voorsien om studente te ondersteun, beperk die tolke, spesifiek, se rol en die bydrae wat hulle kan maak om die instelling se doel van akademiese uitnemendheid te help bereik. Dié paradoks – dat verskillende akademiese hulpmiddels nie dieselfde doel nastreef nie – is kenmerkend van 'n komplekse sisteem. Besluite oor die vermindering van onsekerheid moet dus rekening hou met die hiërargiese aard van faktore wat onsekerheid veroorsaak.

Hou in gedagte dat die brontaal soms Engels en soms Afrikaans was – lede van albei groepe sou op verskillende geleenthede die voordeel van ’n “beter” weergawe ontvang. Die voorbeeld wat volg handel toevallig oor ’n Afrikaanse doelteks.

Die tannie se rol

In ’n lesing deurspek met terme wat ’n mens nie elke dag teëkom nie, en wat in korrekte Afrikaans nog vreemder op die oor val, en met ’n aanbieder wat sukkel om ingewikkelde prosesse te verduidelik in ’n taal wat duidelik nie sy moedertaal is nie, steek ’n student haar hand op, en vra of sy met die tolk mag praat. Haar vraag is, “Kan die tannie nie dit vir ons verduidelik nie?”

Weens die vertaalopdrag (soos hierbo verduidelik), en omdat ek bewus was van brontaalontvangers se sensitiwiteit en agterdog oor die inhoud wat studente in die doeltaal ontvang, en albei groepe se vrees dat die een bo die ander bevoordeel word, het ek geweet ek kon nie doen wat die student vra nie. My bewustheid van kwessies in die breër omgewing, insig in die rede waarom die vertaling aangebied word, en besef wat sal gebeur as een groep studente bevoordeel word, het gekeer dat ek aan haar versoek voldoen. Ek sou sê dit is weens my bewustheid van die komplekse aard van die sisteem waarin vertaling plaasvind, dat ek ’n besluit kon maak om die studente te help, of, in hierdie geval, nie te help nie.

Ek verwys later weer na die onsekerheid wat vertalers oor die omvang van hulle rol het (wat mag ek doen, wat mag ek nie doen nie). Hier wil ek die idee van kompleksiteitsdenke, dat die heterogene elemente van die situasie in ’n hiërargie gerangskik is (Marais, 2014: 28–29), met *Die tannie se rol* in verband bring. Die sosiale vlak van die vertaalverskynsel – dit wil sê, soos in die geval van *Die vertaalopdrag*, die opdraggewer se bepaling dat die doel van die vertaling is om sosiale geregtigheid te laat geskied (deur ’n groot mate van intertekstuele ekwivalensie te verseker) – is ’n hoër vlak van belangrikheid toegeken as ander elemente, soos die behoeftes van ontvangers van die doeltaalweergawe, of die begeerte van die tolk om ’n professionele vertaling te lewer (meer oor laasgenoemde in die narratief *Agente en agendas* hieronder), of selfs die behoefte van die instelling om studente te help om hul akademiese prestasie te verbeter. (Ek erken dat die aanbieding

van lesings in studente se gekose taal ook 'n poging is om studente se prestasie te verbeter. Ek sukkel egter om sin te maak van die idee dat studente gehelp word deur lesings in hul moedertaal, maar dat dié weergawe dan doelbewus van swak verbale gehalte moet wees. Die opdraggewer se motivering is vir my 'n bron van onsekerheid.)

Die doel van *Die vertaalopdrag* reduseer 'n hoëvlakdoel, naamlik dat sosiale geregtigheid moet geskied deurdat studente lesings in albei die “amptelike” tale van die instelling moet kan bywoon, tot 'n laevlakdoel, wat met ekwivalensie verband hou. Al die doele en al die elemente van die situasie is inderdaad in verhouding met mekaar, maar verskynsels op een vlak kan nie op 'n liniêre wyse tot verskynsels op 'n ander vlak aanleiding gee nie (Marais, 2014: 50). Met ander woorde, 'n opdrag dat tolke 'n doelteks met 'n hoë vlak van ekwivalensie lewer, sal nie direk en op 'n liniêre wyse tot sosiale geregtigheid aanleiding gee nie. 'n Ontleding van die elemente en bronne van onsekerheid in dié situasie sal baat by die insluiting van meer van die elemente en insig in hul interverhoudings. Besluitneming wat ten doel het om onsekerheid in 'n situasie te verminder behoort dus ook verskynsels op verskeie vlakke in ag te neem, en wat optrede op hierdie vlakke behels. Verder kan beperking van onsekerheid op een vlak aanleiding gee tot onsekerheid op 'n ander vlak, wat impliseer dat 'n benadering tot vertaling volgens kompleksiteitsdenke nooit vry van onsekerheid sal kan plaasvind nie.

Die vertaalopdrag aan die tolke in die klaskamersituasie fokus net op twee aspekte van die situasie, naamlik inhoud en aanbieding, en is 'n voorbeeld van Marais (2014: 19–20) se verduideliking van die tradisionele manier waarop Westerse wetenskaplike denke probleme benader (paragraaf 2.4.2). Orde en eenvoud (en in hierdie geval, die doel van die vertaling) kan nie noodwendig bereik word deur die toepassing van 'n eenvoudige wet of instruksie, of deur 'n komplekse situasie tot enkele samestellende elemente te reduseer nie – dit is nie noodwendig verkeerd nie, maar neem nie die komplekse aard van die realiteit in ag nie – net soos wat die vertaalopdrag nie die komplekse aard van die realiteit in ag neem nie. Ons moet kennis neem van die dele en van die geheel, en van die verhoudings tussen die dele, en tussen die dele en die geheel.

Vertalers moet bewus wees van die breër omgewing waarbinne hulle werk (Way, 2016: 1018) – in dié geval, die vlak van menseregte en maatskaplike geregtigheid in die algemeen – om ingeligte besluite te kan maak, al kom die besluite paradoksaal of onlogies voor. As vertaler lees en luister ek daagliks aandagtig na wat ander mense oor 'n verskeidenheid onderwerpe te sê het. Dié wye blootstelling aan feite, idees en menings beteken dat ek beskik oor 'n redelik goeie algemene kennis. My persoonlike nuuskierigheid beteken verder dat ek 'n redelike goeie idee het van wat in die wêreld aangaan, en dié kennis help my om maatskaplike tendense met my werk in verband te bring. Dié agtergrondkennis help my om sin te maak van tekste en vertaalopdragte, wat immers nie los staan van die kontekste waarbinne die een of ander weergawe aangebied word nie. Verder behoort vertalers oor die nodige volwassenheid en ervaring te beskik (verwys na Marais (2008: 118–119) se idee dat wysheid en professionele oordeel noodsaaklike eienskappe van vertalers is) om te besef dat die onsekerhede wat hulle konfronteer allermins tot die vlak van taal (byvoorbeeld, terminologie of vertaalbaarheid), praktiese aangeleenthede (soos sperdatums) of die behoeftes (legitiem of nie) van 'n enkele rolspeler in die vertaalsituasie gereduseer kan word. Funksionering in 'n komplekse omgewing vereis dus veel meer van 'n vertaler as blote meertaligheid, maar vereis ook oordeel, wat gebaseer is op diepgaande kennis van die onlogiese en paradoksale aard van die omgewing. Vertaling as dissipline of vakgebied staan ook nie in 'n afgebakende kassie nie, maar vorm deel van 'n groter realiteit.

In die geval van sowel *Die vertaalopdrag* as *Die tannie se rol* kom professionele etiek ook ter sprake, en ek verwys na Way (2016: 1018) se verduideliking van besluite wat vertalers in die vertaling van regstekste maak. Volgens haar is vertalers sosiale agente wat nie net in die vertaalkonteks betrokke is nie, maar in die samelewing as geheel. Ten spyte van my vrae oor *Die vertaalopdrag*, en omdat ek persoonlik tot sosiale geregtigheid verbind is, stem ek saam dat een groep nie bo 'n ander bevoordeel behoort te word nie, en daarom het ek nie aan die student in *Die tannie se rol* se versoek gehoor gegee nie. Ek is bewus van die diverse elemente wat die situasie beïnvloed, en dat hulle in 'n hiërargie van invloed gerangskik is. Na afloop van hierdie studie is ek bewus van die paradoksale aard van komplekse omgewings. Voor ek oor kompleksiteitsdenke geleer het, het ek dit nog

moeiliker gevind om my logiese brein en behoefte aan struktuur “af te skakel”, en om te aanvaar dat logika en skynbaar oorsaaklike verbande nie die enigste manier is om sin te maak van ’n situasie nie. Dié wete help my om te aanvaar dat instruksies wat nie logies of sinvol voorkom nie, wel ook bestaansreg kan hê.

Die tannie se rol illustreer dat ’n komplekse adaptiewe sisteem, met sy elemente op verskillende vlakke wat met mekaar in interaksie is, gekenmerk word deur die handhawing van uiterstes. Dit is die interaksie van die verskille tussen elemente – byvoorbeeld die verskillende behoeftes van die bron- en doeltaalgehoor – wat aanleiding gee tot die verskynsel wat ontspring. Dit is nie die gemiddelde mening wat die aard van die verskynsel bepaal nie, maar die ekstreme standpunt wat ’n bepalende rol speel in die verloop van die situasie. ’n Opdraggewer wat aandring op ’n sekere uitkoms, of ’n vertaler of ontvanger van ’n boodskap wat sterk oortuigings het oor ’n saak, sal ’n groter invloed op die situasie hê as iemand wat nie juis omgee wat die uitkoms is nie.

Van die verwagting dat die onderskeie aanhoorders van die boodskap in die twee tale sou tevrede wees dat die een groep nie bo die ander bevoordeel word nie, het ook nie veel gekom nie – die aanhoorders van die doeltaalboodskap is eerder bejammer omdat die tolke so “swak” was, en die aanhoorders het nie die “swak” bron- en doeltaalaanbiedings met mekaar of met die doel, soos deur die opdraggewer bepaal, in verband gebring nie. Hierdie houdings word in die volgende narratief bespreek.

Agente en agendas

Tolke kry soms ’n negatiewe ontvangs in die lesinglokaal. As die diens aangekondig word, sal iemand soms hardop (in Afrikaans of Engels) sê, “Nee, ons wil dit nie hê nie”. Ek het al by meer as een geleentheid (verskeie kere tydens forums waar studente ook hulle mening oor die tolkdien uitspreek) gehoor dat studente die tolkdien as “swak” en die tolke as “hopeloos” beskryf.

Ek erken dat ek, as feilbare mens wat soms droogmaak, al per geleentheid ’n minder as optimale tolkdien aangebied het. Miskien is daar mense wat nie omgee om persoonlike kritiek te ontvang nie, maar ek is nie een van

hulle nie. Selfs op professionele vlak wil ek nie van onvermoë beskuldig word tensy die kritiek geldig is nie. Ek en my kollegas wil nie hoor ons is “hopeloos” omdat iemand teen die tolkdieners gekant is nie. Kritiek is ook onwelkom as my skynbare onvermoë die gevolg is van ’n onvolledige of foutiewe bronteks, die aard van die opdrag (wat nie deur al die betrokkenes ondersteun word nie), of situasionele faktore (soos ’n agtergrondlawaaï wat veroorsaak dat ek nie die spreker kan hoor nie).

Ek dink dat studente bang is dat anderstalige studente wat die tolkdieners gebruik, meer of beter inligting ontvang as dié wat na die bronteks luister – om die diens hardop te verwerp is ’n tipe intimidasie van iemand wat dit oorweeg om ’n gehoorstuk aan te vra. Dit is ’n irrasionele vrees wat nie op enige getuïenis gebaseer is nie (niemand kan in elk geval gelyktydig na die bron- en die doeltaalweergawes luister om vas te stel of die doeltaalweergawe wel swak aangebied word nie). Verder, omdat niemand na albei weergawes gelyk luister nie, kan niemand oordeel hoe akkuraat die tolk die bronteks weergee nie.

Die interaksie tussen my en die ander elemente van die vertaalsituasie dien as nog ’n voorbeeld van die dinamiese én nie-liniêre aard van die situasie. Die dinamiese sisteem in die narratief, *Die vertaalopdrag*, het nie net een beheerende reël (Holland, 1992: 21–22), naamlik, dat die opdraggewer die tolk betaal om die werk te doen, en daarom het die tolk geen ander keuse nie as om die opdrag uit te voer, nie. In hierdie geval het, eerstens, my behoefte om as bevoeg deur die doelgehoor beskou te word en, tweedens, omdat dit vir ’n tolk nie altyd moontlik is om doelbewus “verkeerd” te tolk nie, veroorsaak dat ek dit wat gewoonlik as een van die belangrikste elemente van die vertaalsituasie beskou word – die vertaalopdrag – nie altyd of volledig kon uitvoer nie.

Nog ’n onverwagse gevolg van die vertaalopdrag is dat dit, op ’n praktiese vlak, strydig blyk te wees met die professionele standaard waarvolgens ’n vertaler se aanbieding beoordeel word. Die International Association of Conference Interpreters, byvoorbeeld, sê, “Professional interpreters will render your message naturally and fluently, adopting the delivery, tone and convictions of the speaker” (AIIC, 2014) Dié voorskrif impliseer dat

die spreker vlot praat, en dat die tolk se aanbieding ewe vlot moet wees. Min mense se natuurlike spraak is egter heeltemal vlot: ons begin sinne wat ons voor die einde aflas, ons huiwer lukraak, ons hakkel en stamel – dit is waarskynlik net wanneer 'n aanbieding afgelees word dat die aanbieding heeltemal vlot kan wees, hoewel daar dan weer ander probleme na vore kan tree ('n groot aantal navorsers het al hierdie verskynsel ondersoek, sien byvoorbeeld Barik, 1973: 248; Chang, 2005: 12; Obler, 2012: 117).

Ek het reeds hierbo verwys na die bewering dat die sisteem waarin die vertaling plaasvind, 'n oop sisteem is. Dit beteken dat inligting uit 'n verskeidenheid bronne oor die grense van die sisteem vloei en dit beïnvloed. Sommige van die bronne is net indirek by die vertaling betrokke, en onwaarskynlike invloede gee aanleiding tot onvoorsiene motiverings of reaksies (byvoorbeeld, in dié geval, die behoeftes van die brontaalgehoor, wat 'n buitengewoon sterk invloed op die vertaalsituasie het, soos ek in die narratief, *Agente en agendas*, verduidelik). Die menslike en ander rolspelers in die vertaalsituasie, en die mate van invloed wat elk het, verander voortdurend, wat beteken dat die sisteem nie kan stabiliseer nie.

Wat problematies is, is dat geeneen van die rolspelers in die situasie oor al die inligting beskik nie. Elkeen het 'n unieke stel inligting, en elkeen stel 'n ander doel vir die vertaling – en dit is 'n wanvoorstelling dat die opdraggewer alleen of eensydig die doel van die vertaling kan bepaal. Dink aan die invloed wat die vertaler het: Ek weet wat my kapasiteit as tolk, vertaler en teksredigeerder is: as die spreker vinniger as 140 woorde per minuut praat, of die teks lees, gaan ek sukkel om by te bly; as die teks wat ek moet vertaal in die veld van prosesingenieurswese is, moet ek toegang hê tot 'n tegniese woordeboek; ek hou nie daarvan om onnodig onder druk te werk nie, en om te sorg dat ek genoeg tyd het, sê ek vir kliënte dat ek 'n dag nodig het vir teksversorging van 30 bladsye. As enige van die ander elemente in die situasie my kapasiteit ignoreer, sal ek waarskynlik sukkel om die opdrag behoorlik uit te voer.

In die narratief in *Die vertaalopdrag* is die opdraggewer se doel duidelik; wat nie uitgespel is nie, is onder meer wat die doelgehoor as die doel beskou (waarskynlik om 'n volledige en verstaanbare lesing te hoor), die doel van die aanbieder van die bronteks (waarskynlik

om ingelig en voorbereid te klink, en om te sorg dat soveel studente moontlik die module slaag), en die doel van die tolk (om 'n sinvolle vertaling te lewer – vergelyk my verduideliking van kapasiteit, en die bespreking van professionele standaarde). Al die invloede op die situasie, elke rolspeler se inligting en vereistes, kan as 'n ingewikkelde Venn diagram voorgestel word, waarvan net klein deeltjies saamval of ooreenstem. Die opdrag het dus die kompleksiteit van die situasie, en die oop aard daarvan, onderskat.

Omdat die vloei van inligting oor die sisteem se grense veroorsaak dat die konteks van 'n oop sisteem voortdurend verander, kan die individu se reaksie op wat gebeur, nooit stabiliseer nie (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 7). Dit impliseer dat die vertaler, byvoorbeeld, 'n opdrag met 'n bepaalde strategie of benadering kan aanpak, maar waarskynlik gedurende die proses van die beplande strategie sal moet afwyk. In die geval van *Die vertaalopdrag*, kan die tolk byvoorbeeld wegspring met die doel om die opdrag uit te voer (al die gevalle van “uhm” en “tipe van” pligsgetrou te tolk), maar agterkom dat die situasie verander omdat die aanbieder so vinnig praat dat die tolk nie tyd het om “onnodige” tussenwerpsels in die doeltteks te behou nie. Dié afwyking word genoodsaak deur veranderinge in verskillende elemente van die situasie terwyl die proses ontvou, en die tolk se behoefte om te keer dat die situasie in chaos verval, maar eerder tussen chaos en stabiliteit in balans gehandhaaf word. Hierdie verskynsel gee aanleiding tot die bewering dat 'n komplekse sisteem adaptief is, gekenmerk deur onverwagse en skynbaar toevallige gevolge (Kramsch, 2012: 18), wat uit die komplekse interverhoudings tussen die elemente in elke unieke situasie ontspring (Marais, 2014: 48, sien paragraaf 2.4.4.5). Die verskynsel wat ontspring, verskil ook van ander verskynsels wat in ander omstandighede, uit die interaksie van ander elemente, sal ontspring.

Gegewe die kognitiewe eise wat die tolkaktiwiteit oor die algemeen aan die tolk se korttermyngeheue stel (vergelyk in hierdie verband Gile (2002: 163–164), en die neiging deur tolke om tolkstrategieë outomaties toe te pas (Chang, 2005: 7) (verwys na paragraaf 3.6.1)), kan 'n opdrag soos dié in *Die vertaalopdrag* 'n oormatige las op 'n tolk se vermoëns of kapasiteit plaas. Die probleme wat so 'n opdrag vir gesproke én geskrewe tekste skep, word vervolgens verduidelik.

Doelbewuste foute

Die uitdrukking in 'n Afrikaanse (bron-) teks, “te min te laat” is duidelik 'n letterlike vertaling van die Engels “too little too late”. Die tolk sal onnodig breinkrag bestee om 'n ewe foutiewe Engelse (doeltaal-) uitdrukking te skep, en sal dus geneig wees om outomaties die korrekte uitdrukking te gebruik. Verder sal ek (weens bogenoemde persoonlike en professionele trots) huiwer om 'n verkeerde idiomatiese uitdrukking gebruik, want ek wil nie hê die luisteraar moet aflei dat ek nie die regte uitdrukking in die doeltaal ken nie.

'n Versoek deur 'n navorser dat ek die transkripsies van onderhoude vertaal, maar die “verkeerde grammatika” behou, bied 'n soortgelyke probleem. Hoe sou ek dialoog met die frase, “they was angry” – met behoud van die taalfout in die oorspronklike – vertaal, gegewe dat die meervoudsvorm van die werkwoord nie in Afrikaans bestaan nie? In hierdie geval is dit nie trots wat my terughou nie, maar onsekerheid oor hoe om die foute oor te dra. Dis byvoorbeeld moontlik dat verkeerde woordvolgorde in Afrikaans, woord-vir-woord na Engels oorgedra, die regte woordvolgorde in Engels sou gee. Wat sou ek dan moes doen om die Engels, soos die Afrikaans, verkeerd te laat voorkom? Die rede waarom ek verlig was toe dié kliënt iemand anders se (heelwat goedkoper) kwotasie aanvaar het, is dat ek glad nie geweet het hoe ek die werk sou benader nie. Die onsekerheid was so erg dat ek die werk heeltemal wou vermy.

In plaas van outomatiese verwerking van die bronteks en herskepping daarvan as 'n doelteks, moet die vertaler, wanneer foute in die bronteks oorgedra moet word, spesifiek op die foute in die bronteks konsentreer, en soortgelyke foute skep – die vertaler kan nie op betekenis konsentreer nie, maar moet op grammatika konsentreer. Terwyl ekwivalente woorde maklik opgeroep kan word, is dit nie so maklik om foutiewe grammatika of denkfoute weer te gee nie. Omdat tale van mekaar verskil, is dit nie altyd moontlik om dieselfde foute in die doeltaal te maak nie – dit is net te kognitief veeleisend om 'n geheel

nuwe fout te skep. (Vergelyk paragraaf 3.3.3, en Tymoczko (2014: 297–298) se verduideliking van linguistiese ongelykmatigheid, waarvan die voorbeeld hierbo “overdetermination” verteenwoordig). ’n Tolk sal gewoonlik ’n sin wat onvoltooid afgelas word, in die geheel weggelaat, veral as die tolk teen die tyd wat dit afgelas word, nog nie daarmee begin het nie, meestal omdat die tolk “agter is” en die spreker wil inhaal – of as die tolk nie agtergeraak het nie, om ’n sekonde of twee blaaskans of ’n oomblik om te dink, te wen. As ’n spreker ’n spreekwoord of idiomatiese uitdrukking in die brontaal verkeerd gebruik deur dit letterlik uit die doeltaal te vertaal, sal ek, wanneer ek tolk, geneig wees om outomaties die regte spreekwoord (die letterlike vertaling) te gebruik – om ’n nuwe, verkeerde uitdrukking te skep, sal nie in die oomblik maklik, of altyd enigsins moontlik wees nie. ’n Vertaler van ’n geskrewe teks sou in sommige gevalle “verkeerde” grammatika of ongewone woordkeuses in die doeltaal kon weergee – soms vereis ’n opdrag dat nie-standaard spreekwyses behou moet word. Omdat ’n tolk in situasie van simultane tolking egter bykans onmiddellik die doeltteks moet skep, en nie verskillende opsies tydsaam kan oorweeg nie, is dit egter heelwat moeiliker om te doen, en die kognitiewe kapasiteit om dit te doen, bestaan nie altyd nie.

My onvermoë om aan die opdraggewer se versoek om “verkeerd te tolk/vertaal” te voldoen, illustreer die dinamiese aard van vertaling as komplekse adaptiewe sisteem, wat gekenmerk word deur eenvoudige wette wat tot komplekse gedrag aanleiding gee, en komplekse wette tot eenvoudige gedrag, en waarvan elke element se reëls die ander elemente op ’n dinamiese wyse beïnvloed (Holland, 1992: 21–22). Met ander woorde, dit is maklik om te sê, “doen dit só”, maar heelwat moeiliker, of selfs onmoontlik, om dit uit te voer. In die geval van die navorser wat haar transkripsies wou laat vertaal (én in die geval in *Die vertaalopdrag*), het sy nie eers besef sy gee ’n opdrag wat vir my moeilik sou wees om uit te voer nie. ’n “Korrekte” vertaling is mos moeiliker om uit te voer as ’n foutiewe een, of hoe? Die argument is dat ek, as ek ’n “korrekte” teks wil skep, woorde sal moet opsoek en seker sal moet maak alles is reg; terwyl as ek ’n teks vol foute moet skep, is dit nie nodig op navorsing te doen nie, en my werk is dus makliker.

Volgens ’n funksionalistiese benadering is die verwagting dat die vertaalopdrag besluitneming sal vergemaklik, maar in die geval van *Doelbewuste foute* veroorsaak dit

ander onsekerheid en, veral vir die tolk, stres. Die opdrag om foute oor te dra, neem dus nie die kognitiewe kapasiteit van die vertalers, die professionele standaarde van die profesie, die aard van die tale betrokke, of die realiteit ten opsigte van verbale aanbiedings in ag nie.

Die manier waarop elemente se reëls ander elemente op 'n dinamiese wyse beïnvloed (Holland, 1992: 21–22) hou ook verband met die nie-liniêre aard van 'n komplekse sisteem. Dit is dus nie altyd moontlik om die gevolge van interaksie tussen die elemente te voorspel nie (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 30–31), en die verband is soms paradoksaal. In hierdie geval het dit lagwekkende gevolge. In plaas daarvan dat ek as tolk verlig is omdat daar nie van my verwag word om die doeltteks so korrek, vlot en natuurlik moontlik aan te bied nie ('n uitkoms wat ervaring, deeglike voorbereiding en uiterste konsentrasie vereis), wil ek nou dit nou so goed as wat moontlik is, doen!

Nog 'n faktor wat veroorsaak dat tolke nie besonder gemotiveer is om te probeer om die brontaalspreker se foute te herhaal nie (verwys ook na *Die vertaalopdrag*), is dat die ontvanger van die doeltteks nie besef dat die oorsprong van die foute by die brontaalspreker lê, en nie die gevolg is van die tolk se onvermoë om die boodskap vlot en sinvol oor te dra nie – met ander woorde, die vertaler se professionele trots. Ten spyte van dié trots, besef ek dat 'n vertaler die streep êrens moet trek. Die volgende voorbeeld illustreer die balans wat die vertaler tussen die bron- en doeltteks moet handhaaf.

'n Beter doeltteks

'n Gesiene literêre vertaler het tydens 'n paneelbespreking wat ek onlangs bygewoon het, aangekondig dat die vertaling wat hy skep soms selfs beter as die oorspronklike is. Sommige paneellede en lede van die gehoor was geskok – 'n vertaler mag mos nie die oorspronklike skepping verbeter nie! (As 'n mens daarvoor nadink, is sowel die stelling as die reaksie absurd, want hoe sou ons in elk geval meet hoeveel “beter” 'n vertaalde gedig is?)

In teenstelling, word van 'n teksredigeerder verwag om 'n “beter” teks te skep, en dis relatief maklik om te oordeel of die geredigeerde teks, op 'n sekere vlak, beter is: daar behoort, ten minste, geen spel- of taalfoute te wees nie,

en die inhoud moet sin maak. Ek het egter al aan baie tekste gewerk wat, selfs sonder foute, steeds lomp en onelegant is. Die vraag is, hoeveel werk mag ek doen om, byvoorbeeld, die skryfstyl te verbeter?

Kliënte sal my soms direk vra om die inhoud van 'n verhandeling of tesis oor te skryf om die taal of styl te verbeter, of om plagiaat uit te skakel. En ek wens soms ek kón dit van nuuts af oorskryf – dit sou soms makliker wees om inhoud oor te skryf as om net die magdom foute reg te maak. Ek is egter, veral wanneer ek aan 'n akademiese dokument werk, baie sensitief oor my mandaat as teksredigeerder. Die student se vermoë om idees en argumente te kommunikeer is tog ook een van die elemente van 'n navorsingstudie wat geëvalueer word; die skrywer (as student wat deur hierdie dokument 'n graad wil verwerf) moet self plagiaat vermy, en kan nie dié verantwoordelikheid aan iemand anders (in dié geval, die teksredigeerder) oordra nie.

Die situasie waarin die bronteksskepper en opdraggewer (die kliënt/student) die versoek rig, vind binne 'n komplekse adaptiewe sisteem plaas, weer eens bestaande uit heterogene elemente, wat op verskillende vlakke en in 'n hiërargie gerangskik is (Marais, 2014: 27). Onder die elemente, in hierdie geval, is die bronteksskepper se gebrekkige taalgebruik, sy/haar behoefte om die teks met minimum persoonlike inset “te laat regmaak”, die akademiese instelling se vereistes rakende rapportering van navorsing, en praktiese, persoonlike en etiese oorwegings aan my kant. Die verhoudings tussen die elemente is, verder, kompleks en paradoksaal – met ander woorde, die verhoudings is nie voor die hand liggend nie, en soms teenstrydig. Die student weet, byvoorbeeld, dat plagiaat verbode is, maar weet nie regtig hoe om dit te vermy nie, en die moeite wat dit sal behels, staan teenoor die moontlikheid om vir my te betaal en so die werk met die minste moeite moontlik af te handel.

Ek het hierbo verduidelik hoe ek die opdraggewer uitvra om inligting te bekom om my onsekerheid oor die opdrag te verminder. Dit beteken nie dat die opdraggewer alleen oor die nodige inligting beskik en alleen die gesag het om besluite te maak wat onsekerheid kan verminder nie. In paragraaf 3.5.7 verduidelik ek, aan die hand van Meylaerts (2008:

94, 100–101), dat daar ook van vertalers verwag kan word om keuses te maak oor die manier om 'n opdrag aan te pak. Vertalers moet dikwels self tussen die verskillende verwagtinge van verskillende elemente van die situasie navigeer, en in elke nuwe situasie (nie net elke nuwe opdrag nie) opnuut besluite neem om onsekerhede te hanteer. Soos hierbo genoem, is dit moontlik dat iets onverwags in die situasie gebeur wat die vertaler se strategie op 'n ander trajek plaas (byvoorbeeld, die spreker praat so sag dat ek nie kan hoor nie, of so vinnig dat ek nie kan bybly nie; of 'n geskrewe teks is so omslagtig geskryf dat ek nie kan uitmaak wat die skrywer probeer sê nie, of ek vind iets uit wat met die teks verband hou (byvoorbeeld inligting oor die skrywer se bedoeling), wat veroorsaak dat ek my benadering (strategie) aanpas om sodoende onsekerheid te verminder. (Hierdie aanpassing word genoodsaak deur die verskynsels in die situasie wat ontspring.)

Vertalers het dus ook gesag, of agentskap, en kan die inisiatief neem in die bepaling van vertaalstrategieë of die aanpassing van opdragte sodat onsekerheid oor die uitvoering daarvan verminder kan word. Soms dink ek daar is net twee opsies vir my om onsekerheid, wat keer dat ek met die werk voortgaan, te verminder: 1) òf aanvaar verantwoordelikheid vir besluite, al glo ek nie die besluit is deel van my mandaat is nie; 2) òf weier om die besluit te maak (weens onwilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar), en gaan voort met die werk sonder om die onsekerheid te verminder (met ander woorde, ja of nee, wit of swart). Omdat die komplekse adaptiewe sisteem die idee dat dit deur binêre alternatiewe, soos dié twee opsies, gekenmerk word, verwerp, aanvaar ek die situasie is meer kompleks en veeldimensioneel, en ek hét meer opsies as net dié twee uiterstes. Al die elemente van die situasie beïnvloed my opsies en besluit. Verder hoef my besluit nie finaal te wees nie – ek kan dit later verander. Dis selfs nie noodwendig eers 'n “besluit” nie, maar miskien bloot 'n versigtige en tentatiewe poging om van die bronne van onsekerheid te probeer verminder, en ek kan my werkwyse later weer aanpas, namate die situasie ontvou en ontspring.

Gebrek aan liniariteit in die komplekse situasie impliseer onvoorspelbaarheid, en dit kan beteken dat die rol van vertaalstrategie vir die hantering van onsekerheid verskraal; dit kan selfs beteken dat 'n oorhoofse strategie bloot 'n ideaal is, en in die praktyk selde of hoogstens gedeeltelik geld. Al word 'n strategie aanvanklik aangewend, kan onverwagse

gebeure, of nuwe inligting in die situasie beteken dat die strategie aangepas, of selfs vervang moet word – dit is wat met die eienskap van ontspringing van ’n komplekse adaptiewe sisteem bedoel word.

Die vertaler is dus voortdurend betrokke by die bestuur van ’n vertaalsituasie, om dit op die rand tussen chaos en orde te balanseer. Die adaptiewe aard van die komplekse sisteem, wat aanleiding gee tot die ontspringing van nuwe elemente en nuwe situasies kan vereis dat strategie in elke situasie opnuut, met inagneming van ander elemente in ander verhoudings, aangepas moet word. Ek leer elke dag nuwe dinge, en ek is seker dit is die geval by ander vertalers ook. Elke vertaalervaring in ’n komplekse situasie veroorsaak dat ek op sowel persoonlike as professionele maniere verander (ek kry insig, ek leer nuwe woorde of feite, ek vind uit iets werk/werk nie, ek toets my reserwes van geduld en diplomatie, ek ontdek iets nuut van tegnologie wat my lewe makliker maak, of ek sukkel só met my rekenaar dat ek my na YouTube wend om meer te leer, ek besef ek moet my administratiewe stelsel verfyn of my dienste meer breedvoerig op kwotasies spesifiseer). Net so het elke ander element van die situasie ook ervarings wat die situasie of element verander – ’n aanhoorder se eerste blootstelling aan simultane tolking word anders benader as die tweede of tiende keer; ’n student se eerste ervaring van teksredigering het ’n invloed op toekomstige skryfwerk, ’n opdraggewer pas die manier waarop verhoudings met diensverskaffers bestuur word, na aanleiding van ervarings aan, en die woordelys op my rekenaar is, elke keer wat ek woorde byvoeg, nuttiger as tevore. Torop (1997: 27–28) verwys in dié verband na elke deelnemer aan die situasie se “tekstuele geheue”, en Batten (2011: 313) na “oorsaaklike geskiedenis”, wat weer eens ’n voorbeeld van die adaptiewe aard van die vertaalsituasie is.

Indien die bronteksskepper en opdraggewer nie self besluite neem of optree om die onsekerheid wat deur die verhoudings tussen die elemente veroorsaak word, te verminder nie, word van daardie onsekerheid, en van die verantwoordelikheid om uitsluitsel te gee ten opsigte van onsekerhede, aan die vertaler oorgedra – dit is immers die vertaler wat moet sorg dat die vertaling wel plaasvind en ’n produk geskep word. Die vertaler kan dan, op grond van beskikbare kennis en ervaring van die elemente van dié besondere vertaalsituasie, die verhoudings tussen die elemente ontleed – besluit watter

lê op hoër hiërargiese vlakke, en watter voorkeur moet geniet in die uitvoering van die opdrag. (Paragraaf 3.5.7 verwys na paradigmas ten opsigte van norme wat vertalers se gedrag kan rig.)

Dié optrede van 'n vertaler is in teenstelling met wat Cappelen (2008: 23) die tradisionele idee oor die rol van vertalers noem, naamlik, dat hulle nie die mag het om op 'n kreatiewe wyse te besluit of 'n sekere vertaling korrek is nie. Deesdae moet vertalers al hoe meer standpunt inneem oor kulturele en ideologiese kwessies (Rojo, 2015: 739–740) – dié verwagting impliseer vertalers het agentskap en mag. Tymoczko (2014: 303) stem saam dat vertalers bemaagtig moet word, en dan aanspreeklik is vir hul eie werk en hulle besluite (vergelyk paragraaf 3.5.8).

In sekere gevalle kán die vertaler die onsekerheid terugverwys na die opdraggewer vir hantering – hoewel daar geen waarborg is dat die inligting wat die opdraggewer verskaf, die onsekerheid gaan verminder nie. Die vertaler kan in enige situasie, deur vrae aan die opdraggewer te stel, en van hom/haar te verwag om sekere besluite te maak, in effek, die onsekerheid in die situasie na die opdraggewer terugverwys. Ek het al, veral in gevalle waar ek nie bereid was om die verantwoordelikheid oor te neem nie, die onsekerheid na die opdraggewer verwys vir hantering, en so die verantwoordelikheid om 'n besluit oor een van die bronne van onsekerheid in die situasie te maak, “ontsnap”. In die geval van die narratief *’n Beter doelteks*, kan ek besluit of ek as teksredigeerder bereid is om die student se werk oor te skryf, met verwysing na etiese beginsels – ek glo dié element van die vertaalsituasie is op 'n hoër vlak van die hiërargie, en dus geniet dit voorkeur bo meer basiese oorwegings, soos, ek sal die werk vinniger kan afhandel as ek dit oorskryf as om die foute reg te maak. (Vergelyk Vik-Tuovinen (2011: 303) se kategorisering van etiek as een van die norme wat vertalers se gedrag rig.)

My onsekerheid oor hoe ver 'n vertaler moet gaan om 'n teks oor te skryf (te herskep), is 'n voorbeeld van vertaling wat in 'n komplekse sisteem die verhouding tussen die bron- en doelteks op die rand van chaos handhaaf. In die geval van geskrewe vertaling of tolking, as die vertaler te veel in die rigting van stabiliteit neig, bly die bron- en brontekste te sterk aan mekaar gekoppel (Marais, 2014: 40), en vind die mediasie wat die

vertaalhandeling veronderstel is om tussen die twee kulture betrokke te bewerkstellig, nie plaas nie (Nord, 2010: 121). As die vertaler 'n teks skep wat te ver van stabiliteit af beweeg, word die verhouding tussen die twee tekste al hoe flouër, totdat dit as twee afsonderlike tekste bestaan. In die geval van teksredigering, waar die geredigeerde (gecorrigeerde) teks as die doelteks dien, het die redigeerder die moeilike verantwoordelikheid om te weet wanneer om op te hou “verbeter” aan die teks. Van de Poel et al. verklaar dat 'n redigeerder nie die teks moet oorskryf nie (2012: 264), en dat elke teks sy eie karakter het, wat nie verander moet word nie (2012: 273). Aangesien die “karakter” van 'n teks moeilik in besonderhede gespesifiseer kan word – dié skrywers verwys net na twee breë kategorieë met 'n aantal onderafdelings (2012: 518–519, verwys paragraaf 3.5.4, en besprekings oor tekstipes in hierdie paragraaf), en na register, wat volgens hulle, deels deur styl bepaal word (2012: 405) – word dit aan die redigeerder se oordeel oorgelaat om die balans tussen stabiliteit (of ewilibrum) en chaos te bepaal en te handhaaf.

Tegniese of gespesialiseerde tekste veroorsaak dikwels onsekerheid by vertalers. Die ideaal sou seker wees dat vertalers hulle beperk tot werk in spesifieke velde, sodat hulle kennis van vakspesifieke terminologie en werkwyses opdoen, en daardeur kundiges in sekere velde word – dié benadering behoort minder onsekerheid te veroorsaak.

Spesialis of algemene deskundige

As vryskut taalpraktisyn is dit vir my moeilik om werk van die hand te wys – selfs al is die teks in 'n veld waarvan ek nie veel kennis of ervaring het nie, of in 'n veld waarin ek, ten spyte van ervaring en goeie hulpbronne, nooit 'n kundige sal wees nie, soos mediese or regstekste – en ek vermoed my kollegas gaan ook so te werk. As die werk vertaling of teksredigering is, is vreemde terminologie of skryfwyses nie so 'n groot probleem nie. Ek het immers toegang tot 'n magdom gedrukte en elektroniese hulpbronne, en na jare se ervaring en betrokkenheid by 'n verskeidenheid instansies weet ek waar ek kundiges kan opspoor om persoonlik, aanlyn of telefonies te raadpleeg.

In die geval van simultane tolking is die kans egter groot dat moeilike of vreemde terminologie kan veroorsaak dat die tolk glad nie kan presteer nie, en die kommunikasiedoel van die vertaalsituasie in die wiele gery word. In my groepie kollegas weet ons al wie tolk graag watter dissiplines, en wie het ervaring van sekere onderwerpe, en is ons bereid om terug te staan vir die tolk met relatiewe kundigheid. Na herhaalde blootstelling aan sekere inhoud, sekere lokale en sekere sprekers en ontvangers, vind ek en my kollegas die werk al hoe makliker.

In vergelyking met geskrewe vertaling, is ons as tolke nie naastenby so bereid om risiko's met moeilike tekste te neem nie – dit wil sê, om 'n opdrag te aanvaar wat ons weet besonder moeilik sal wees nie – en ons gebruik strategieë om die risiko te beperk. Die aard van tolking maak dit selfs vir my moontlik om probleme te vermy (eerder as om 'n strategie aan te wend om die probleem te konfronteer), al is ek midde die situasie. As ek by die provinsiale wetgewer tolk, weet my kollegas dat ek sukkel met 'n sekere spreker se aanbiedingstyl én onderwerp, en dit is gewoonlik moontlik om die beurte so te skik dat ek gedurende dié toespraak as hulptolk diens doen.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die tegniese aard van die teksinhoud onsekerheid kan veroorsaak, dat daar maniere is om hierdie onsekerheid te verminder, en dat een van die maniere is om 'n verskeidenheid hulpbronne te raadpleeg. In paragraaf 3.5.3 bespreek ek Baker (2011) se uiteensetting van 'n hiërargie van vlakke waarop onsekerheid in vertaling kan voorkom. Onsekerheid wat 'n vertaler op die laer vlakke, vanaf die vlak van woorde tot by kohesie, ervaar, kan relatief maklik opgelos word deur verwysing tot hulpbronne, soos woordeboeke.

Die inherente beperkings in die situasie van simultane tolking veroorsaak egter unieke probleme wat nie op dieselfde manier as probleme met geskrewe tekste opgelos kan word nie. Way (2016: 1023) bevestig dat probleme wat met kompleksiteit verband hou meer algemeen in tolking as in geskrewe vertaling voorkom. Tolke moet grootliks op voorafkennis en ervaring reken om die uitdagings wat tegniese terminologie stel, te

hanteer. Ek hou daarvan om vir 'n aanbieding voor te berei – dit is 'n goeie manier om onsekerheid te verminder. Die doelteks moet wel dadelik op die bronteks volg, maar as ek vooraf deur toepaslike voorbereidende materiaal kon werk (in die geval van 'n akademiese aanbieding, byvoorbeeld die studiegids of handboek, of die geskrewe weergawe van toespraak wat in 'n politieke forum aangebied gaan word), is die tolktaak heelwat makliker (vergelyk Zhong (2005) se beskrywing van hoe hy voorberei het om by 'n kongres te tolk). Gedurende die aanbieding self kan ek gewoonlik na skyfies op 'n skerm verwys, of na die papierweergawe van die teks – dit is veral hier waar die tolkmaat van hulp kan wees deur as't ware as 'n souffleur op te tree. Daarby vergemaklik ervaring tolking van selfs hoogs tegniese inhoud. Tolke stel ook oor tyd terminologielyste saam, en werk uit hoe om ander potensiële probleme te hanteer. Maar, wanneer ek binne-in die vertaalsituasie staan, is dit moeilik, indien nie onmoontlik nie, om na meer as die basiese hulpbronne (in dié geval 'n woordeboek toepassing op my foon (*app*), my eie terminologielyste, en 'n tolkmaat) te verwys.

Ek vermoed dat situasies soos dié tolke geen ander keuse laat as om intuïtief en instinktief te handel, en om 'n sprong wat die kenmerke van abduksie het te maak om die onsekerhede in die vertaalproses, bykans onmiddellik, in die geval van tolking, te probeer verminder nie. In situasies waar nòg deduksie (bepaling van wat moet wees) nòg induksie (bepaling van wat waarlik is) die onsekerheid uit die weg kan ruim, word abduksie aangewend om vir die vertaler 'n idee te gee van wat kan wees (paragraaf 3.2, Robinson, 2003: 87–88; Harris, 2011: 293; Robinson, 2015: 16). In 'n liniêre sisteem sou abduksie waarskynlik nie aanvaarbare oplossings oplewer nie, maar as ons aanvaar dat die sisteem kompleks is, prosesse nie volgens logiese stappe vorder nie, en uitkomst nie voorspelbaar is nie, kan abduksie gebruik word om onsekerheid aan te spreek.

Way (2016: 1041) beweer dat vertalers se hoofrol dié van sosiale agente is, omdat hulle sentrale figure is wat in sosiale kontekste werk om kommunikasie tussen mense te bewerkstellig. As dit die geval is, is onsekerheid oor terminologie nie 'n besondere belangrike bron van onsekerheid nie. Met ander woorde, dit maak nie saak of ek 'n spesialis in 'n sekere veld is nie; spesialiservaring kan help dat ek 'n opdrag makliker, of vinniger, of met meer vertroue afhandel (vergelyk Way (2016: 1020) oor vertalers se

gebrek aan vertrouwe weens gebrek aan ervaring), maar as ek toegang het tot die nodige hulpbronne, behoort ek die werk te kan doen. Marais (2014: 108–109) verduidelik hoe die sosiale werklikheid uit die semiotiese interaksies tussen mense ontspring. Semiotiese vertaling ontspring uit die interaksies tussen mense wat nie mekaar se tale kan verstaan nie. Volgens kompleksiteitsdenke kan dié semiotiese vertaling nie deur die dele waaruit dit saamgestel word, afgelei word nie, het dit nuwe eienskappe wat nie in die samestellende dele bestaan nie, en het dit 'n afwaartse oorsaaklike effek op hierdie eienskappe (Marais, 2014: 56, 110–111).

Die voorbeelde wat ek in dié afdeling aangebied het, illustreer hoe funksionalisme en kompleksiteitsdenke as raamwerk kan dien vir 'n ontleding van die manier waarop ek onsekerheid in die vertaalsituasie probeer verminder. Albei teoretiese benaderings het my gehelp om die vertaalsituasie beter te verstaan, en dus die bronne van onsekerheid te identifiseer. Deur refleksie het ek my reaksies op die bronne van onsekerheid uitgepluis, in 'n poging om die navorsingsvraag en subvrae te beantwoord.

5.3 GEVOLGTREKKING

Uit die bogenoemde ontleding van die outo-etnografiese data betreffende die praktiese realiteit wat vertalers konfronteer, is dit duidelik dat kompleksiteitsdenke 'n sinvolle benadering bied om die ingewikkeldheid van die vertaalsituasie te verduidelik, en om die subvrae, en uiteindelik, die navorsingsvraag van dié studie, te beantwoord.

Dit blyk dat funksionalisme onsekerheid wat 'n vertaler ervaar, hoogstens gedeeltelik uit die weg kan ruim – die doel van 'n sekere opdrag word dikwels op grond van gebrekkige inligting bepaal, en neem nie die dinamiese, nie-liniêre, oop, adaptiewe aard van 'n sisteem wat uit heterogene elemente bestaan en deur ontspringing gekenmerk word, in ag nie. 'n Vertaalopdrag verskaf, byvoorbeeld, inligting aan vertalers oor *wat* hulle moet doen, maar nie gee nie rigting ten opsigte van die strategie wat aangewend moet word nie – boonop blyk dit dat die toepassing van 'n enkele, vaste oorkoepelende strategie kwalik in 'n komplekse omgewing sinvol sal wees. Way (2016: 1011) verklaar dat vertaalteorie strategieë voorstel, maar dat die finale besluit deur die vertaler gemaak word – 'n menslike wese wat op grond van ervaring en kundigheid kan en moet besluite maak.

Die realiteit is dat nòg opdraggewers, nòg vertalers, nòg ander elemente van die sisteem noodwendig oorweging skenk aan (of enigsins bewus is van) die manier waarop 'n komplekse sisteem aaneenskakel en werk. Oor die algemeen is elke element net op sy eie behoeftes en agenda gerig, soos die volgende narratief illustreer.

Nie bevoeg nie

Ek was uiters teleurgesteld toe ek 'n professionele vereniging se toets vir akkreditasie as vertaler drui. Die toets bestaan uit 'n aantal verskillende tekste: 'n brief, 'n mediaberig, ensomeer. Toe ek in die terugvoering lees wat die rede vir my mislukking was, was ek verstom (en kwaad). Die gevolgtrekking was dat ek te vry vertaal, want, "die beste vertaling is 'n letterlike vertaling".

Dié terugvoer sê vir my dat nie alle vertalers, en selfs, in hierdie geval, die liggaam wat veronderstel is om te verseker dat vertalers bevoeg is, op hoogte is met nuwe denke oor die teorie en praktyk van vertaling nie. Meer as 50 jaar nadat Reiss in 1971 onderskeid getref het tussen tekstipe en vertaalmetode (Nord, 2010: 121), gee vertalers steeds voorkeur aan 'n benadering tot vertaling wat nie hedendaagse tendense en die bevindinge van 'n magdom navorsing oor vertaling en die omgewing waarbinne die plaasvind, in ag neem nie. Die opdrag in *Die vertaalopdrag* (waaroor ek so krities is), het ten minste 'n poging aangewend om ván die kompleksiteit van die omgewing – soos die maatskaplike omgewing en die nodigheid vir geregtigheid – by die vertaalopdrag te inkorporeer. Dit dui vir my op 'n bewustheid by die opdraggewer dat vertaling nie in isolasie plaasvind nie, in teenstelling met 'n opdraggewer wat op 'n allesdekkende wyse verklaar dat 'n letterlike benadering tot vertaling nodig is.

Ek erken dat so 'n eensydige opdrag baie van die onsekerheid wat die vertaler ervaar, uit die weg ruim. Ek bevraagteken egter ook die waarde van so 'n vertaling, wat nie enigsins die behoeftes van die ander elemente in die omgewing in ag neem nie.

In hoofstuk 6 sal ek die gevolgtrekkings van die studie aan die hand van die navorsingsvraag en subvrae aanbied, en aanbevelings maak vir verdere studies wat op dié een voortbou.

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS

6.1 INLEIDING

Holmes (1972: 71) stel voor dat die veld van vertaalstudie twee hoofdoelwitte het. Die eerste is om die verskynsel van vertaling, en die manier waarop die verskynsel in die wêreld van ons ervarings manifesteer, te beskryf. Die ander doel is om beginsels te identifiseer waardeur vertaalverskynsels verduidelik en voorspel kan word. Die doel van hierdie studie was om te ondersoek hoe vertalers besluite neem as hulle deur onsekerheid in 'n komplekse omgewing gekonfronteer word. My vertrekpunt was dat 'n tradisionele, reduksionistiese benadering, wat gebaseer is op 'n tradisionele, positivistiese siening van die wetenskap, nie die aard van die verskynsels van vertaling, óf die werklikheid waarin vertaling plaasvind, volledig kan verduidelik nie, en dus ook nie omvattende en geldige verklarings sal kan bied vir die manier waarop vertalers besluite neem om onsekerheid in 'n vertaalsituasie te probeer verminder nie.

Tymoczko (2014: 3–4) stel voor dat vertaalteoretici opnuut dink oor die fundamentele aannames van die dissipline van vertaling. Sy stel voor dat ons wegbeweeg van 'n eensydig Westerse benadering tot die veld, en dat ons aanvaar dat die werklikheid nie net aan die hand van tradisionele idees oor die wetenskap verduidelik kan word nie. Marais (2013) kom tot die gevolgtrekking dat die vertaalproses 'n besonder ingewikkelde proses is wat deur teenstrydighede gekenmerk word en in 'n komplekse omgewing plaasvind, en hy stel voor dat die filosofiese benadering van kompleksiteitsdenke op vertaling toegepas kan word in 'n poging om dit te beskryf en ontleed. Hy stel dat liniêre logika nie voldoende is om, onder meer, die ingewikkeldheid van die proses, of die verskeidenheid gevolge van elke handeling, of die kultureel-bepaalde verskynsels wat by vertaling betrokke is, te verduidelik nie.

Kompleksiteitsdenke probeer al vir meer as 'n eeu om die ingewikkeldheid van die realiteit weer te gee (Marais, 2014: 17, 114), en ondersoek die spanning tussen die universele en die spesifieke, die dele en die geheel en die veranderlike en die konstante. Volgens Larsen-Freeman en Cameron (2008: 1–2) verwys kompleksiteit na meer as ingewikkeldheid, en ook na die interaksie tussen elemente van die sisteem, dat gebeure nie liniêr

plaasvind nie, dat die verband tussen oorsaak en gevolg nie voor die hand liggend is nie, dat besluite nie op binêre opsies gebaseer is nie, dat sisteme dinamies is en dat nuwe verskynsels voortdurend uit interaksie ontspring.

Tesame met kompleksiteitsdenke, het ek die beginsels van funksionalisme toegepas om te bepaal wat vertalers se besluitneming rig. Ek het hierdie twee teoretiese benaderings tot vertaling in hoofstuk 2 bespreek. In hoofstuk 3 het ek oor 'n literatuurstudie wat ek uitgevoer het om te bevestig dat vertaling 'n uiters komplekse verskynsel is, gerapporteer.

Die data wat ek in hoofstuk 5 aangebied het om die bronne van onsekerheid in die vertaalomgewing te ondersoek, is deur middel van 'n outo-etnografiese benadering ingesamel. Die data is dus op my eie ervarings as taalpraktisyn gebaseer, en ek het dit aan die hand van sowel die teoretiese onderbou en die literatuurstudie ontleed. My motivering vir die gebruik van dié navorsingsmetode word volledig in hoofstuk 4 bespreek.

Vervolgens rapporteer ek die belangrikste gevolgtrekkings wat ek na aanleiding van die bespreking van die data maak. Die doel hiermee is om antwoorde te vind op die navorsingsvraag, naamlik, hoe neem vertalers besluite wanneer hulle deur onsekerheid gekonfronteer word in 'n komplekse omgewing?

Die drie subvrae wat deel vorm van die studie se navorsingsvraag is soos volg:

- Wat is die bronne van kompleksiteit wat veroorsaak dat die vertaler onsekerheid ervaar?
- Watter faktore beïnvloed die besluite wat 'n vertaler neem ten einde hierdie onsekerheid aan te spreek?
- In die teenwoordigheid van onsekerheid en in 'n komplekse omgewing, hoe bestuur 'n vertaler kompleksiteit ten einde besluite te neem?

6.2 GEVOLGTREKKINGS

Reeds gedurende die literatuurstudie kon ek die gevolgtrekking bereik dat vertaling 'n uiters komplekse proses is, wat deur moeilike besluite gekenmerk word. As 'n mens op 'n oppervlakkige manier na die vertaalsituasie kyk, hou die eerste oorsaak van onsekerheid verband met die dekodering van linguistiese stelsel, dit wil sê, onsekerheid op die laer vlakke van Baker (2011) se tipologie: op woordvlak, en die vlakke van grammatika en inligtingstrukture (verwys na paragraaf 3.5.3). In hoofstuk 5 bespreek ek dat onsekerheid selfs verder as Baker se hoërvlakkwessies, naamlik, kohesie en pragmatiek, strek, en veroorsaak word deur kwessies wat, a) veronderstel is om onsekerheid te verminder (byvoorbeeld die doel van die vertaling), en b) net indirek met die vertaalsituasie verband hou (byvoorbeeld die maatskaplike konteks), en dat hierdie onsekerheid nie so maklik opgelos kan word deur na woordeboeke of ander hulpbronne te verwys nie.

Dié eienskappe van komplekse adaptiewe sisteme wat ek as riglyn vir die bespreking in hoofstuk 5 gebruik het, is dat komplekse adaptiewe sisteme: a) bestaan uit heterogene elemente; b) dinamies is; c) se gedrag nie liniêr is nie; d) oop sisteme is; en e) adaptief is en deur ontspringing gekenmerk word. (Larsen-Freeman & Cameron, 2008: 29–36; Five Graces Group, 2009; Marais, 2014: 28–43). Die voorbeelde wat ek in hoofstuk 5 gegee het van situasies wat ek as vertaler, tolk of teksredigeerder moes hanteer, en gekenmerk was deur onsekerheid, het na al hierdie eienskappe verwys.

Ek bied eerstens gevolgtrekkings aan oor die bronne van kompleksiteit wat hoërvlakonsekerhede veroorsaak, en die faktore wat vertalers in ag moet neem wanneer hulle probeer om die onsekerheid te verminder. Ek verwys ook kortliks na maniere waarop vertalers kompleksiteit kan probeer bestuur ten einde onsekerheid te verminder. My gevolgtrekkings is dus soos volg.

Die bydrae wat die funksionalistiese benadering kan maak om onsekerheid uit te skakel, is beperk. Die idee is dat, as die vertaalopdrag die doel van die vertaling (waaronder inligting oor die tekstipe (Nord, 1997: 37–38, vergelyk paragraaf 3.5.4), en voorskrifte soos die mate van ekwivalensie (Nord, 1997: 34–35, paragraaf 2.3.5) en tipe

vertaling (Nord, 1997: 47–50) wat vereis word) uitspel, die vertaler minder onsekerheid sal ervaar. Dit is waar dat inligting oor die doel sekere onsekerheid wat die vertaler ervaar, kan verminder – inligting oor die doel is gewoonlik een van die faktore wat besluite oor die vermindering van onsekerheid beïnvloed. Elke vertaalsituasie is uniek, en bevat 'n verskeidenheid bronne van onsekerheid; die rol van elke bron in die veroorsaking of vermindering van onsekerheid speel, wissel ook namate die vertaalopdrag vorder.

My analise toon dat inligting oor die doel van die vertaling nie altyd alle onsekerheid uitskakel nie (nie alle onsekerheid wat die vertaler ervaar, handel oor die doel nie) en, in sommige gevalle, kan inligting oor die doel selfs onsekerheid veroorsaak. Ek bevraagteken ook of onkritiese aanvaarding van die doel soos in die vertaalopdrag vervat, altyd 'n sinvolle vertaling tot gevolg sal hê. Dit kan gebeur dat 'n vertaalopdrag 'n doel spesifiseer wat veroorsaak dat die vertaler nuwe onsekerheid ervaar, oor *hoe* om hierdie spesifieke doel te bereik. Indien 'n vertaler, weens die een of ander rede, nie die opdrag kan of wil uitvoer nie, gee die doel ook aanleiding tot onsekerheid oor hoe om die opdrag te hanteer. As 'n mens in ag neem dat vertaling nie in 'n geslote sisteem plaasvind nie, is dit duidelik dat die doel van die opdrag net een van die bronne van onsekerheid is. Dus kan funksionalisme net gedeeltelik help om onsekerheid uit te skakel.

Elkeen van die eienskappe van komplekse adaptiewe sisteme kan gesamentlik en afsonderlik onsekerheid by die vertaler veroorsaak. Volgens kompleksiteitsdenke vind vertaling nie in isolasie plaas nie, maar binne 'n komplekse adaptiewe sisteem (en die verskynsel van vertaling, op sy beurt, verteenwoordig self 'n komplekse adaptiewe sisteem). Weens die aard van 'n sisteem is dit nie juis moontlik om die afsonderlike invloede van die elemente van die sisteem op die vertaalsituasie te isoleer nie. Dit is waarskynlik waarom inligting oor die doel, alleen, nie alle onsekerheid uitskakel nie. Omdat die oorsprong van die onsekerheid veeldimensioneel is, is dit moeilik vir die vertaler om 'n geteikende oplossing of strategie te ontwikkel om onsekerheid te verminder, en weens die dinamiese, ontspringende aard van die sisteme, is die leeftyd van enige oplossing waarskynlik beperk.

In 'n komplekse sisteem is die gevolge van besluitneming en gedrag ook kenmerkend van die sisteem. Indien vertalers bewus is van die wyse waarop 'n komplekse adaptiewe sisteem funksioneer, sal dit hulle help om die faktore wat op verskillende stadiums van die uitvoering van die opdrag by besluitneming in gedagte gehou moet word, te identifiseer. Selfs met kennis van, en juis weens die aard van die sisteem, kan die sukses van strategieë om onsekerheid te verminder nie gewaarborg word nie – indien vertalers geensins die unieke aard van die sisteem in ag neem nie, sal die waarde van strategieë waarskynlik nog meer beperk wees.

Die antwoord op die vraag oor die faktore wat 'n vertaler se besluitneming met die oog op die vermindering van onsekerheid beïnvloed, hou verband met die interverhoudings tussen die vele oorsake van die onsekerheid. Besluite word, bewustelik en onbewustelik, gerug deur die inter-interaksies van die sisteme en subsisteme wat verband hou met elkeen van die faktore betrokke by die situasie. In elke situasie word besluite deur 'n ander netwerk van faktore beïnvloed, en die invloed van sekere faktore varieer selfs gedurende 'n sekere vertaalopdrag, namate die situasie weens ontspringing verander.

Weens die dinamiese aard van die komplekse adaptiewe sisteem, sal vertalers verder voortdurend hulle strategieë moet aanpas namate die omgewing verander, en waarskynlik vrede moet maak met die teenwoordigheid van wisselende vlakke van ongedefinieerde onsekerheid in elke situasie. Dié werkwyse sal verdere ongemak en onsekerheid by sommige vertalers veroorsaak. Die vermoë en gewilligheid om hierdie onsekerheid te hanteer, kan beïnvloed word deur, onder meer, die vertaler se persoonlikheidsingesteldheid, kennis (en opleiding) en ervaring, en dié faktore speel 'n rol in besluite oor hoe om onsekerheid te verminder. Meganismes om onsekerheid te hanteer kan varieer volgens die oorsaak van die onsekerheid wat die vertaler ervaar, en van een vertaler na 'n ander, en kan vermyding van die opdrag, en kommunikasie met rolspelers en die opdraggewer insluit.

Die vertaler het agentskap ten opsigte van besluite oor die manier waarop 'n vertaalopdrag uitgevoer kan word. Hoewel die tradisionele idee is dat die opdraggewer die persoon met die gesag en mag in die situasie is, en die vertaler bloot die opdrag

uitvoer, het die analise my laat besef dat die verhouding meer kompleks is. Opdraggewers het selde spesialiskennis van die praktyk van vertaling, en kan nie altyd uitsluitel gee oor vroe wat onsekerheid by die vertaler veroorsaak nie. Dit word dikwels aan die vertaler oorgelaat om self tussen alternatiewe opsies vir optrede te navigeer, en om grond van eie inligting, insig en aanleg besluite te neem. Om dié agentskap met verantwoordelikheid te beoefen, vereis van 'n vertaler meer as as blote tweetaligheid, maar insig in die totale konteks en situasie van die vertaalopdrag, en die rolle van alle aspekte wat die situasie beïnvloed. Hiermee impliseer ek dat die antwoord op die derde subvraag is dat vertalers die agentskap wat hulle het ten opsigte van besluite om onsekerheid te verminder, moet aanwend.

Hierdie studie het vir my gewys dat die rol van die vertaler baie meer omvattend is, en dat die omgewing waarbinne vertalers werk, baie meer ingewikkeld is as wat ek besef het. Ek is gedwing om van my stereotipiese idees oor die rol en werkwyse van vertalers te hersien. Een van dié idees is dat sekere aspekte van my persoonlikheid, soos ekstraversie, nie optimaal is vir 'n rol wat vereis dat 'n mens in isolasie werk om 'n teks te skep nie. Dié tradisionele beeld van die vertaler stem egter nie juis ooreen met die idee dat 'n vertaler binne 'n oop, dinamiese en interaktiewe omgewing moet werk nie. Ek is nou oortuig dat 'n vertaler met dinamiese interaksie, relatiewe onsekerheid, vloeibaarheid, paradoks en variasie tussen chaos en stabiliteit – die kenmerke van komplekse adaptiewe sisteme – behoort te kan saamleef, en ekstraversie kan in dié verband 'n positiewe bydrae lewer. Ek glo dat alle vertalers oor sekere aspekte van 'n opdrag ongemak en onsekerheid ervaar wanneer hulle deur kompleksiteit gekonfronteer word, en dat elkeen op unieke maniere op dié onsekerheid reageer, met inagneming van ander faktore wat binne en buite die vertaler geleë is, en na aanleiding van praktiese oorwegings.

6.3 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Die doel van die studie was om te bepaal hoe vertalers besluite neem wanneer hulle deur onsekerheid gekonfronteer word. Ek het die ondersoek ingestel na die elemente in die

omgewing waarbinne vertaling plaasvind wat veroorsaak dat die omgewing as kompleks beskryf kan word, en daardeur onsekerheid by vertalers veroorsaak. Dit het, namate die studie gevorder het, vir my duidelik geword dat dié elemente van diverse oorsprong en aard is, en op verskillende vlakke van abstraksie bestaan. Ek kan nie beweer dat ek volledig oor al die interverhoudings tussen die elemente, en tussen die elemente en die vertaalproses, gerapporteer het nie, aangesien die omvang en aard van die verhoudings te kompleks en dinamies is vir volledige beskrywing in 'n studie van hierdie omvang.

Omdat die ingewikkeldheid van die verhoudings tussen elemente van 'n vertaalsituasie so 'n belangrike aspek van kompleksiteitsdenke se beskrywing van die realiteit is, behoort 'n deeglike ondersoek na hierdie verhoudings, spesifiek met verwysing tot die situasie waarin vertaling plaasvind, sinvolle inligting op te lewer om die verskynsel van vertaling beter te verstaan, en vir vertalers rigting te gee oor die manier waarop besluite geneem kan word om onsekerheid te verminder.

Aangesien veralgemening van bevindinge nie met hierdie tipe studie moontlik is nie, kan dit sinvol wees om te bepaal of ander vertalers soortgelyke ervarings en standpunte het, of om vas te stel of die kompleksiteit van die omgewing veroorsaak dat elke situasie deur 'n ander vertaler as uniek geïnterpreteer word, en die gevolgtrekkings van dié studie enigsins herhaal kan word. Die manier waarop data in toekomstige studies wat 'n diepteondersoek na kompleksiteit in die vertaalsituasie doen, ingesamel word, moet versigtig oorweeg word, om te verseker dat dit getrou is aan kompleksiteitsdenke se filosofiese benadering tot die wetenskap.

Die beskrywing van die omgewing waarbinne vertalers moet werk wat uit kompleksiteitsdenke afgelei kan word, verskil grootliks van tradisionele idees van hoe vertalers werk. Ek stel dus voor dat ondersoek ingestel word na faktore binne die vertaler (soos persoonlikheidstipe), wat kan bepaal watter aanlegte en vaardighede vertalers sal help om die uitdagings wat die omgewing as 'n komplekse adaptiewe sisteem bied, te hanteer.

Die data van dié studie verwys na die ervarings van 'n enkele vertaler – my eie. Ek is steeds oortuig dat die outo-etnografiese benadering geldige en geloofwaardige data

gelewer het. Ek beveel aan dat verdere navorsing oor dié tipe analise wat van ander metodes gebruik maak om data in te samel (soos onderhoude of vraelyste) in ag neem dat dit eers na diepe refleksie vir my moontlik was om 'n ontleding van die vertaalsituasie te doen. Deelnemers aan toekomstige studies sal waarskynlik ook die kans gegun moet word om na te dink oor hul menings, voordat hulle kan terugrapporteer.

Vertaling is 'n wye veld, en ek het noodwendig net aan die tipes vertaling waarby ek betrokke is, aandag geskenk. Ek stel voor dat ander onderafdelings aan 'n soortgelyke ondersoek onderwerp word, byvoorbeeld gemeenskapstolking, of literêre vertaling.

6.4 SLOT

Hierdie studie het, deur middel van die ontleding van outo-etnografiese data, ondersoek ingestel na die wyse waarop vertalers wat deur onsekerheid gekonfronteer word, besluite neem. Deur die toepassing van die funksionalistiese benadering tot vertaling, en kompleksiteitsdenke, het ek sekere gevolgtrekkings bereik oor die bronne van kompleksiteit, die faktore wat vertalers se besluite beïnvloed, en hoe vertalers die kompleksiteit van die omgewing en die doel van die vertaling bestuur om besluite te neem.

Hoewel sommige definisies van vertaling impliseer dat dit 'n eenvoudige proses is wat behels dat 'n boodskap van een taal na 'n ander oorgedra word deur middel van 'n liniêre proses van, 1) begryp die oorspronklike boodskap; 2) dra die betekenis van die oorspronklike boodskap oor na 'n ander taal; en 3) skep 'n boodskap in 'n nuwe taal (Chesterman, 2011: 1), het ek deur hierdie studie besef dat vertaling 'n uiters komplekse proses is. Dit word deur 'n groot verskeidenheid faktore beïnvloed, en vind binne 'n situasie plaas wat kenmerkend is van 'n komplekse adaptiewe sisteem (Five Graces Group, 2009: 2). Die paradoksale aard van die komplekse sisteem is ook hier ter sprake: die eienskappe van die sisteem wat tot onsekerheid aanleiding gee, kan ook 'n rol speel in die hantering daarvan. As 'n vertaler bewus is van die aard van komplekse sisteme, kan die eienskappe gebruik word om die situasie te bestuur.

Ek het in paragraaf 5.2, in die narratief *Nie bevoeg nie*, vertel hoe ek nie 'n vertaal-akkreditasietoets kon slaag nie, omdat my doelteks nie naby genoeg aan die bronteks was nie. Na hierdie studie is my kans om die vertaaltoets te slaag, waarskynlik nóg skraler. Ek twyfel of dit vir my moontlik sal wees om terug te keer na die dae voor ek van funksionalisme, of van kompleksiteitsdenke, geleer het, en om 'n vertaling te doen wat nie die kompleksiteit van die vertaalverskynsel in ag neem nie.

Dit was vir my 'n waardevolle en insiggewende ervaring om vertaling teen die agtergrond van kompleksiteitsdenke te ondersoek, en ek glo dié filosofiese benadering kan met vrug toegepas word om die onsekerheid in die vertaalproses te verstaan en te verminder.

VERWYSINGS

- Abdulla, A. 1994. The translation of style. In *Language, discourse, and translation in the West and Middle East*. R. De Beaugrande, A. Shunnaq, & M.H. Heliel, Eds. (Benjamins Translation Library No. 7). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 65–72.
- AIIC (International Association of Conference Interpreters). 2014. *Interpreting explained*. Available: //aiic.net/page/6771 [2017, September 25].
- Aleksandrova, E. & Schwartz, N. 2013. Linguistic joke translation strategies and methods. *Studii de Știință și Cultură*. 9(2).
- Amirian, Z. & Baghiat, M.J. 2013. Uncertainty and uncertainty management: The metacognitive state of problem-solving of professional (experienced) translators and students of translation studies. *International Journal of English Language and Translation Studies*. 1(2):223–242.
- Angelone, E. 2010. Uncertainty, uncertainty management, and metacognitive problem solving in the translation task. In *Translation and Cognition*. G.M. Shreve & E. Angelone, Eds. (American Translators Association Scholarly Monograph Series No. XV). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 17–40.
- Angelone, E. & Shreve, G.M. 2011. Uncertainty management, metacognitive bundling in problem solving and translation quality. In *Cognitive explorations of translation*. S. O'Brien, Ed. (Continuum Studies of Translation). London: Continuum. 108–130.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The practice of social research*. South African ed. Oxford: Oxford University Press.
- Baghdadi, A. 2017. Language acquisition socialization: Sociocognitive and complexity theory perspectives. *International Journal of Language Studies*. 11(1):1–22.
- Băiaș, C.C. 2014. The autoethnographic method—an alternative in communication. *Professional Communication and Translation Studies*. 23–30.
- Baker, M. 2011. *In other words. A coursebook on translation*. 2nd ed. London: Routledge.

- Barik, H.C. 1973. Simultaneous interpretation: Temporal and quantitative data. *Language and Speech*. 16(3):237–270.
- Barnham, C. 2016. Quantitative and qualitative research: perceptual foundations. *International Journal of Market Research*. 57(6):837–854. DOI: 10.2501/IJMR-2015-070.
- Bartłomiejczyk, M. 2006. Strategies of simultaneous interpreting and directionality. *Interpreting: International Journal of Research & Practice in Interpreting*. 8(2):149–174.
- Bassnett, S. 2013. *Translation studies*. 4th ed. Routledge.
- Basson, C.S. 2002. 'n Funksonalistiese benadering tot Bybelvertaling. MPhil. Stellenbosch University. Available: <http://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/52954> [2017, September 05].
- Batten, D.F. 2011. Plasticity and causal history in complex adaptive systems: The case of the human brain. *Information Knowledge Systems Management*. 10(1–4):313–333.
- Bayer-Hohenwarter, G. 2013. Triangulating translational creativity scores. A methodological study in translation process research. In *Tracks and treks in translation studies: Selected papers from the EST congress, Leuven 2010*. C. Way, S. Vandepitte, R. Meylaerts, & M. Bartłomiejczyk, Eds. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 63–85.
- Bolaños-Medina, A. 2014. Self-efficacy in translation. *Translation and Interpreting Studies*. 9(2):197–218. DOI: 10.1075/tis.9.2.03bol.
- Bolaños-Medina, A. 2015. La tolerancia a la ambigüedad y los procesos cognitivos del traductor. *Babel*. 61(2):147–169.
- Bontempo, K., Napier, J., Hayes, L. & Brashear, V. 2014. Does personality matter? An international study of sign language interpreter disposition. *The International Journal for Translation & Interpreting Research*. 6(1):23–46. DOI: ti.106201.2014.a02.
- Bouchon-Meunier, B., Magdalena, L., Ojeda-Aciego, M., Verdegay, J.-L. & Yager, R.R. 2010. *Foundations of reasoning under uncertainty*. Berlin: Springer.

- Capone, A., Lo Piparo, F.L. & Carapezza, M. Eds. 2013. Introduction. In *Perspectives on pragmatics and philosophy*. A. Capone, F. Lo Piparo, & M. Carapezza, Eds. Switzerland: Springer Science & Business Media. xi–xvii.
- Cappelen, H. 2008. The creative interpreter: content relativism and assertion. *Philosophical Perspectives*. 22:23–46.
- Catford, J.C. 1965. *A linguistic theory of translation. An essay in applied linguistics*. V. 31. (Language and Language Learning). London: Oxford University Press.
- Chandler, H. 2008. Practical skills for video game translators. *MultiLingual*. 19(7):34–37.
- Chang, C. 2005. Directionality in Chinese/English simultaneous interpreting: Impact on performance and strategy use. DPhil. University of Texas. Available: <http://0-search.proquest.com.wagtail.ufs.ac.za/pqdtglobal/docview/305382904/fulltextPDF/528D2E72B8684B55PQ/1?accountid=17207> [2015, August 23].
- Chang, H. 2008. *Autoethnography as method*. (Developing Qualitative Inquiry No. 1). Walnut Creek, CA: Left Coast Press.
- Chang, H. 2011. Autoethnography as method for spirituality research in the academy. In *Spirituality in higher education: Autoethnographies*. H. Chang & D. Boyd, Eds. Walnut Creek, CA: Left Coast Press. 11–30.
- Chapman, S. 2013. Grice, conversational implicature and philosophy. In *Perspectives on pragmatics and philosophy*. A. Capone, F.L. Piparo, & M. Carapezza, Eds. Switzerland: Springer Science & Business Media. 153–188.
- Chernov, G. 2004. *Inference and anticipation in simultaneous interpreting. A probability-prediction model*. V. 57. (Benjamins Translation Library, EST Subseries No. 2). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Chesterman, A. 2000. Teaching strategies for emancipatory translation. In *Developing translation competence*. C. Schäffner & B. Adab, Eds. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 77–90.

Chesterman, A. 2011. Reflection on the literal translation hypothesis. In *Methods and strategies of process research*. V. 94. C. Alvstad, A. Hild, & E. Tiselius, Eds. (Benjamins Translation Library, EST Subseries). Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company. 23–35.

Chesterman, A. 2017. *Reflections on translation theory. Selected papers 1993-2014*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

Cifuentes-Férez, P. & Fennolar-Cortéz, J. 2017. On the impact of self-esteem, emotion regulation and emotional expressivity on student translators' performance. *Vigo International Journal of Applied Linguistics*. 14:71–98.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. 2011. *Research methods in education*. 7th ed. Routledge.

Creswell, J.W. 2014. *Research design. Qualitative, quantitative and mixed methods approaches*. 4th ed. Los Angeles: Sage Publications.

Darwish, A. 1999. *Towards a theory of constraints in translation*. Work in progress, Document Status: Draft Version 0. ed. Available: <https://www.google.com/search?sclient=psy-ab&client=firefox-b&q=Darwish+A++1998>.

Darwish, A. 2008. *Optimality in translation*. Writescop Publishers.

De Groot, A. 2000. A complex-skill approach to translation and interpreting. In *Tapping and mapping the processes of translation and interpreting*. V. 37. S. Tirkkonen-Condit & R. Jääskeläinen, Eds. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 53–70.

Denzin, N.K. 1997. *Interpretive ethnography: ethnographic practices for the 21st century*. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

Donovan, R. 2012. Decision-making and disambiguation in Japanese to English literary translation: An application of game theory. *The JAFOR Journal of Arts and Humanities*. 1(1):59–81.

Ellis, C., Adams, T. & Bochner, A. 2010. Autoethnography: An overview. *Forum Qualitative Social Research*. 12(1).

- Elnaili, S. 2016. Investigating domestication and foreignization strategies in translating Sinbad of the Arabian Nights. *Arab World English Journal*. 5(May):21–32.
- Eraković, B. 2013. The role of translation diaries in the acquisition of theoretical translation concepts at the beginner level. *Professional Communication and Translation Studies*. 6(1–2):149–156.
- Evans, J., Over, D. & Handley, S. 2003. A theory of hypothetical thinking. In *Thinking: psychological perspectives on reasoning, judgment, and decision making*. D. Hardman & L. Macchi, Eds. Hoboken, NJ: Wiley. 3–22.
- Fetterman, D. 1998. Ethnography. In *Handbook of applied social research methods*. L. Bickman & D. Rog, Eds. Thousand Oaks, CA: Sage Publications. 773–504.
- Five Graces Group. 2009. Language is a complex adaptive system: Position paper. In *Language as a complex adaptive system*. 60th Anniversary Special Issue. N. Ellis & D. Larsen-Freeman, Eds. Language Learning Research Club. 1–26.
- Folger, R. & Stein, C. 2017. Abduction 101: Reasoning processes to aid discovery. *Human Resource Management Review*. 27(2):306–315. DOI: 10.1016/j.hrmr.2016.08.007.
- Gerzymisch-Arbogast, H. 2005. Introducing multidimensional translation. In *Challenges of multidimensional translation*. H. Gerzymisch-Arbogast, & S. Nauert, Eds. Proceedings, EU High Level Scientific Conference Series. Advanced Translation Research Centre (ATRC). 1–15.
- Ghafarian, M., Kafipour, R. & Soori, A. 2016. Domestication and foreignisation strategies in restaurant menu translation. *Pertanika Journal of Social Sciences & Humanities*. 24(4).
- Gile, D. 2002. Conference interpreting as a cognitive management problem. In *The interpreting studies reader*. F. Pöchhacker & M. Shlesinger, Eds. London: Routledge. 164–176.
- Gile, D. 2008. *Hypotheses and research questions in empirical research*. Available: <http://www.est->

translationstudies.org/resources/research_issues/hypothandresquest.htm [2017, September 23].

Gile, D. 2009. *Basic concepts and models for interpreter and translator training*. Revised ed. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

Gorlée, D. 1994. *Semiotics and the problem of translation. With special reference to the semiotics of Charles S Peirce*. Amsterdam: Rodopi.

Gottlieb, H. 2005. Multidimensional translation: Semantics turned semiotics. In *Challenges of multidimensional translation*. H. Gerzymisch-Arbogast, & S. Nauert, Eds. Proceedings, EU High Level Scientific Conference Series. Advanced Translation Research Centre (ATRC) 33–61.

Grice, H. 1975. Logic and conversation. In *Syntax and semantics*. V. 3: Speech acts. P. Cole & J. Morgan, Eds. New York: Academic Press. 41–58.

Han, B.O. 2012. The simplicity of the complexity on the translation of specialised texts. *Studia Universitatis Petru Maior-Philologia*. (13):303–307.

Hardman, D. & Macchi, L. 2003. Introduction. In *Thinking. Psychological perspectives on reasoning, judgment and decision making*. D. Hardman & L. Macchi, Eds. Chichester, England: John Wiley & Sons. xi–xv.

Harris, H. 2011. Inquisitiveness and abduction, Charles Peirce and moral imagination. *Business and Professional Ethics Journal*. 30(3/4):293–305. DOI: 10.5840/bpej2011303/414.

Henderson, J. 1984. Language performance, context and the personality of the interpreter. In *Oral skills in the modern languages degree*. G. Doble & B. Griffiths, Eds. University of Bradford, Bradford. 3–6.

Hennink, M., Hutter, I. & Bailey, A. 2011. *Qualitative research methods*. Los Angeles: Sage Publications.

Hetherington, L. 2012. "Walking the line between structure and freedom". A case study of teachers' responses to curriculum change using complexity theory. PhD Thesis. University of Exeter.

Hild, A. 2011. Effects of linguistic complexity on expert processing during simultaneous interpreting. In *Methods and strategies of process research*. V. 94. C. Alvstad, A. Hild, & E. Tiselius, Eds. (Benjamins Translation Library, EST Subseries). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 249–267.

Hokkanen, S. 2017. Analyzing personal embodied experiences: Autoethnography, feelings, and fieldwork. *Translation & Interpreting*. 9(1):24–35.

Holland, J.H. 1992. Complex adaptive systems. *Daedalus*. 121(1):17–30.

Holmes, J.S. 1972. *The name and nature of translation studies* (expanded version). V. 2. Copenhagen: Translation Studies Section, Department of General Literary Studies, University of Amsterdam. 67–80.

Horn-Helf, B. 2005. Visualised information in multilingual translations. In *Challenges of multidimensional translation*. H. Gerzymisch-Arbogast, & S. Nauert, Eds. Proceedings, EU High Level Scientific Conference Series. Advanced Translation Research Centre (ATRC). 99–112.

House, J. 2000. Linguistic relativity and translation. In *Explorations in linguistic relativity*. M. Pütz & M. Verspoor, Eds. (Current Issues in Linguistic Theory No. 199). Amsterdam: John Benjamins Publishing. 69–88.

House, J. 2015. *Translation as communication across languages and cultures*. Routledge.

Hubscher-Davidson, S.E. 2009. Personal diversity and diverse personalities in translation: a study of individual differences. *Perspectives*. 17(3):175–192. DOI: 10.1080/09076760903249380.

- Ilyas, A. 1994. Knowledge. In *Language, discourse, and translation in the West and Middle East*. R. De Beaugrande, A. Shunnaq, & M.H. Heliel, Eds. (Benjamins Translation Library No. 7). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 46–53.
- Izquierdo, I.G. 2000. The concept of text type and its relevance to translator training. *Target. International Journal of Translation Studies*. 12(2):283–295.
- Jakobson, R. 1959. On linguistic aspects of translation. *On Translation*. 3:232–239.
- Kager, R. 1999. *Optimality theory*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Katan, D. 2004. *Translating cultures: An introduction for translators, interpreters and mediators*. 2nd ed. Manchester: St Jerome Publishing.
- Kirchhoff. 2002. Simultaneous interpreting: Interdependence of variables in the interpreting process, interpreting models and interpreting strategies. In *The interpreting studies reader*. F. Pöchhacker & M. Shlesinger, Eds. Translated by David Sawyer. London: Routledge. 110–119.
- Kramsch, C. 2012. Why is everyone so excited about complexity theory in applied linguistics? *Mélanges CRAPEL*. 33:10–24.
- Künzli, A. 2004. Risk taking: trainee translators vs professional translators A case study. *The Journal of Specialised Translation*. (1).
- Künzli, A. & Ehrensberger-Dow, I. 2011. Innovative subtitling. A reception study. In *Methods and strategies of process research*. V. 94. C. Alvstad, A. Hild, & E. Tiselius, Eds. (Benjamins Translation Library, EST Subseries). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 187–200.
- Labuschagne, F. & Eksteen, L. Eds. 2010. *Verklarende Afrikaanse woordeboek. Negende uitgawe*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.
- Larsen-Freeman, D. & Cameron, L. 2008. *Complex systems and applied linguistics*. Oxford: Oxford University Press.
- Lederer, M. 2003. *The interpretive model*. Manchester: St Jerome Publishing.

Levý, J. 2004. Vertalen als besluitvormingsproces. In *Denken over vertalen. Teksboek vertaalwetenschap*. T. Naaijks, C. Koster, H. Bloemen, & C. Meijer, Eds. Vantilt. 135–147.

Lunceford, B. 2015. Rhetorical autoethnography. *Journal of Contemporary Rhetoric*. 5(1/2):1–20.

Mansell, R. 2005. Optimality in translation. *New Research in Translation and Interpreting Studies*. Available: <http://citeseerx.ist.psu.edu/viewdoc/download?doi=10.1.1.104.6992&rep=rep1&type=pdf> [2016, June 02].

Marais, J. 2008. Teaching for knowledge or competence? Translator education at institutions of higher education. *Journal for Language Teaching*. 42(1):118–136.

Marais, J. 2009. Wisdom and narrative: Dealing with complexity and judgement in translator education. *Acta Theological Supplementum*. 12:217–223.

Marais, K. 2013. Complexity theory, emergence, and translation: educating translators as agents of human interaction in a complex society. *Sino-US English Teaching*. 10(9):725–735.

Marais, K. 2014. *Translation theory and development studies. A complexity theory approach*. (Routledge Advances in Translation Studies). New York: Routledge.

Metin Tekin, B. & Isisag, K.U. 2017. Comparative analysis of translation strategies in the translation of songs in Walt Disney's animated musical movies, namely "Hercules" (1997) and "Frozen" (2013) into Turkish. *International Journal of Languages' Education*. 5(1):132–148. DOI: 10.18298/ijlet.1662.

Meylaerts, R. 2008. Translators and (their) norms: Towards a sociological construction of the individual. In *Beyond descriptive translation studies: Investigations in homage to Gideon Toury*. V. 75. A. Pym, M. Shlesinger, & D. Simeoni, Eds. (Benjamins Translation Library, EST Subseries). Amsterdam: Johan Benjamins Publishing Company. 91–102.

- Mohatlane, E. 2014. Optimality in Sesotho translation. *Journal of Social Sciences*. 39(2):149–158.
- Moindjie, M. 2016. The occurrence of voices in translation. *International Journal of Comparative Literature and Translation Studies*. 4(2):9–17. DOI: 10.7575/aiac.ijclts.v.4n.2p.9.
- Müller, M. & Feinauer, I. 2008. Die literêre vertaler as kulturele bemiddelaar. *Literator*. 29(2):125–147.
- Mullins, P. 2002. Peirce's abduction and Polanyi's tacit knowing. *Journal of Speculative Philosophy*. 16(3):198–224.
- Munday, J. 2012a. *Evaluation in translation. Critical points of translator decision-making*. London: Routledge.
- Munday, J. 2012b. *Introducing translation studies. Theories and applications*. 3rd ed. London: Routledge.
- Munková, D., Hodáková, S. & Welnitzová, K. 2014. Causal uncertainty and translation. *Studia Psychologica*. 56(3):221–232.
- Nature. s.a. Adding value through subediting. Available: www.nature.com/nature/authors/get_published/index.html.
- Neubert, A. & Shreve, G. 1992. *Translation as text*. (Translation Studies No. 1). Kent, OH: Kent State University Press.
- Newmark, P. 2004. Non-literary in the light of literary translation. *The Journal of Specialised Translation*. (1). Available: http://www.jostrans.org/issue01/art_newmark.php [2017, January 16].
- Nida, E. 1998. Translator's creativity versus sociolinguistic constraints. In *Translators' strategies and creativity*. V. 27. A. Beylard-Ozeroff, J. Kralova, & B. Moser-Mercer, Eds. Selected papers from the 9th International Conference on Translation and Interpreting, Prague, September 1995. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 127–136.

- Norberg, U. 2011. On cognitive processes during wordplay translation. Students translating adversarial humor. In *Methods and strategies of process research*. V. 94. C. Alvstad, A. Hild, & E. Tiselius, Eds. (Benjamins Translation Library, EST Subseries). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 219–229.
- Nord, C. 1991. *Text analysis in translation: Theory, methodology, and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. 2nd ed. Amsterdam: Rodopi.
- Nord, C. 1997. *Translating as a purposeful activity: Functionalist approaches explained*. London: Routledge.
- Nord, C. 2010. Functionalist approaches. In *Handbook of translation studies*. Y. Gambier & L. Van Doorslaer, Eds. Amsterdam: Johan Benjamins Publishing Company. 120–128.
- Obler, L. 2012. Conference interpreting as extreme language use. *International Journal of Bilingualism*. 16(2):177–182.
- O'Hagan, M. 2005. Multidimensional translation: A game plan for audiovisual translation in the age of GILT. In *Challenges of multidimensional translation*. S H. Gerzymisch-Arbogast, & S. Nauert, Eds. Proceedings, EU High Level Scientific Conference Series. Advanced Translation Research Centre (ATRC). 76–87.
- Osborne, M.J. 2004. *An introduction to game theory*. V. 3. (No. 3). New York: Oxford University Press.
- PACTE Group. 2003. Building a translation competence model. In *Triangulating translation: Perspectives in process oriented research*. F. Alves, Ed. Amsterdam: John Benjamins Publishing. 43–68.
- PACTE Group. 2011. Results of the validation of the PACTE translation competence model. Translation problems and translation competence. In *Methods and strategies of process research*. V. 94. C. Alvstad, A. Hild, & E. Tiselius, Eds. (Benjamins Translation Library, EST Subseries). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 317–343.
- Pedersen, J. 2005. How is culture rendered in subtitles? In *Challenges of Multidimensional Translation*. H. Gerzymisch-Arbogast, & S. Nauert, Eds. Proceedings,

EU High Level Scientific Conference Series. Advanced Translation Research Centre (ATRC). 113–130.

Pei, D. 2010. The subjectivity of the translator and socio-cultural norms. *English Language Teaching*. 3(3):29–34.

Pereira, J.G., Ekel, P.Y., Palhares, R.M. & Parreiras, R.O. 2015. On multicriteria decision making under conditions of uncertainty. *Information Sciences*. 324:44–59. DOI: 10.1016/j.ins.2015.06.013.

Pöchhacker, F. 2004. *Introducing interpreting studies*. London: Routledge.

Polat, N. 2005. Cultural leeways and discourses in narrative texts. In *Challenges of multidimensional translation*. H. Gerzymisch-Arbogast, & S. Nauert, Eds. Proceedings, EU High Level Scientific Conference Series. Advanced Translation Research Centre (ATRC). 139–148.

Pütz, M. & Verspoor, M. 2000. Introduction. In *Explorations in linguistic relativity*. M. Pütz & M. Verspoor, Eds. (Current Issues in Linguistic Theory No. 199). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. ix–xvi.

Pym, A. 1993. *Epistemological problems in translation and its teaching: a seminar for thinking students*. Caminade.

Pym, A. 2010. *Exploring translation theories*. London: Routledge.

Pym, A. 2015. Translating as risk management. *Journal of Pragmatics*. 85:67–80. DOI: 10.1016/j.pragma.2015.06.010.

Reed-Danahay, D. 1997. Introduction. In *Auto/Ethnography. Rewriting the self and the social*. D. Reed-Danahay, Ed. Oxford: Berg. 1–17.

Riccardi, A. 1998. Interpreting strategies and creativity. In *Translators' strategies and creativity*. A. Beylard-Ozeroff, J. Kralova, & B. Moser-Mercer, Eds. Selected papers from the 9th International Conference on Translation and Interpreting, Prague, September 1995. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 171–179.

- Roberts, M. & Newton, D. 2003. Individual differences in the development of reasoning strategies. In *Thinking: Psychological perspectives on reasoning, judgment, and decision making*. D. Hardman & L. Macchi, Eds. Hoboken, NJ: Wiley. 23–44.
- Robinson, D. 2003. *Becoming a translator: An introduction to the theory and practice of translation*. 2nd ed. London: Routledge.
- Robinson, D. 2015. *The Dao of translation. An east-west dialogue*. (Routledge Advances in Translation Studies No. 8). London: Routledge.
- Rojó, A. 2015. Translation meets cognitive science: The imprint of translation on cognitive processing. *Multilingua*. 34(6):721–746. DOI: 10.1515/multi-2014-0066.
- Rosiers, A. & Eyckmans, J. 2017. Investigating tolerance of ambiguity in novice and expert translators and interpreters: An exploratory study. *The International Journal for Translation & Interpreting Research*. 9(2):52–66.
- Saldanha, G. & O'Brien, S. 2013. *Research methodologies in translation studies*. London: Routledge.
- Sandrini, P. 2005. Website localization and translation. In *Challenges of multidimensional translation*. H. Gerzymisch-Arbogast, & S. Nauert, Eds. Proceedings, EU High Level Scientific Conference Series. Advanced Translation Research Centre (ATRC). 131–138.
- Sauter, V.L. 1999. Intuitive decision-making. *Communications of the ACM*. 42(6):109–115.
- Schwenke, T. 2015. Sign language interpreters and burnout: Exploring perfectionism and coping. *Journal of the American Deafness and Rehabilitation Association*. 49(2):121–143.
- Scott, D. 2000. *Realism and educational research: new perspectives and possibilities*. (Social Research and Educational Studies Series No. 21). Routledge.
- Séguinot, C. 2000. Management issues in the translation process. In *Tapping and mapping the processes of translation and interpreting. Outlooks on empirical research*. S. Tirkkonen-Condit & R. Jääskeläinen, Eds. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 143–148.

- Short, N., Turner, L. & Grant, A. 2013. Introduction: Storying life and lives. In *Contemporary British autoethnography*. N. Short, L. Turner, & A. Grant, Eds. Rotterdam: Sense Publishers. 1–16.
- Shreve, G., Lacruz, I. & Angelone, E. 2011. Sight translation and speech disfluency. Performative analysis as a window to cognitive translation processes. In *Methods and strategies of process research*. V. 94. C. Alvstad, A. Hild, & E. Tiselius, Eds. (Benjamins Translation Library, EST Subseries). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 93–120.
- Snell-Hornby, M. 2006. *The turns of translation studies. New paradigms or shifting viewpoints?* Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Sperber, D. & Wilson, D. 1995. *Relevance. Communication and cognition*. 2nd ed. Malden, MA: Blackwell.
- Sperber, D. & Wilson, D. 2012a. Pragmatics, modularity and mindreading. In *Meaning and relevance*. D. Wilson & D. Sperber, Eds. Cambridge: University Press. 261–278.
- Sperber, D. & Wilson, D. 2012b. Introduction: pragmatics. In *Meaning and relevance*. D. Wilson & D. Sperber, Eds. Cambridge: University Press. 1–28.
- Steinberger, R., Ebrahim, M., Poulis, A., Carrasco-Benitez, M., Schlüter, P., Przybyszewski, M. & Gilbro, S. 2014. An overview of the European Union's highly multilingual parallel corpora. *Language Resources and Evaluation*. 48(4):679–707.
- Stevenson, A. Ed. 2010. *Oxford dictionary of English*. 3rd ed. Oxford: Oxford University Press.
- Sun, Y. 2014. Cross-cultural translation: Attitudes, feelings and affective interactions. *Neohelicon*. 41(1):275–292. DOI: 10.1007/s11059-013-0225-6.
- Tardzenyuy, N. 2016. Revisiting translation strategies and techniques. *International Journal of Comparative Literature and Translation Studies*. 4(4):48–56. DOI: 10.7575/aiac.ijclts.v.4n.4p.48.

- Thoma, C. 2004. *Combining functional linguistics and Skopos theory. A case study of Greek Cypriot and British folktales*. V. 295. (European University Studies No. XXI Linguistics). Frankfurt: Peter Lang.
- Thompson, B. 2016. Deductively valid, inductively valid, and retroductively valid syllogisms. *Transactions of the Charles S. Peirce Society*. 52(4):611–632. DOI: 10.2979/trancharpeirsoc.52.4.05.
- Thunes, M. 2011. Complexity in translation. An English-Norwegian study of two text types. PhD Dissertation. University of Bergen.
- Tirkkonen-Condit, S. 2000. Uncertainty in the translation process. In *Tapping and mapping the processes of translation and interpreting. Outlooks on empirical research*. S. Tirkkonen-Condit & R. Jääskeläinen, Eds. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 123–142.
- Tiselius, E. & Jensen, G. 2011. Process and product in simultaneous interpreting. What they tell us about experience and expertise. In *Methods and strategies of process research*. V. 94. C. Alvstad, A. Hild, & E. Tiselius, Eds. (Benjamins Translation Library, EST Subseries). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 269–300.
- Torop, P. 1997. The position of translation in translation studies. In *Translation - Acquisition - Use*. V. 55. A. Mauranen & T. Puurtinen, Eds. (l'Association Finlandaise de Linguistique Appliquée Yearbook). Jyväskylä, Finlande: AFinLa. 23–41. Available: <http://ojs.tsv.fi/index.php/afinlavk/article/view/59774/20786> [2017, January 25].
- Toury, G. 1995. *Descriptive translation studies - and beyond*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Tschaepe, M. 2014. Guessing and abduction. *Transactions of the Charles S. Peirce Society*. 50(1):115–138.
- Tymoczko, M. 2014. *Enlarging translation, empowering translators*. London: Routledge.
- Van de Poel, K., Carstens, W. & Linnegar, J. 2012. *Text editing. A handbook for students and practitioners*. Brussels: Uitgeverij UPA.

- Vandepitte, S. & Hartsuiker, R. 2011. Metonymic language use as a student translation problem. Towards a controlled psycholinguistic investigation. In *Methods and strategies of process research*. V. 94. C. Alvstad, A. Hild, & E. Tiselius, Eds. (Benjamins Translation Library, EST Subseries). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 67–92.
- Varela, F. 1998. Textual constraints and the translator's creativity in dubbing. In *Translators' strategies and creativity*. V. 27. A. Beylard-Ozeroff, J. Kralova, & B. Moser-Mercer, Eds. Selected papers from the 9th International Conference on Translation and Interpreting, Prague, September 1995. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 15–22.
- Varzande, M. & Jadidi, E. 2015. The effect of translators' emotional intelligence on their translation quality. *English Language Teaching*. 8(8):104–111.
- Vdovina, A. & Fomin, A. 2015. Gender aspects in literary translation (as exemplified in O. Wilde's tales translation). *Kemerovo State University Bulletin*. 2(3):145–148.
- Vik-Tuovinen, G.-V. 2011. Developing professional thinking and acting within the field of interpreting. In *Methods and strategies of process research*. V. 94. C. Alvstad, A. Hild, & E. Tiselius, Eds. (Benjamins Translation Library, EST Subseries). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 301–315.
- Way, C. 2016. The challenges and opportunities of legal translation and translator training in the 21st century. *International Journal of Communication*. 10(2016):1009–1029.
- Williams, J. & Chesterman, A. 2002. *The map. A beginner's guide to doing research in translation studies*. Manchester: St Jerome Publishing.
- Wilss, W. 1996. *Knowledge and skills in translation behavior*. V. 15. (Benjamins Translation Library). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Wolf, M. 2014. The sociology of translation and its "activist turn". In *The sociological turn in translation and interpreting studies*. C. Angelelli, Ed. (Benjamins Current Topics No. 66). Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 7–21.

Wotjak, G. 1997. Problem solving strategies in translation. *Ilha do Desterro. A Journal of English Language, Literatures in English and Cultural Studies*. (33):99–114.

Zapico, A. & Godo, L. 2005. Contributions to the development of possibilistic decision theory. In *Procesos de Toma de Decisiones, Modelado y Agregación de Preferencias*. E. Herrera-Viedma, Ed. 31–40. Available: <https://pdfs.semanticscholar.org/644b/8ed7d17c41929fffe72064864de30bd39302.pdf> [2017, September 06].

Zhong, Y. 2005. The second best thing. Game planning for a mission impossible or just for enjoying the process of work. *Across Languages and Cultures*. 6(1):95–111.